

**DIE FINANSIERING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE
UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK**

DIE FINANSIERING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK

C.J.H. Lessing

Verhandeling voorgelê ter voldoening aan die
vereistes vir die graad M.A. (Bibl.) aan die
Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.
onder leiding van prof. H.C. van Rooy

**Potchefstroom
1970**

Inhoud

1.	Inleiding	1
2	Die plek van die biblioteek aan die universiteit	5
2.1	Die universiteit	5
2.2	Die funksies van die universiteit	7
2.3	Die funksies van die universiteitsbiblioteek	11
3	Vereistes vir 'n doeltreffende universiteitsbiblioteek	16
4	Die ontwikkeling en die huidige stand van die universiteits- biblioteek in Suid-Afrika	22
4.2	Die ontwikkeling van die universiteitsbiblioteek tot 1952	23
4.3	Die huidige stand van biblioteekvoorsiening en -dienste	31
4.3.1	Studiemateriaal	31
4.3.2	Personeelvoorsiening	41
4.3.3	Biblioteekgebruik	46
5	Faktore wat die finansiering van die universiteitsbiblioteek beïnvloed	52
5.1	Omvang van die studie en navorsingsprogram van die universiteit	53
5.2	Die aard van doseer- en navorsingswerk van die univer- siteit	53
5.3	Studie- en doseermetodes aan die universiteit	56
5.4	Die mate waarin die universiteitsbiblioteek voorsien is	57
5.5	Studentetalle	59

5.6	Personeelvoorsiening	61
5.7	Die mate waarin die biblioteek gedentraliseer is	62
5.8	Organisasie van die biblioteek	62
5.9	Styging in boekproduksie	63
5.10	Styging in die prys van studiemateriaal	67
5.11	Ander faktore	78
6	Subsidiëring van die Suid-Afrikaanse universiteits-biblioteek	79
6.3	Subsidiëring van universiteitsbiblioteke voor 1953	88
6.4	Die Holloway-subsidieformule	91
6.5	Die hersiene Holloway-formule, 1959 tot 1963	103
6.6	Die Cilliers-hersiening van die Holloway-formule, 1964 tot 1968	112
7	'n Moontlike nuwe basis vir die berekening van biblioteek-subsidie	122
7.1	Kritiese bespreking van die Holloway-formule	122
7.2	Probleme in verband met die vasstelling van benodigde fondse vir biblioteekbehoefte	136
7.3	'n Moontlike nuwe basis vir die berekening van biblioteek-subsidie	141
8	Bylaes	151

Tabelle

1	Totale voorraad studiemateriaal op 31 Desember 1966	32
2	Gemiddelde getal boeke per student, 1966	34
3	Vermeerdering boekevoorraad, 1962 - 1966	37
4	Tydskrifte en vervolgpublikasies lopend ontvang	40
5	Biblioteekpersoneel, 1953 - 1968	43
6	Personeelvoorsiening in sewentien Amerikaanse universiteitsbiblioteke, 1966	43
7	Verhouding biblioteekpersoneel tot studentetalle, 1953, 1958, 1963 en 1968	45
8	Geregistreerde lede van die biblioteek, 1962 - 1966	46
9	Uitlenings per subsidiestudent, 1962 - 1966	49
10	Uitgawes per student, 1951 - 1952	90
11	Uitgawes en subsidie per student 1951/52 en 1953	97
12	Totale biblioteeksubsidie en -uitgawe, 1953 - 1958	100
13	Gemiddelde biblioteeksubsidie en -uitgawe per jaar per subsidiestudent, 1953 - 1958	101
14	Totale biblioteeksubsidie en -uitgawe, 1959 - 1963	108
15	Gemiddelde biblioteeksubsidie en -uitgawe per jaar per subsidiestudent, 1959 - 1963	109
16	Totale biblioteeksubsidie en -uitgawe, 1964 - 1968	115
17	Gemiddelde biblioteeksubsidie en -uitgawe per jaar per subsidiestudent, 1964 - 1968	115
18	Biblioteekuitgawes bo subsidiebedrae as persentasie van totale universiteitsuitgawes, 1953 - 1968	117

19	Biblioteeksubsidie, 1953 - 1968	118
20	Biblioteekuitgawes bo subsidiebedrae, 1953 - 1968	119
21	Basiese subsidie en standaardvoorsiening vir biblioteekdoel- eindes, 1968	123
22	Totale biblioteeksubsidie en -uitgawe, 1953 - 1968	124
23	Gemiddelde jaarlikse biblioteeksubsidie en -uitgawe per subsidiestudent, 1953 - 1968	125
24	Ontleding van biblioteekuitgawe, 1953 - 1968	133
25	Invloed van die styging van boekproduksie en boekpryse op die subsidiebedrag, 1953 - 1968	134
26	Biblioteekuitgawe as persentasie van universiteitsuitgawes	138

Figure

I. Boeke per subsidiestudent, 1962 - 1966	35
II. Boeke per dosent, 1962 - 1966	35
III. Vermeerdering in studiemateriaal, 1961 - 1966 (Suid-Afrikaanse Universiteitsbiblioteke)	37
IV. Biblioteekgebruikers, (Studente) 1962 - 1966	47
V. Uitlenings: boeke per subsidiestudent, 1962 - 1966	48
VI. Uitlenings: boeke per dosent, 1962 - 1966	50
VII. Boekproduksie, 1950 - 1966	66
VIII. Wes-Duitse boekpryse, 1957/59 - 1966	71
IX. Amerikaanse boekpryse, 1947 - 1968	72
X. Amerikaanse tydskrifpryse, 1947 - 1968	73
XI. Boek- en tydskrifpryse, 1947/49 - 1967 (Amerikaans)	75
XII. Pryse van biblioteekmateriaal in die V.S.A., 1957 - 1967	76
XIII. Pryse van biblioteekmateriaal in die V.S.A., 1947 - 1967	77

Bylaes

- 1 SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEKVERENIGING. Memorandum insake Universiteitsbiblioteke ter inligting van die Kommissie van Onderzoek na Universiteitsfinansies, 1951. 153
- 2 PITT, S.A. Memorandum. Libraries in the Union of South Africa, Rhodesia and Kenya Colony. New York, Carnegie Corporation, 1929. p. 9 - 15; 22 - 24. 179
- 3 Studiemateriaal, 1961 - 1966 189
- 4 Vermeerdering in studiemateriaal, 1961 - 1966 191
- 5 Voorraad studiemateriaal in universiteitsbiblioteke in toonaangewende westerse lande, 1966 193
- 6 Vermeerdering van studiemateriaal in sewentien Amerikaanse universiteite, 1965 - 1966 199
- 7 Biblioteekpersoneel, 1950 - 1968 201
- 8 Biblioteekgebruikers, 1962 - 1968 203
- 9 Studente (voltyds, deelyds en geleentheidstudente), 1949 - 1968 205
- 10 Studente (voorgaads en nagraads), 1951 - 1968 207
- 11 Studente, 1950 - 1968 211
- 12 Dosente, 1950 - 1968 213
- 13 Studente en dosente, 1950 - 1968 215
- 14 Uitlening, 1962 - 1966 217
- 15 Boekproduksie, 1950 - 1966 219
- 16 Gemiddelde boekpryse in Groot Brittanje 221
- 17 Indeks van Wes-Duitse boekpryse, 1957/59 - 1966 229

18	Indeks van Amerikaanse boekpryse, 1961 - 1968	231
19	Indeks van Amerikaanse tydskrifpryse, 1961 - 1968	233
20	Gemiddelde Britse tydskrifpryse	235
21.1	Finansiering universiteitsbiblioteek A, 1951 - 1968	241
21.2	Finansiering universiteitsbiblioteek B, 1951 - 1968	243
21.3	Finansiering universiteitsbiblioteek C, 1951 - 1968	245
21.4	Finansiering universiteitsbiblioteek D, 1951 - 1968	247
21.5	Finansiering universiteitsbiblioteek E, 1951 - 1968	249
21.6	Finansiering universiteitsbiblioteek F, 1951 - 1968	251
21.7	Finansiering universiteitsbiblioteek G, 1951 - 1968	253
21.8	Finansiering universiteitsbiblioteek H, 1951 - 1968	255
22.1	Finansiering universiteite A tot D, 1951 - 1968	257
22.2	Finansiering universiteite E tot H, 1951 - 1968	259
22.3	Finansiering universiteite A tot H, 1951 - 1968	261
23	Finansiering universiteitsbiblioteke A tot H, 1951 - 1968	263

1 Inleiding

Universiteitsowerhede en hoofde van universiteitsbiblioteke oor die hele wêreld worstel met die probleem van voldoende finansiële voorsiening vir universiteitsbiblioteke. Gedurende die afgelope aantal dekades het die probleem besonder aktueel geword as gevolg van die beklemtoning van navorsing, die nuwere doseer- en studiemetodes, wat selfwerksaamheid by die student bevorder, en die groot toename in die aantal wetenskaplike publikasies wat jaarliks verskyn.

Dosente en studente het meer biblioteekbewus geword en die noodsaaklikheid van 'n goed toegeruste en 'n doeltreffende universiteitsbiblioteek al meer besef. Soos elders het universiteitsbibliotekarisse ook in Suid-Afrika talle memoranda aan universiteits- en regeringsowerhede gerig. Ondersoeke, waarna later in hierdie studie verwys word, het getoon dat universiteitsbiblioteke in die Republiek, in vergelyking met dié in ander ontwikkelde lande, swak uitgebou is en nie voldoende finansiële ondersteuning ontvang nie.

Wat is die oorsake van hierdie verskynsel, van die „onsimpatieke” houding wat soms by die owerhede teenoor die universiteitsbiblioteek aangetref word? Word die waarde en plek van die biblioteek in die navorsings- en opleidingsprogram aan die universiteit, sy onontbeerlikheid by wetenskapsbeoefening, nog nie ten volle besef nie? Is die finansiële

eise wat deur die universiteitsbiblioteek gestel word, altyd redelik, en hou dit rekening met die werklikheid? 'n Vraag wat universiteitsbibliotekarisse hulle self behoort af te vra, is of hulle hul biblioteke se behoeftes duidelik, logies, oortuigend en volledig genoeg stel om die owerhede, wat oor die toekennings moet beslis, die noodsaaklikheid van toereikende finansiële voorsiening vir biblioteekdoeleindes te laat besef.

In 'n poging om die biblioteek se rol by die oordra en ontginning van kennis aan die universiteit in die regte perspektief te plaas, word in hoofstuk 2 van hierdie studie 'n saaklike uiteensetting van die funksies van die biblioteek, soos dithertei kan word uit die wese en taak van die universiteit, gegee. Vervolgens word die vereistes wat aan die universiteitsbiblioteek vir bevredigende funksionering gestel word, kortliks geskets. Na 'n kort oorsig van die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke, word in hoofstuk 4 ondersoek ingestel na die huidige stand van ons biblioteekvoorsiening, om die leemtes ten opsigte van studiemateriaal en personeelvoorsiening te ontbloot.

Aangesien daar geen algemeen geldende norme vir die subsidiëring van universiteitsbiblioteke bestaan nie, word die verskillende faktore wat die finansiële behoeftes van die biblioteek beïnvloed, bespreek voordat die subsidiëring van die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteek behandel word.

Die studie spits hom veral toe op die finansiële voorsiening vir biblioteekdoeleindes aan die universiteite van staatsweë volgens die sogenaamde Holloway-formule gedurende die tydperk 1953 tot 1968. Die aanbevelings van die Adviserende Universiteitskomitee vir die tydperk 1969 tot 1973 kon ongelukkig nie bestudeer word nie aangesien die betrokke verslag nie beskikbaar gestel is nie. Die gegewens oor die subsidiebedrae en die uitgawe van die universiteitsbiblioteke lewer bewys dat die subsidieformule nie daarin geslaag het om voldoende finansiële middele vir die doeltreffende uitbouing van ons universiteitsbiblioteke te voorsien nie. Na 'n bespreking van die gebreke van die Holloway-formule, word in hoofstuk 7 gepoog om riglyne aan te dui vir 'n moontlike oplossing van die knellende probleem.

Vir die doel van hierdie studie word alleen die volgende agt blanke residensiële universiteite vir berekeningsdoeleindes in ag geneem: die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., die Universiteit Rhodes, die Universiteit van Kaapstad, die Universiteit van Natal, die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit van die Witwatersrand. Die Universiteit van Suid-Afrika, met sy eiesoortige probleme en behoeftes, is nie in hierdie studie in aanmerking geneem nie. Ook is die nuwe universiteite nie in hierdie studie ingesluit nie aangesien hulle behoeftes en probleme, as univer-

siteite wat pas gestig is en dus besig is om biblioteke van
dié grond af te bou, nie dieselfde is as dié van die meer ge-
vestigde universiteite nie.

2 Die plek van die biblioteek aan die universiteit

Om die taak van die universiteitsbiblioteek na behore te kan begryp en om sy behoeftes te bepaal, moet die plek van die biblioteek binne die raamwerk van die universiteit omlyn word.

2.1 Die universiteit

Die universiteit is 'n inrigting vir hoër onderwys. Hy funksioneer op die tersiêre, die hoogste vlak van die onderwysstelsel van 'n land. Prof. Ernest Barker het die universiteit gedefinieer as „an organized and degree-giving institution, intended for the study and advancement of higher branches of learning, self-governing in its nature, and, to a greater or less extent, national in its scope”,¹⁾ terwyl Bruce Truscot 'n universiteit definieer as „a corporation or society which devotes itself to a search after knowledge for the sake of its intrinsic value”.²⁾

1) KOTSCHING, W.M. en PRYS, E., The university in a changing world. London, Oxford Univ. Press, 1932. p. 85. (In Dongerkery, S.R. Universities and their problems. Bombay, Hind Kitabs, 1948. p. 1)

2) TRUSCOT, Bruce. Red brick university. London, Faber and Faber, 1945. p. 45. (In Dongerkery, S.R. Universities and their problems. Bombay, Hind Kitabs, 1948. p. 2)

Die Universiteitsinkorporasiewet, nr. 16 van 1873³⁾ verklaar dat die Suid-Afrikaanse universiteit noodsaaklik is vir die bevordering van geleerdheid – dus 'n instelling vir onderrig. In die Universiteitswet, nr. 12 van 1916, word die doel van die universiteit gestel as „voor het onderwysen, opleiden en examineren van studenten, het aanmoedigen van wetenschap-⁴⁾ pelik onderzoek en het bevorderen van kennis in Zuid-Afrika”.

In 1933 word die doel nog breër gestel deur die Adamson-kommissie wat ondersoek ingestel het na subsidies aan universiteite en kolleges. Hier word die hoof funksie van hoër onderwys soos volg geformuleer: „Uniwersiteite vorm 'n Reserwebank waarin die opgehoopde kultuurstof veilig bewaar, en waaruit uitgedeel word... Vir die nasionale welsyn is dit net so nodig om kultuur te ontwikkel en in stand te hou as om minerale en ander stoflike bate te ontwikkel en te bewaar ... Een van hulle vernaamste funksies is om die ekonomiese welsyn van die nasie te bevorder. Hulle moet in

3) KAAP DIE GOEIE HOOP. Kolonie. Wette. The University Incorporation Act, 1873. Act to establish and incorporate an University at the Cape of Good Hope. (In Kaap die Goeie Hoop. Kolonie. Wette, 1652-1886, v. 1. Cape Town, Richards, 1887. p. 871-76) Wet 16 van 1873.

4) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Wette. Universiteit van Suid-Afrika Wet, 1916. Wet tot verheffing en inlijving van de Universiteit van de Kaap de Goede Hoop en zekere andere instellingen tot en als een federale universiteit... (In Unie van Zuid-Afrika. Wetten. Cape Town, 1916. p. 187-214) Wet 12 van 1916.

alle geval die voorbereidende opleiding van sy toekomstige deskundiges in landbou, mynbou en ander industriële verrigtings en handel verskaf... Die oorspronklike en miskien mees fundamentele funksie van uniwersiteite is navorsingswerk... In die derde plaas is daar die opleiding van professionele persone en die toekomstige leiers van ons maatskaplike en politieke lewe".⁵⁾

2.2 Die funksies van die universiteit

Uit die wese van die universiteit kan sy funksies afgelei word. Prof. H.J. de Vleeschauwer stel dat die universiteit vir ses eeue lank hoofsaaklik die oordrag van kennis as funksie beoefen het.⁶⁾ Deur die ononderbroke oordrag van wetenskap en kennis aan opkomende geslagte is die bewaring en voortsetting van die geakkumuleerde kennis van die voorvaders verseker.

Hierdie oordrag van kennis, wat tans nog as een van die belangrike funksies van die universiteit beskou word, verg ook kritiese denke van student sowel as van dosent. Insig word

5) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Unie-Onderwys Dept. Komitee van Onderzoek insake Subsidies aan Uniwersiteite, Uniwersiteitskolleges en Tegniese Kolleges, 1933. Verslag, Pretoria, Staatsdrukker, 1934. (U.G. 8-1934) p. 4 - 5.

6) DE VLEESCHAUWER, H.J. The university library; its nature and function. Pretoria, University of South Africa, 1962. (Mousaion, 59-60) p. 11.

vereis om kennis oor te dra en om 'n logiese verband tussen die historiese oorsaak en gevolg in die wetenskap te lê. Die student moet leer om 'n onafhanklike begrip te vorm en om nie net alle oorgedraagde kennis op gesag te aanvaar nie. Veral die nuwere opvattinge ten opsigte van studie- en doseermetodes beklemtoon dat die dosent moet poog om die student te prikkel tot selfstudie en dat die student gedurig voor probleemsituasies geplaas moet word, sodat hy dit kan probeer oplos.

Teen ongeveer die middel van die negentiende eeu het die funksie van die universiteit 'n verandering ondergaan. Benewens die oordrag van kennis het die universiteit begin met navorsingswerk. „It now accepted as its future task par excellence the teaching of and the training in methods of investigation and of scientific criticism".⁷⁾ Vanaf die begin van die twintigste eeu beoefen die universiteit die funksies van bewaring en oordrag van kennis en die voorbereiding van jong mense vir die uitbreiding en bevordering van kennis, vir navorsing.

Burke omskryf navorsing volgens 'n definisie van Laurence Foster soos volg: „Research may be thought of as any

7) DE VLEESCHAUWER, H.J. The university library; its nature and function. Pretoria, University of South Africa, 1962. (Mousaion, 59-60) p. 15.

conscious, systematized, investigative effort which has for its purpose the increasing of knowledge, through discovery of tendencies, laws, principles, methodology, or means by which knowledge or methodology may be verified".⁸⁾

Veral sedert die Tweede Wêreldoorlog word die navorsings-funksie baie sterk beklemtoon en word groot bedrae geld vir navorsing deur dosente, gevorderde studente en ook deur spesiaal benoemde voltijdse navorsers beskikbaar gestel.

'n Verdere belangrike taak van die universiteit is om die jeug voor te berei vir die geleerde professies. Hierdie taak mag egter nie gesien word as professionele afrigting nie, en die professionele opleiding moet steeds op wetenskaplike grondslae berus. „Al die akademiese magte en geleenthede moet op die student inwerk om hom voor te berei vir die lewe en die weg waarlangs dit geskied is die bestudering van die wetenskap, veral daardie vertakking van die ensiklopedie wat die grondslag van sy bepaalde professie vorm".⁹⁾

Die sleutelposisie van die universiteit word soos volg in die

8) BURKE, J.E. The rising tide — research libraries. Stechert-Hafner book news, 18: 18-19, 1963.

9) POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS. Memorandum oor die universiteitswese in die Republiek van Suid-Afrika, voorgelê aan die Staatspresidents-kommissie van ondersoek na hierdie vraagstuk. Potchefstroom, 1969. p. 5.

Verslag van die Cilliers-kommissie omskryf: „Daar sal deur almal toegegee word dat van al die institusionele vorms van hulp vir die instandhouding, verspreiding en bevordering van nasionale kultuur, in die breedste betekenis van die woord, die universiteit eerste, of liefs, heelbo geplaas moet word. Dit is die bron van alle kennis, die oue sowel as die nuwe, die hoof wat die liggaam regeer. Dit lei die onderwysers, predikante, politici, geneeshere, tandartse, prokureurs, rekenmeesters, ekonome, fisici, skeikundiges, geoloë, plantkundiges, ingenieurs en talle ander professionele mense op, wat die toonaangewende poste in ons moderne veelledige maatskappy beklee. Die krag, aard en die saamhorigheid van so 'n gemeenskap hang af van die kaliber van hierdie leiers op talle gebiede. Dit is een van die vernaamste funksies van die moderne universiteit om 'n gestadige vloei van sulke manne en vroue te lewer, genoeg vir, en toenemend na gelang van die toenemende behoeftes van 'n groeiende bevolking. Laat die universiteite kwyn, en die gemeenskap as 'n geheel sal die meeste daaronder ly, wat betref die gehalte sowel as die mate van diens wat hy van die leiers op alle gebiede sal kry - in die hede, en veral in die toekoms. Die student van vandag is die leier van môre".¹⁰⁾

10) UNIE VAN SUID-AFRIKA (Republiek) Komitee van Onderzoek na die Vyfjaarlikse Hersiening van Universitêre Subsidieformules. Verslag, 1964 - 1968. Pretoria, Staatsdrukker, 1963. Voorsitter: A.C. Cilliers. p. 141 - 2.

2.3 Die funksies van die universiteitsbiblioteek

Vir die uitvoer van sy funksies is die universiteit onder andere afhanklik van sy universiteitsbiblioteek, en wel in so 'n mate dat 'n universiteit sonder 'n biblioteek ondenkbaar is. Die biblioteek word dan ook dikwels die hart van die universiteit genoem. Die Holloway-kommissie omskryf die plek van die biblioteek soos volg: „Vir die onderrig- en navorsingsfunksies van 'n universiteit is 'n toereikende biblioteek 'n noodsaaklikheid. Die biblioteek kan as die kern van 'n universiteit beskou word, aangesien die ideaal is dat al die kennis en wysheid van die verlede wat op skrif gestel is, in die biblioteek gehuisves behoort te wees”.¹¹⁾

In sy Memorandum aan die Van Wyk de Vries-kommissie stel die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging die volgende: „Die universiteitsbiblioteek is die belangrikste enkele eenheid aan die universiteit verbonde wat as basiese opvoedkundige instrument dien vir alle studiedepartemente in die beoefening van hulle doseer- en navorsingstake”.¹²⁾

Die universiteitsbiblioteek moet daarop ingestel wees om die

11) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Kommissie van Onderzoek na Universiteitsfinansies en -salarisse. Verslag, 1951. 1953. Voorsitter: J. E. Holloway. p. 86 - 87.

12) SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEKVERENIGING. Memorandum insake universiteitsbiblioteke aan die Kommissie van Onderzoek na Universiteitswese. Potchefstroom, 1969. p. 3.

universiteit in staat te stel om sy funksies op die bes moontlike manier te verwesenlik, en daarom moet die biblioteek sy taakstelling uit die funksiebepaling van die universiteit herlei.

Deur die eeue heen was die universiteitsbiblioteek by uitnemendheid die inrigting waar die resultate van geleerdes en navorsers van alle tye se ondersoeking en navorsing, soos in skrif vasgelê, versamel en bewaar is. Die bewaringsfunksie ten opsigte van retrospektiewe en van belangrike werke wat daaglik gepubliseer word, geld vandag nog ewe sterk om die universiteit in staat te stel om sy onderrigs- en navorsingsfunksie uit te voer.

Die bewaringsfunksie hou vir die universiteit, veral ten opsigte van bergingsruimte, finansiële implikasies in. Aangesien die universiteitsbiblioteek in die eerste plek ingestel is op die bewaring van dokumentêre inligting, speel die uiterlike vorm van die materiaal nie 'n belangrike rol nie, en derhalwe behoort die moderne mikrobewaringsmetodes die aandag te geniet.

By die beoefening van die universiteit se onderrigsfunksie moet die biblioteek die noodsaaklike onderrigsmateriaal vir die oordra van kennis en vir die vorming van studente tot geleerdes en beroepsmense voorsien. Die rol van die biblioteek in die proses van oordrag van kennis word in 'n hoë mate bepaal deur die doseermetodes, wat selfs van univer-

siteit tot universiteit en van vak tot vak mag verskil. Die nuwere onderrigsmetodes, wat selfwerksaamheid van die kant van die studente beklemtoon, stel egter hoë eise aan die biblioteek. Dit vereis nie alleen dat die biblioteek voorsien moet wees van 'n verteenwoordigende versameling retrospektiewe en resente publikasies nie; die suksesvolle deurvoering van die onderrigsfunksie vereis ook doeltreffende ontsluiting van die inligting in die versamelings in die biblioteek vervat, waarvoor voldoende en goed opgeleide personeel onontbeerlik is.

By die navorsingsarbeid van die universiteit is die biblioteek nog onontbeerliker. Om te verseker dat die groot bedrae geld, wat vir navorsing bewillig word, en ook die tyd en kragte van navorsers so doelmatig moontlik aangewend word, moet navorsers op hoogte wees van die huidige stand van kennis en moet hulle te alle tye op hoogte gehou word van die jongste ontwikkelinge op hulle navorsingsterreine. Die biblioteek moet dien „as instrument by wetenskapsarbeid, en hy moet dokumentasie-materiaal (in die vorm van monografieë, tydskrifreekses, jaarboeke, handboeke, ensiklopedieë, verslae ens.) paraat hê, waarmee in die geesteswetenskappe feitlik alle, en in die natuurwetenskappe 'n groot gedeelte, van die navorsing geskied, en hy moet hierdie materiaal toeganklik maak deur 'n dokumentasieapparaat (in die vorm van kartoteke, lektuurlyste, bibliografieë, refe-

raatversamelinge en -joernale)".¹³⁾ De Vleeschauwer sê in dié verband van die universiteitsbiblioteek: „... it is also a centre where the open mind for research exists and which consciously takes an active part in all research".¹⁴⁾

Die biblioteek moet die universiteit verder ondersteun in die nastrewe van sy taak ten opsigte van die uitbouing van die kuns en die kultuur deur die nodige materiaal op hierdie terreine te versamel. Die biblioteek streef teweens daarna om die produkte in skriftelike neerslag van die wêreldkultuur vir die breëre vorming van die student beskikbaar te stel.

Die rol van die universiteitsbiblioteek word soos volg deur Burke kernagtig saamgevat: „The triple combination of professor, graduate student, and library is essential to the fulfillment of the total program of the college and university. In this respect it is the library that serves as the storehouse of the accomplishments of the past; it is the library also that functions as the active catalyst of ideas that strongly

13) SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEKVERENIGING. Memorandum insake universiteitsbiblioteke ter inligting van die Kommissie van Onderzoek na Universiteitsfinansies, 1951. p. 2.

14) DE VLEESCHAUWER, H.J. The university library; its nature and function. Pretoria, University of South Africa, 1962. (Mousalon, 59-60) p. 60.

influence teaching and creative work for the present and future".¹⁵⁾

In sy eerste verslag in 1921 het die Britse University Grants Committee die volgende oor die biblioteekvoorsiening en die rol van die biblioteek aan die universiteit gesê: „The character and efficiency of a university may be gauged by the treatment of its central organ, the Library. An adequate Library is not only the basis of all teaching and study; it is the essential condition of research without which additions cannot be made to the sum of human knowledge".¹⁶⁾

'n Toereikende universiteitsbiblioteek is die grootste enkele universele bate van enige universiteit. Die biblioteek dien nie slegs een of ander afdeling nie maar wel die hele universiteit - al sy departemente en fakulteite. Die biblioteek is onontbeerlik vir dosent, student en navorser. Opvattinge en metodes ten opsigte van onderrig mag van geslag tot geslag verander, dog elke geslag is op die biblioteek aangewys om sy doelstellings te verwesenlik.

15) BURKE, J. E. The rising tide - research libraries. Stechert-Hafner book news, 18: 19, 1963.

16) MEMORANDUM submitted to the Committee on Libraries of the University Grants Committee, by the librarians of the New Universities, D. Cox, a.o. 1964. p. 2.

3 Vereistes vir 'n doeltreffende universiteitsbiblioteek

Om sy funksies te kan verrig en daardeur 'n aktuele bate vir die universiteit te wees, moet die biblioteek aan sekere vereistes voldoen.

- 3.1 Dit behoort ruim voorsien te wees van retrospektiewe sowel as resente publikasies op al die terreine wat deur die studie- en navorsingsprogram van die universiteit gedek word, dit wil sê, daar moet 'n goed gebalanseerde studie- en navorsingsapparaat opgebou en in stand gehou word. Vir die inleiding van studente in die wetenskap, wat gewoonlik gedurende die voorgraadse studietydperk plaasvind, moet die biblioteek op die verskillende kennisterreine die nodige werke besit, waar nodig meerdere eksemplare van titels.

Studie op meer gevorderde of nagraadse vlak en navorsing stel besondere eise in dié verband. Daarvoor moet die biblioteek ruim voorsien wees van ontsluitingsmiddele, materiaal aan die hand waarvan studente onderrig moet word in metodes van navorsing, 'n verteenwoordigende versameling tydskrifte en die nodige bronnepublikasies. Burke som dit soos volg op: „There is, first of all, the basic information collection. Next, there is the working collection of materials that is adequate to support undergraduate courses. A third group contains

research materials that will meet the needs of graduate students in a specific subject. Fourthly, there is the comprehensive collection that exceeds the general research collection in depth and breadth. Finally, the research library endeavors to be exhaustive by collecting all available materials on a subject".¹⁾

- 3.2 Vir die stelselmatige uitbouing van die voorraad studiemateriaal en die organisering en ontsluiting daarvan, is 'n toereikende en doeltreffende personeel noodsaaklik. Die keuring van publikasies vir aankoop en die sistematiese uitbou van die versameling, die katalogisering en klassifikasie daarvan en ook die ontsluiting van die inligting in die versamelde literatuur vervat, stel hoë eise ten opsigte van akademiese onderlegdheid en professionele kennis en ervaring aan die personeel.

„Die biblioteek as die hart van die universiteit het vandag so 'n selfstandige eenheid geword en so gespesialiseerd dat slegs die wetenskaplik geskoolde bibliotekaris met 'n ewe wetenskaplike personeel dit kan behartig. Hier word alle akademiese werk saamgetrek: doserend sowel as navorsend".²⁾

- 1) BURKE, J.E. The rising tide — research libraries. Stechert-Hafner book news, 18: 19, 1963.
- 2) POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS. Memorandum oor die universiteitswese in die Republiek van Suid-Afrika, voorgelê aan die Staatspresidentskommissie van ondersoek na hierdie vraagstuk. Potchefstroom, 1969. p. 25.

Die belangrikheid en noodsaaklikheid van hierdie felt word nie altyd raakgesien nie, waarskynlik omdat die administratiewe en klerklike aspekte van biblioteekwerkzaamhede dikwels voorop gestel word. Hierdie aspekte is wel van groot belang en die aanvaarde beginsels vir doeltreffende organisasie en bestuur vereis dat bevoegde personeel daarvoor voorsien moet word. Dit moet egter nie met die professioneel-wetenskaplike werkzaamhede in die universiteitsbiblioteek verwar word nie. 'n Biblioteek mag oor 'n skat van materiaal beskik, maar as dit nie behoorlik georden en doeltreffend ontsluit word nie, is dit in 'n hoë mate 'n nuttelose instrument wat nie aan sy doel beantwoord nie.

Die vereistes vir die personeelvoorsiening aan 'n universiteitsbiblioteek is in die Memorandum van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging³⁾ kernagtig soos volg saamgevat: „[Dit] moet bedien word deur 'n personeel

- (i) wat toereikend is wat getal betref;
- (ii) wat behoorlik gebalanseerd is wat die verhouding van sy professionele en klerklike lede betref;
- (iii) waarvan die professionele lede die vereiste kwalifikasies besit;

3) SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEKVERENIGING. Memorandum insake Universiteitsbiblioteke ter inligting van die Kommissie van Onderzoek na Universiteitsfinansies, 1951. p. 3.

(iv) die gewenste akademiese status geniet en ook daarooreen-
komstig gesalarieer word".

3.3 As die universiteitsbiblioteek die beste dienste in belang van studie en navorsing aan die universiteit moet lewer, is dit ook noodsaaklik dat hy doeltreffend gehuisves moet wees in 'n funksioneel beplande gebou of geboue, wat voldoende ruimte bied vir die voorraad studie- en navorsingsmateriaal, vir die gebruik van materiaal deur dosente, studente en ander navorsers en vir die personeel wat die versameling moet uitbou, organiseer en ontsluit. Verder moet die biblioteek beskik oor die nodige meubels en uitrusting. Met die oog op die jongste ontwikkelinge moet daar ook voorsiening gemaak word vir die nodige fotografiese toerusting, mikroleesapparaat en meganiese hulpmiddele.

3.4 Uit die voorgaande paragrawe blyk dat die voorsiening en instandhouding van 'n doelmatige biblioteek vir elke universiteit ernstige finansiële implikasies inhou. Daar moet in die eerste plek voldoende geld voorsien word om die voorraad studiemateriaal wat vir die studie- en navorsingsbehoefte van die student, dosent en navorser essensieel is, in stand te hou en uit te bou ten opsigte van nuwe publikasies en vir die opvulling van leemtes, want „the funds provided for the support

of the library will in large measure determine the quality of library resources and services".⁴⁾

Nog groter bedrae geld word vereis vir die besoldiging van die benodigde bevoegde personeel, terwyl die voorsiening van doeltreffende huisvesting van die biblioteek swaar kapitale uitgawes meebring.

Vir die doel van hierdie studie is die lopende uitgawes, en wel die wat hoofsaaklik in verband staan met die uitbou van die versameling en die besoldiging van die personeel van belang. Die vasstelling van die grootte van die bedrag wat die universiteitsbiblioteek jaarliks benodig om hom in staat te stel om 'n doelmatige versameling uit te bou en doeltreffende diens te lewer is 'n probleem wat die aandag van bibliotekariese en universiteitsowerhede oor die hele wêreld geniet. Om die implikasies van die probleem ten volle te besef is dit nodig om meer in die besonder ondersoek in te stel na die faktore wat die finansiële behoeftes van die universiteitsbiblioteek beïnvloed soos in hoofstuk 5 gedoen word.

Alvorens die finansiering van die universiteitsbiblioteek behandel kan word, moet aandag geskenk word aan die ontwik-

4) STANDARDS for college libraries. American library and book trade annual, 1961. New York, Bowker, 1960. p. 118.

keling en huidige stand van die universiteitsbiblioteek in Suid-Afrika, soos verteenwoordig deur die biblioteke van die agt ouer residensiële universiteite wat in hoofstuk 1 aangedui word.

4 Ontwikkeling en die huidige stand van die universiteitsbiblioteek in Suid-Afrika

- 4.1 In vergelyking met universiteite in die ouer Westerse kultuurlande is die universiteite van Suid-Afrika baie jonk. Die eerste stap op die weg na die instelling van 'n hoër onderwysstelsel is in 1829 geneem met die stigting van die Zuid-Afrikaanse Kollege te Kaapstad. Tussen 1849 en 1864 is ses verdere kolleges, wat ook in 'n mate universitêre opleiding verskaf het, gestig. In 1873 is die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop as 'n eksaminerende liggaam ingestel. Gedurende die vyf-en-twintig jaar wat op die Hoër Onderwyswet van 1874 gevolg het, was daar 'n betreklike vinnige ontwikkeling op die gebied van hoër onderwys in Suid-Afrika. Die voorbereiding vir uniewording het egter hulp van owerheidsweë aan universiteite vertraag. Na uniewording in 1910 het die probleme van die universitêre inrigtings dikwels die aandag geniet soos later verder aangedui sal word. Die Universiteit van Kaapstad (waarby die Suid-Afrikaanse Kollege ingelyf is) en die Universiteit van Stellenbosch het in 1918 universitêre status ontvang en 'n federale universiteit, bekend as die Universiteit van Suid-Afrika, is gestig. Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop en ander kolleges is hierby ingelyf.

Gedurende die tydperk 1922 tot 1951 het die volgende konstituerende kolleges van die Universiteit van Suid-Afrika, selfstandige universiteite geword: die Universiteit van die Witwatersrand (1922), die Universiteit van Pretoria (1930), die Universiteit van Natal (1949), die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (1950), Universiteit Rhodes (1951) en die Potchefstroomse Universiteit vir C. H. O. (1951). Sedert 1952 is die Universiteit van Port Elizabeth en die Randse Afrikaanse Universiteit gestig sowel as vyfuniversiteitskolleges vir nie-blankes, wat tans in selfstandige universiteite ontwikkel.

4.2 Die ontwikkeling van die Universiteitsbiblioteek tot 1952

In die beginjare was daar bykans nie sprake van universiteitsbiblioteke nie aangesien die boekevoorraad baie swak was en die personeelvoorsiening veel te wense oorgelaat het. Die noodsaaklikheid van opgeleide bibliotekarisse is nie besef nie en die administrasie van die meeste biblioteke is deur die registrateurskantoor, of een van die professore wat as erebibliotekaris benoem was, behartig.

Die behoefte aan goed toegeruste en goed georganiseerde biblioteke is sedert 1911 dikwels in amptelike regeringsverslae gestel. In die Report of a Commission appointed to inquire into and report upon matters concerning Higher Education in the Union word reeds in 1911 gestel: „It should hardly be necessary to emphasize the importance to a

college of a well-equipped library. To the student of literature such a library is as essential as the laboratory to the student of science, while the best scientific literature of the day should be within easy access of the latter. If a library is to serve its purpose, it must not only be provided with standard works of reference, but additions should be regularly made in the form of well-selected periodicals, scientific journals, and other literature of this class. After a library has been well housed and initially equipped, there should be a sufficiently liberal annual expenditure to keep it well up to date, and it ought to be under the charge of some qualified persons who can devote sufficient time to the work".¹⁾

In die Jaarverslag van die Departement van Onderwys vir die tydperk tot Desember 1917 stel prof. Paulsen: „Is de gewilligheid om natuurwetenschappelik, medies en technies onderricht met die nodige uitrusting te verschaffen, vergezeld van een overeenkomstige gewilligheid om rechtvaardigheid te laten wedervaren aan de oneindig bescheidener vereisten voor onderricht in de verstandelike wetenschappen? Hier vormen bibliotheken de voornaamste basis van wetenschappelijke studie. Het kan nauweliks gezegd worden dat

1) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Commission upon Matters Concerning Higher Education in the Union. Report of a commission appointed to inquire into and report. Pretoria, Government Printing and Stationery Office, 1911. (U.G. 48-1911) Voorsitter: W. Thomson. Paragraaf 102, p. 24.

alle rechtvaardige klachten verwijderd zijn geworden... De universiteits biblioteken moesten volgens de teorie handelen, dat elke onvervulde aanvraag (voor het lenen van een boek) een verlies van verstandelike kracht voor het volk is. Op zijn minst verliest die persoon die aanvraagt tyd, maakt misschien twee of drie vruchteloze reizen naar die biblioteek, en word intussen vertraagd tot zijn erge nis, in wat een dringend stuk werk mag zijn. Of hij verliest die levende belangstelling die hij wellicht op dat tyd stip gehad heeft, en die teleurstelling veroorzaakt door zijn vruchteloze pogingen, doet hem in die toekomst gemakkeliker opgeven".²⁾

Die Sekretaris van Onderwys wys hier ook op die moontlikheid en noodsaaklikheid dat universiteite ook van groter stadsbiblioteke gebruik kan maak, aangesien dit, volgens hom, onmoontlik vir 'n biblioteek sal wees om 'n volledige versameling publikasies uit te bou. Op hierdie stadium is daar voorgestel om een sentrale biblioteek op te rig om in die behoeftes van al die kolleges van die Universiteit van Suid-Afrika te voorsien. Die biblioteek moes dan ook dien as opleidingsentrum vir Suid-Afrikaanse bibliotekarisse.

In verskeie van die Departement se volgende verslae is die uitbreiding op die gebied van die universiteitsbiblioteek geskets en die noodsaaklikheid van 'n goed toegeruste biblio-

2) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Onderwys, Dept. van. Verslag, 1917. Kaapstad, Cape Times, 1919. (U.G. 17-'19) p. 31.

teek en opgeleide personeel telkens beklemtoon.

Die Van der Horst-kommissie, wat in 1927 benoem is om ondersoek in te stel na die universiteitswese, stel in hulle Verslag, wat in 1928 verskyn het, onder meer die volgende: „Die Kommissie is van gevoele dat, met een uitstaande en miskien twee aanbevelingswaardige uitsonderings, die biblioteekfasiliteite van die bestaande inrigtings onvoldoende is. Van sommige inrigtings kan skaars gesê word dat hulle sulke fasiliteite besit, en een van die grootstes beskryf homself as , 'n Uniwersiteit sonder 'n biblioteek'. Hierdie beskrywing is nie heeltemal juis nie, maar die bewering openbaar 'n ernstige swakheid in ons uniwersitêre stelsel".³⁾

Die toestand in die verskillende biblioteke spreek duidelik uit die gegewens in tabel B4 van die Verslag vervat, wat op die volgende bladsy weergegee word.

In 1928 het die Carnegiekorporasie van New York in samenwerking met die Suid-Afrikaanse regering en Suid-Afrikaanse biblioteekowerhede mnre. S. A. Pitt en M. J. Ferguson, twee deskundiges op biblioteekgebied, na Suid-Afrika laat kom om 'n opname van die toestand van die biblioteekwese in die

3) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Uniwersiteitskommissie. Rapport. Pretoria, Goewermentsdrukkery, 1928. (U.G. 33-'28) Voor-sitter: J. G. P. van der Horst. Paragraaf 55, p. 17.

	Aantal boeke in biblioteek	Intekeninge op tyd- skrifte	Totale aantal tyd- skrifte in biblioteek	Sitplekke in biblioteek	Jaarlikse bedrag uitgegee op die biblioteek			
					Boeke		Personeel	
					£		£	
Uniwersiteit van Kaapstad	22,979	420	8,200	75	2360	18 10	592	- -
Uniwersiteit van Stellenbosch	32,420	296	6,000	-	1800	16 2	731	- -
Uniwersiteit van Witwatersrand	-	-	-	-	55	14 -	-	-
Grev Uniwersiteitskollege	8,800	70	-	-	-	-	91	13 4
Hugenoot Uniwersiteitskollege	5,281	30	-	30	130	5 2	-	-
Natale Uniwersiteitskollege	10,179	27	-	-	-	-	243	- -
Potchefstroomse Uniwersiteitskollege	3,042	21	-	-	219	0 5	48	- -
Rhodes Uniwersiteitskollege	15,782	55	-	50	207	19 4	150	- -
Transvaalse Uniwersiteitskollege	21,181	166	16,502	50	-	-	437	10 -

land te maak en om in samewerking met bibliotekarisse en ander instansies 'n plan van aksie op te stel vir die verbetering van biblioteektoestande.

Mnre. Pitt en Ferguson het onder andere 'n aantal universiteitsbiblioteke in Suid-Afrika besoek en hulle bevinding soos vervat in hulle verslae,^{4), 5)} toon dat die Suid-Afrikaanse

4) FERGUSON, M.J. Memorandum: Libraries in the Union of South Africa, Rhodesia and Kenya Colony. New York, Carnegie Corporation, 1929.

5) PITT, S.A. Memorandum: Libraries in the Union of South Africa, Rhodesia and Kenya Colony. New York, Carnegie Corporation, 1929.

universiteits- en kollegebiblioteke oor die algemeen swak gehuisves was en dat hulle voorrade studiemateriaal, die organisasie van die materiaal en hulle personeelvoorsiening besonder onbevredigend was. In bylae 2 word 'n uittreksel uit die verslag van mnr. Ferguson, wat hom veral op die universiteits- en kollegebiblioteke toegespits het, verstrekk.

Die besoek van mnre. Pitt en Ferguson het aanleiding gegee tot die hou van die Suid-Afrikaanse Biblioteekkonferensie te Bloemfontein op 15 - 17 November 1928. Die Konferensie is deur 'n verteenwoordigende groep bibliotekarisse, staats-, universiteits- en opvoedkundige amptenare en ander belangstellendes bygewoon. In die bevindinge en aanbevelinge van die Konferensie kom die volgende voor:

- „1. Dit [is] wenslik dat die bestaande biblioteke in uniwersiteite, uniwersiteitskolleges en museums deel uitmaak van die algemene Suid-Afrikaanse biblioteekstelsel.
2. Dat 'n telling gehou word van die boeke en tydskrifte, en dat die katalogisering en die druk van die katalogus deur Rektor Raikes ter sprake gebring word by die Inter-Uniwersitêre Konferensie in Januarie.
3. Dat die sentrale biblioteek die besondere behoeftes van uniwersitêre werk onder die algemene publiek in gedagte hou.

4. Dat daar in die belang van die onderwys 'n afdeling vir musiek en die skone kunste in die sentrale biblioteek moet wees.

5. Dat die Parlementêre Biblioteek versoek moet word om bona fide studente toe te laat om gebruik te maak van sy versameling".⁶⁾

Na die vertrek van mnre. Pitt en Ferguson het verskeie universiteite gebaat uit die geld wat deur die Carnegiekorporasie op hulle aanbeveling vir die opleiding van bibliotekariese en die oprigting van geboue beskikbaar gestel is.

In 1931 stel dr. S. F. N. Gie, Sekretaris van Onderwys, in sy Jaarverslag die volgende: „Baie van ons universiteitsinrigtings het meer mense op hulle staf as wat hulle omstandighede regverdig, en terselfdertyd word hulle biblioteke sterk afgeskeep. Met minder lektore, en insidenteel ook minder voorlesings, behoort hulle in staat te wees om hulle totale uitgawes te verminder, vir hulle biblioteke die nodige voorsiening te maak en hulle studente behoorlik op te lei en aan te moedig om boeke en tydskrifte te waardeer en te gebruik".⁷⁾ Hy verklaar egter in 1933 dat hy nie meer oortuig is van die

6) SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEK KONFERENSIE, Bloemfontein, 1928. Verslag, 1928. Uitvoerende Komitee, 1929. p. 13.

7) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Unie-Onderwysdepartement. Verslag, 1930. Pretoria, Staatsdrukker, 1932. (U.G. 36-'31) p. 5.

stelling dat universiteite hulle werk doeltreffend kan verrig met verminderde fondse nie, aangesien die besuiniging die biblioteke weer eerste geraak het.⁸⁾

Die Inter-Departementele Komitee oor die Biblioteke van die Unie van Suid-Afrika stel in sy Verslag wat in 1937 verskyn het, dat slegs twee biblioteke, naamlik dié van die Universiteit van Kaapstad en van die Universiteit van die Witwatersrand as enigszins bevredigend beskou kan word, maar wys daarop dat albei nog baie verder sal moet ontwikkel voordat hulle in die regmatige behoeftes van 'n moderne universiteit sal kan voorsien. „Die middels en die organisasie van al die biblioteke wat aan die ander universiteite en universiteitskolleges verbind is, kan, al is dit in afwisselende graad, met die benaming van universitêre inrigtings nouliks vereër word. Die Komitee is van mening dat, waar die biblioteek al die Universiteitsdepartemente bedien en vir hulle bloei noodsaaklik is, dit deur die Universiteits-otoriteite nie as 'n bykomende iets beskou moet word nie, maar as een van die belangrikste eenhede van die universiteitsorganisasie, en, wat finansiële steun en doeltreffende uitrusting betref, ook so behandel moet word”.⁹⁾

8) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Unie-Onderwysdepartement. Verslag vir die kalenderjare 1933 en 1934. Pretoria, Staatsdrukker, 1935. (U.G. 46-'35)

9) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Inter-Departementele Komitee oor die Biblioteke van die Unie van Suid-Afrika. Verslag, 1937. Kaapstad, Cape Times, 1937. p. 19.

Met die aanvaarding van die Verslag van die Holloway-kommissie¹⁰⁾ deur die Regering is algemeen verwag dat 'n nuwe era vanaf 1953 vir die Suid-Afrikaanse universiteite ingelui is - ook vir die universiteitsbiblioteek, omdat daar in die subsidieformule vir die eerste keer besondere voorsiening vir die subsidiëring van universiteite vir biblioteekdoeleindes gemaak is.

Alvorens die Holloway-subsidieformule en sy latere aanpassings onder die soeklig geplaas word, wat in hoofstuk 7 geskied, is dit nodig om die huidige stand van ons biblioteekvoorsiening en -dienste te skets.

4.3 Die huidige stand van biblioteekvoorsiening en -dienste

4.3.1 Studiemateriaal

Dit was ongelukkig nie moontlik om betroubare en vergelykbare statistiese gegewens van die voorraad studiemateriaal, insluitende boeke, tydskrifte, staatspublikasies, grammofoonplate en publikasies in mikroformaat, van al agt die biblioteke onder behandeling vir die tydperk voor 1961 te bekom nie. Die beskikbare gegewens vir die tydperk 1961 tot 1966 word in bylaes 3 en 4 weergegee. Bylae 3 verstrek

10) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Kommissie van Onderzoek na Universiteitsfinansies en -salarisse. Verslag, 1951. 1953. Voorsitter: J.E. Holloway.

volledige gegewens vir elke universiteit afsonderlik in verband met die omvang van sy voorraad, die jaarlikse toename daarvan, die aantal boeke per subsidiestudent, per dosent en per biblioteekpersoneellid, terwyl in bylae 4 'n samevatting van hierdie besonderhede gegee word om die vermeerdering in studiemateriaal vir die universiteite afsonderlik en gesamentlik oor die tydperk aan te dui.

Die totale voorraad studiemateriaal, insluitende boeke, inge-

TOTALE VOORRAAD STUDIEMATERIAAL OP 31 DESEMBER 1966

Universiteit	Boeke (Aantal bde.)	Gebinde Tydskrifte (Aantal bde.)	Staatspu- blikasies	Grammo- foonplate	Mikropu- blikasies	Totaal
A	320,384 ¹⁾		48,713	2,805	151	372,053
B	233,951	124,343	2)		1,015	394,309
C	299,575	147,338	35,633	6,938	9,385	498,869
D	250,752	54,233	12,856	4,792	501	323,134
E	172,580	36,725	16,929		35	226,269
F	142,162	39,340	27,787	2,849	891	213,029
G	100,354	20,666	3)	1,702	81	122,803
H	143,670	4)	21,266 ⁵⁾		594	165,530
Totaal	1,698,428	422,645	163,184	19,086	12,653	2,315,996

1) Gebinde tydskrifte ingesluit

2) Besit verskeie duisende; slegs ingebinde bande by gebinde tydskrifte ingesluit

3) Ingesluit by boekevoorraad

4) Ingesluit by boekevoorraad

5) Beraamde getal

Tabel 1

binde tydskrifte, staatspublikasies, grammofoonplate en publikasies in mikroformaat van die verskillende universiteite, op 31 Desember 1966 word in tabel 1 gegee.

Hoewel daar verskeie pogings in dié rigting aangewend is, bestaan daar geen algemeen aanvaarde standaarde waarteen die boekeversamelings van universiteitsbiblioteke kwantitatief gemeet kan word nie. Die enigste moontlike maatstaf is geleë in 'n vergelyking met universiteite in ander lande. So 'n vergelyking hou voor die handliggende gevare in, aangesien omstandighede van land tot land en van biblioteek tot biblioteek grootliks mag verskil. In bylae 5 word gegewens verstrek in verband met die voorraad studiemateriaal in biblioteke in bekende universiteite in 'n aantal Westerse lande. Aan die einde van 1966 het die omvang van die versameling studiemateriaal in die agt Suid-Afrikaanse Universiteite gevarieer van 122,803 (Universiteit G) tot 498,869 (Universiteit C). Soos blyk uit die gegewens in bylae 5 verstrekkend, is hierdie voorrade aanmerklik kleiner as dié van buitelandse biblioteke met vergelykbare studentetalle.

Die agterstand ten opsigte van boekevoorraad by die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke blyk nog duideliker as 'n vergelyking met oorsese biblioteke op grond van die getal boeke per student getref word, soos in tabel 2, wat aan bylaes 3 en 5 ontleen is, weergegee word.

GEMIDDELDE GETAL BOEKE PER STUDENT, 1966

Universiteit	1962	1963	1964	1965	1966
A	42.42	39.96	41.25	40.13	39.37
B	66.45	64.75	60.82	59.84	57.11
C	80.47	79.58	83.09	86.54	82.27
D	65.13	61.63	59.68	57.40	55.99
E	51.41	57.88	59.27	59.24	54.45
F	87.85	84.76	84.65	86.54	82.31
G	53.18	53.69	52.30	50.33	50.96
H	90.03	91.35	94.65	105.30	87.35
Gemiddeld universiteite					
A - H	62.98	61.92	62.00	61.72	59.42

GEMIDDELD OORSESE UNIVERSITEITE, 1966


België	202.7
Nederland	119.5
Skandinawiese lande	87.3
Groot Brittanje	150.0
Verenigde State	152.5

Tabel 2

Die ongelykheid ten opsigte van boekevoorraad tussen die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke onderling blyk duidelik uit figure I en II wat onderskeidelik die aantal boeke per subsidiestudent en per dosent in 1962 en in 1966 voorstel.


Die enigste kwalitatiewe beoordeling van ons boekevoorraad is in 1960 deur mn. R. F. Kennedy gedoen toe hy met 'n N. R. S. N. -toekenning ondersoek ingestel het na die gehalte van ons biblioteekvoorraad vir studie en navorsing in Suid-Afrika. Hy kom tot die volgende konklusie: „It is clear from

BOEKE PER SUBSIDIESTUDENT, 1962 - 1966



Figuur I

BOEKE PER DOSENT, 1962 - 1966




Figuur II

the schedules that all university libraries have serious deficiencies of stock and that the older university libraries are, because of lack of funds, unable to keep pace with the increase in the number of scientific and scholarly publications and the recent sharp rise in the price of books and periodicals. In other words, our universities have been starved of books".¹¹⁾

Die vermeerdering in boekevoorraad van 1961 tot 1966 word in bylae 4 saamgevat en in figuur III voorgestel. Die gegewens, waarvan tabel 3 'n uittreksel bevat, toon dat die totale boekevoorraad van universiteite A, B, C en D, die vier groter universiteite, oor die tydperk van vyf jaar van 1, 279, 239 tot 1, 588, 365 items aangegroei het, wat 'n totale vermeerdering van 309, 126 inhou. Dit gee 'n totale vermeerderingspersentasie van 24.16% en 'n gemiddeld van 4.83% per jaar. In die geval van die vier kleiner universiteite (E, F, G en H) het die gesamentlike totale voorraad van 541, 240 in 1961 gestyg tot 727, 631 in 1966 wat 'n vermeerdering van 186, 391 stukke of 34.44% beteken. Die gemiddelde jaarlikse vermeerdering was 6.89% teenoor die 4.83% van die groter universi-

11) KENNEDY, R.F. Books for study and research. Potchefstroom, Potchefstroom University for C.H.E. in collaboration with the South African Library Association, 1962. p. 84. (In Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Aspekte van Suid-Afrikaanse biblioteekstruktuur. Aspects of South African Libraries. Pretoria, Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, 1962)

VERMEERDERING IN STUDIEMATERIAAL, 1961 - 1966
(Suid-Afrikaanse Universiteitsbiblioteke)



Figuur III

VERMEERDERING BOEKEVOORRAAD, 1962 tot 1966

Universiteit	Boekevoorraad op		Vermeerdering	% vermeer. oor 5 jr.	Gem. jl. % vermeerdering
	1.1.62	31.12.66			
A	291,785	372,053	80,268	27.51	5.50
B	331,151	394,309	63,158	19.07	3.81
C	398,529	498,869	100,340	25.18	5.04
D	257,774	323,134	65,360	25.36	5.07
A - D	1,279,239	1,588,365	309,126	24.16	4.83
E	162,767	226,269	63,502	39.01	7.80
F	153,878	213,029	59,151	38.44	7.69
G	90,314	122,803	32,489	35.97	7.19
H	134,281	165,530	31,249	23.27	4.65
E - H	541,240	727,631	186,391	34.44	6.89
A - H	1,820,479	2,315,996	495,517	27.22	5.44

Tabel 3

teite. Die totale voorraad van al agt universiteite saam het van 1, 820, 479 met 495, 517 tot 2, 315, 996 aangegroei, wat 'n vermeerderingspersentasie van 27.22% oor die vyf jaar of 'n gemiddeld van 5.44% per jaar gee. Die jaarlikse vermeerderingspersentasie varieer van 3.81% (Universiteit B) tot 7.80% (Universiteit E) met 'n gemiddelde jaarlikse vermeerdering van 5.44%.

Die boekevoorraad van agt universiteite het oor die vyf jaar geleidelik aangegroei, dog die aanwas het by die meeste universiteite nie tred gehou met die vermeerdering in studentetalle nie. Uit tabel 2 en figuur 1 blyk dat die aantal boeke per subsidiestudent by Universiteite A, B, D, F, G en H vermindert het. Met die uitsondering van Universiteit A, G en H blyk dieselfde neiging tot afname by 'n berekening van die aantal boeke per dosent, soos in figuur II aangetoon.

Die jaarlikse vermeerderingspersentasie word beïnvloed deur die grootte van die versameling - 'n feit wat in aanmerking geneem moet word by die verskil tussen die kleiner en groter universiteite, wat hierbo aangedui is. Dit moet ook in aanmerking geneem word by 'n vergelyking met die groeitempo van die boekevoorraad van sewentien Amerikaanse biblioteke met vergelykbare studentetalle van 1965 tot 1966, wat in bylae 6 aangedui word. Waar die agt Suid-Afrikaanse universiteite se voorraad in genoemde jaar met 'n gemiddeld van 5.09% aangegroei het, was die vermeerdering van die

Amerikaanse biblioteke 5.6%. Die totale aantal nuwe boeke wat deur die agt Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke toegevoeg is beloop 112,246 terwyl Stanford alleen 177,684 boekdele aangeskaf het. Hierby moet in aanmerking geneem word dat daar meer duplikasie by die Suid-Afrikaanse Universiteitsbiblioteke as by Stanford plaasgevind het, aangesien die agt universiteite sonder twyfel in 'n hoë mate dieselfde titels, en in sommige gevalle meerdere eksemplare van dieselfde titel, aangekoop het.

Hoewel dit, soos in die geval van boeke, buite die bestek van hierdie studie val om 'n kwalitatiewe waardering van die besit van tydskrifte en ander vervolgpublikasies wat vir gevorderde wetenskaplike studie van die uiterste belang is, te maak, dui die beskikbare gegewens daarop dat die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke ook ten opsigte van hierdie tipe materiaal swak toegerus is. In tabel 4 word inligting verstrekkend in verband met die getal tydskrifte wat die agt biblioteke in 1962 en in 1966 lopend ontvang het en, vir vergelykingsdoeleindes, ook van die getalle waarop sewentien Amerikaanse universiteitsbiblioteke ingeteken was.

As in aanmerking geneem word dat die boekproduksie jaarliks met 8.65% verhoog, soos in paragraaf 5.9 aangedui word, dat die universiteitsbiblioteek 'n verteenwoordigende seleksie uit die steeds groter wordende getal wetenskaplike publikasies be-

TYDSKRIFTE EN VERVOLGPUBLIKASIES LOPEND ONTVANG

Suid-Afrikaanse Universiteite

Universiteit	Aantal titels	
	1962	1966
A	1,791	2,588
B	4,406	4,608
C	*	2,980
D	2,003	2,604
E	*	1,654
F	1,356	1,780
G	878	1,136
H	654	1,294

*Gegewens nie beskikbaar nie

Amerikaanse Universiteite

Universiteit	Aantal titels 1966
Stanford	30,332
Denver	4,363
Delaware	6,567
Notre Dame	13,674
Kentucky	27,962
Tulane	6,134
Maine	2,897
Johns Hopkins	10,983
M.I.T.	11,615
Princeton	19,039
Rochester	10,277
Duke	19,342
Western Reserve	6,076
Brown	10,183
Vanderbilt	5,579
Rice	7,305
Virginia	23,000

Tabel 4

hoort aan te skaf, dat universiteite steeds nuwe studierter-reine betree en dat studentetalle steeds vermeerder, en as die omvang van ons versamelings sowel as die jaarlikse groeitempo in die oog gehou word, kan daar tot geen ander konklusie gekom word nie as dat die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke, wat studiemateriaal betref, swak toegerus is. Mnr. Kennedy se opname het aangetoon dat daar in 1960 ernstige leemtes in ons boekeversamelings voorgekom het.¹²⁾ As gevolg van onvoldoende finansiële voorsiening was dit sedertdien onmoontlik om hierdie leemtes uit te wis. Nie een van die biblioteke was, tewens, in staat om sy versameling na behore uit te bou nie, met die gevolg dat verdere leemtes ontstaan en dat die agterstand in hulle versamelings steeds toeneem.

4.3.2 Personeelvoorsiening

Die lewering van doeltreffende biblioteekdiens word grootliks bepaal deur die mate waarin die biblioteek met bevoegde en voldoende personeel voorsien is. In paragraaf 3.2 word ge-

12) KENNEDY, R. F. Books for study and research. Potchefstroom, Potchefstroom University for C. H. E. in collaboration with the South African Library Association, 1962. (In Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Aspekte van Suid-Afrikaanse biblioteekstruktuur. Aspects of South African libraries. Pretoria, Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, 1962)

stel dat 'n biblioteek, al besit dit 'n skat van materiaal, 'n nuttelose instrument is, wat nie aan sy doel beantwoord nie, indien sy inhoud nie behoorlik georden en doeltreffend ontsluit. word nie. Net soos ander biblioteektipes het die universiteitsbiblioteek in Suid-Afrika in die verlede ernstige probleme ondervind om voldoende bevoegde personeellede te betrek as gevolg van die groot tekort aan opgeleide bibliotekarisse. Vir die doel van hierdie studie is die voorsiening van 'n genoegsame aantal betrekkings op die diensstaat van elke biblioteek egter van belang.

In bylae 7 word die aantal personeellede in elk van die agt biblioteke van 1950 tot 1968 weergegee. 'n Uittreksel van die gegewens om die personeelaanwas van 1953 tot 1968 aan te dui verskyn in tabel 5.¹³⁾ Dit toon dat die groeitempo van die personeel van die agt universiteite oor die vyftien jaar varieer van 72.1% of 4.8% per jaar (Universiteit A) tot 345% of 23% per jaar (Universiteit D) met 'n gemiddeld van 128.8% of 11.2% per jaar.

Vir vergelykingsdoeleindes word in tabel 6 die personeelvoorsiening van sewentien Amerikaanse biblioteke in 1966 verstrekk.

13) As beginjaar word 1953 geneem met die oog op die feit dat die Holloway-subsidieformule van hierdie jaar af gegeld het.

BIBLIOTEEKPERSONEEL, 1953 - 1968

Universiteit	Aantal studente		Biblioteekpersoneel		% Vermeer- Jaarlijkse % dering vermeerdering	
	1953	1968	1953	1968		
A	3,457	9735.5	21.5	37	72.1	4.8
B	4,200	7286.5	26.5	64.5	143.4	9.5
C	3,726	6363	39.5	98.5	149.4	9.9
D	1,834	5864.5	10	44.5	345.0	23.0
E	1,625	4673.5	15.5	44.5	187.1	12.4
F	863	2882.5	16	39	143.7	9.6
G	1,124	2488	7.5	20	166.8	11.1
H	732	1728	7.5	17.5	133.3	8.9
Totaal	17,561	41021.5	144	365.5	1030.3	89.2
Gemiddeld	2,195	5127.6	18	45.7	128.8	11.2

Tabel 5

PERSONEELVOORSIENING IN SEWENTIEN AMERIKAANSE UNIVERSITEITSBIBLIOTHEKE, 1966

Universiteit	Studentetal	Personeel
Stanford	11,166	350.8
Denver	7,874	53.5
Delaware	7,033	62.3
Notre Dame	7,158	91.0
Kentucky	11,664	122.2
Tulane	8,082	91.5
Marne	6,702	36.0
Johns Hopkins	7,149	118.0
M.I.T.	7,408	170.0
Princeton	4,489	80.2
Rhochester	8,107	141.0
Duke	6,991	156.3
Western Reserve	8,805	90.0
Brown	4,697	130.7
Vanderbilt	7,216	103.0
Rice	2,458	49.5
Virginia	7,249	107.5
Gemiddeld	7,309	114.9

Tabel 6

Die personeelvoorsiening van Universiteit A (37 betrekkings in 1968) vergelyk opvallend swak met dié van vergelykbare Amerikaanse universiteite (Stanford 350.8, Kentucky 122.2, Tulane 91.5 en Western Reserve 90 betrekkings). Universiteit C met sy 98.5 betrekkings vergelyk redelik goed met Amerikaanse universiteite in sy groep. Teenoor een van die kleinere universiteite, naamlik Rice met 2,458 studente en 49.5 biblioteekpersoneellede het Universiteit F met 2,882.5 studente 39 personeellede en Universiteit G met 2,488 studente 20 personeellede.

Dit was ongelukkig onmoontlik om derglike vergelykings met die personeelvoorsiening in Europese land te tref omdat die gegewens oor hulle personeelvoorsiening nie beskikbaar is nie.

Tabel 7 gee 'n berekening van die verhouding van die biblioteekpersoneel tot studentetalle in 1953, 1958, 1963 en 1968 vir elk van die agt universiteite onder behandeling. Dit is opvallend dat die getal studente per personeellid by drie van die vier groter universiteite (B, C en D) van 1953 tot 1968 verminder, wat dui op 'n verbetering in die personeelvoorsiening, terwyl die getal studente per personeellid in die geval van drie van die vier kleiner universiteite, (E, F en H) 'n neiging tot vermeerdering van die getal studente per personeellid toon. Vir al agt die universiteite varieer die personeel: studenteverhouding in 1968 van 1:64.6 (Universiteit C)

VERHOUDING BIBLIOTEEKPERSONEEL TOT STUDENTETALLE, 1953, 1958, 1963 en 1968

Universiteit	Personeel, 1953		Studentetal, 1953		Personeel, 1958		Studentetal, 1958		Personeel, 1963		Studentetal, 1963		Personeel, 1968		Studentetal, 1968	
A	21.5	3,457	160.8	28	4,852	173.3	37	7,256	196.1	37	9,735.5	263.1				
B	26.5	4,200	158.5	34	4,305	126.6	47	5,150.5	109.6	64.5	7,286.5	113.0				
C	39.5	3,726	94.3	44	4,289	97.5	51.5	5,186	100.6	98.5	6,363	64.6				
D	10.0	1,834	183.4	15	2,742.5	182.8	30	4,140	138.0	44.5	5,864.5	131.8				
E	15.5	1,625	104.8	25	2,357	94.3	30.5	3,315.5	108.7	44.5	4,673.5	105.0				
F	16	863	53.9	20	1,263	63.2	26	1,843	70.9	39	2,882.5	73.9				
G	7.5	1,124	149.9	13	1,407	108.2	13.5	1,795	133.0	20	2,468	124.4				
H	7.5	732	97.6	8.5	843.5	99.2	14	1,549	110.6	17.5	1,728	98.7				
	144	17,561	122.0	187.5	22,059	117.6	249.5	30,235	121.2	365.5	41,021.5	112.2				

Tabel 7

tot 1:263.1 (Universiteit A), terwyl die gemiddelde verhouding 112.2 is. Universiteit A toon die verste afwyking van die gemiddelde verhouding.

Dit is nie moontlik om uit die beskikbare gegewens 'n oordeel te vel oor die mate van toereikendheid van die personeelvoorsiening vir elke universiteit nie. Dit sou 'n ondersoek verg wat ver buite die omvang van hierdie studie sal strek. Uit die gegewens blyk egter dat die personeelvoorsiening van Suid-Afrikaanse biblioteke, wat ten tye van die ondersoek van die Holloway-kommissie in 1951 as onbevredigend beskou is, sedertdien nie aanmerklik verbeter het nie. Dit is opmerklik swakker as by vergelykbare Amerikaanse universiteite.

4.3.3 Biblioteekgebruik

In hoofstukke 2 en 5 word die belangrike rol van die universiteitsbiblioteek by dosering en navorsing gestel. Dit skyn ondenkbaar te wees dat enige student of dosent aan die moderne universiteit sy wetenskaplike arbeid met vrug kan voortsit sonder dat hy sy universiteitsbiblioteek gebruik. Dit is egter ook 'n feit dat die gehalte van die versameling studiemateriaal en van die dienste wat die biblioteek lewer, gebruikers kan aanmoedig en daardeur biblioteekgebruik kan bevorder of hulle kan frustreer en ontmoedig om van die biblioteek gebruik te maak.

Die totale getal dosente en studente, en ook biblioteekgebruikers aan elke universiteit oor die jare 1962 tot 1966 word in bylae 8 verstrekk. Gegewens oor die aantal biblio-

GEREGISTREERDE LEDE VAN DIE BIBLIOTEEK, 1962 - 1966

Universiteit	1962 %	1963 %	1964 %	1965 %	1966 %	Gem. %
A*	37.61	39.64	32.94	34.64	36.07	36.11
B	66.73	64.45	62.12	61.03	62.72	63.24
C	82.93	79.99	84.63	84.33	85.87	83.62
D	51.40	48.96	49.05	41.02	49.10	47.65
E**						
F	74.61	73.22	70.21	72.20	67.80	71.36
G	61.51	67.69	64.20	65.50	62.25	64.20
H	94.90	96.80	96.57	96.72	96.86	96.37


* Personeellede uitgesluit

** Gegewens nie beskikbaar nie

Tabel 8

teekgebruikers voor 1962 was ongelukkig nie vir alle universiteite beskikbaar nie. Die persentasie van die studente en dosente wat geregistreeerde lede van die biblioteke was, word in tabel 8 weergegee en in figuur IV grafies uitgebeeld.

BIBLIOTEEKGEBRUIKERS, (Studente) 1962 - 1966




Figuur IV

Uit die tabel blyk dat slegs twee universiteite, C en H, 'n redelike hoë gemiddelde persentasie gebruikers het. In die geval van Universiteite A en D, is die persentasie onrusbaarend laag met minder as 50%. In die geheel moet dit betreur word dat aan sewe van die agt universiteite so 'n groot ge-

deelte van die dosente en studente nie as lede van hulle eie universiteitsbiblioteke geregistreer is nie.

Die beskikbare gegewens oor die uitleen van boeke vir tuisgebruik vir die verskillende universiteitsbiblioteke word in bylae 14, en 'n uittreksel daarvan, om die aantal boeke per student uitgeleen vir 1962 en 1966 aan te dui, in tabel 9, verstrekk. In figuur V word die laasgenoemde gegewens grafies uitgebeeld.

UITLENINGS: BOEKE PER SUBSIDIESTUDENT, 1962 - 1966



Figuur V

UITLENINGS PER SUBSIDIESTUDENT, 1962 - 1966

(Bereken op aantal boeke per student)


Univer- siteit	1962	1966	Gem. per jaar 1962 - 1966
A	5,75	5,56	5,44
B	14,73	12,40	13,45
C	27,30	23,83	26,12
D	8,93	8,25	8,30
E	22,80	18,44	21,15
F	18,61	19,82	20,39
G	12,96	14,45	14,18
H	27,00	25,18	26,80

Tabel 9

Figuur VI stel 'n ontleding van die totale uitleensyfer vir die jare 1962 en 1966 per dosent vir elk van die universiteite voor.

Hierdie gegewens weerspieël in die eerste plek 'n groot on-gelykheid in biblioteekgebruik tussen verskillende universi-teite. Universiteit H toon die hoogste gemiddelde uitlening van 26.80 per student terwyl die gemiddelde uitleensyfer van 5.44 van Universiteit A die laagste is. Hierdie verskynsel mag in 'n mate te wyte wees aan die feit dat die uitleenstatis-tiek van die verskillende universiteite nie op eenvormige wyse gehou word nie en mag ook deels veroorsaak word deur verskille in doseermetodes by die verskillende universiteite. Dit moet ook in aanmerking geneem word dat uitleensyfers

UITLEENINGS: BOEKE PER DOSENT, 1962 - 1966



Figuur VI

'n uiters onbevredigende maatstaf is vir die beoordeling van biblioteekgebruik, aangesien dit geen aanduiding bevat van studie in die leeskamers van biblioteke en die gebruik van werke in die biblioteek nie. Dit is ongelukkig nie moontlik om die biblioteekgebruik van die Suid-Afrikaanse universiteite met dié van biblioteke in die buiteland te vergelyk nie, aangesien die statistiese gegewens in verband met uitleen-syfers vir laasgenoemde biblioteke nie verkry kon word nie.

Dit bly egter 'n verontrustende feit dat die uitlening per student by die meeste universiteite oor die tydperk 'n dalende neiging toon - 'n verskynsel wat wys op 'n relatiewe verswakking in biblioteekgebruik.

Ongelukkig ontbreek gegewens ook oor die biblioteekgebruik van voorgraadse studente, nagraadse studente en dosente afsonderlik. 'n Onderskeiding tussen hierdie kategorieë gebruikers sou waardevolle inligting kon verstrek aangesien dosente en nagraadse studente veel hoër eise aan die biblioteek stel ten opsigte van studiemateriaal en ook van dienslewering, wat personeelvoorsiening beïnvloed.

5 Faktore wat die finansiering van die universiteitsbiblioteek beïnvloed

In die vorige hoofstuk is aangedui dat die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke ten opsigte van hulle voorraad studiemateriaal onvoldoende toegerus is en dat hulle personeelvoorsiening ontoereikend is. In hoofstuk 3 is daarop gewys dat dit nodig is om meer in die besonder ondersoek in te stel na die faktore wat die finansiële behoeftes van die universiteitsbiblioteek beïnvloed om daardeur 'n duideliker begrip te vorm van die implikasies van die finansiering van die universiteitsbiblioteek. 'n Bestudering van hierdie faktore lewer probleme op, omdat dit moeilik is om hulle skerp van mekaar te onderskei aangesien hulle dikwels nou ineengestrengel is. Om die invloed van sommige van die faktore duideliker te kan bepaal vereis verder veel meer oorspronklike navorsing, wat buite die bestek van hierdie studie val, en gevolglik moes daar in sommige gevalle as ondersteunende getuigenis vir bewerings gebruik gemaak word van die berekenings en stellings van oorsese outoriteite soos onder meer die University Grants Committee van Groot-Brittanje. Om hierdie rede was dit nie moontlik om 'n wetenskaplik verantwoorde waarde aan elk van die onderskeie faktore toe te ken in die soeke na 'n moontlike grond-

slag vir die bepaling van die bedrag wat nodig is vir lopende biblioteekuitgawes nie.

5.1 Omvang van die studie- en navorsingsprogram van die universiteit

Die omvang van die studie- en navorsingsprogram en die waarde wat die universiteit aan sy biblioteek heg, speel 'n groot rol by die bepaling van die bedrag benodig om die universiteitsbiblioteek doeltreffend te laat funksioneer. Hoe breër die terrein van die wetenskap is, wat deur die universiteit beoefen word, dit wil sê hoe meer departemente en fakulteite aan die universiteit bestaan, hoe groter is die behoeftes van die universiteitsbiblioteek aan boeke, personeel en huisvesting. Vir elke studievak, wat deur die universiteit beoefen word, behoort die biblioteek volledig toegegerus te wees ten opsigte van die basiese werke, afgesien daarvan of daar 10 of 100 studente vir die vak is.

5.2 Die aard van doseer- en navorsingswerk aan die universiteit

'n Volgende faktor wat die biblioteekuitgawe aan boeke en personeelvoorsiening sterk beïnvloed, is die aard van die doseer- en navorsingswerk van die universiteit op die verskillende vakgebiede. Die mate van spesialisasie binne 'n studiedepartement bepaal in 'n hoë mate die aard en die omvang van die studiemateriaal en stel besondere eise ten op-

sigte van professioneel- en vakdeskundige personeel vir die ontsluiting van die materiaal. Veral speel die aantal nagraadse studiekursusse en studierigtings en die verskeidenheid gevorderde navorsingsprojekte 'n groot rol. Die meeste materiaal wat vir navorsing benodig word, is duur en baie van die materiaal is hoogs gespesialiseerd van aard.

Dit is in dié verband belangrik om daarop te let dat nagraadse studente en navorsers veel hoër eise ten opsigte van materiaal en dienste aan die biblioteek stel as voorgraadse studente. Op grond van 'n studie in 1962 van verskillende Amerikaanse universiteite het Richard Logsdon bevind dat die koste van nagraadse onderrig en navorsing veel hoër is as die koste verbonde aan voorgraadse onderrig, en hy stel 'n verhouding vas wat varieer van 2.5 : 1 tot 5 : 1.¹⁾ Die Canadian Association of College and University Libraries stel in die verband dat hulle as basis aanvaar dat materiaalvoorsiening en dienslewering aan 'n nagraadse student vir universiteitsbiblioteke agt keer so duur is as aan

1) LOGSDON, Richard H. Indirect cost of library services under U. S. research agreements. College and research libraries, 23: 26, 1962.

'n voorgraadse student,²⁾ terwyl die Standing Conference of National and University Libraries (SCONUL) van Groot-Brittanje 'n verhouding van 7.5 eenhede per nagraadse student, dosent en navorser teenoor een eenheid per voorgraadse student stel.³⁾ In hulle standaardwerk The university library, wat reeds in 1956 verskyn het, sê Wilson and Tauber „Undoubtedly such factors as the size of the collections, the number of fields or departments the collections support, and the concentration of materials within those fields or departments determine to a large measure the institution's ability to carry on graduate study and research at the highest levels. Consequently, the relationship between the number of volumes in the library and the number of departments within a university considered adequate to grant the Ph.D. degree is important. It does not seem possible that a university can support programs leading to the doctorate in 25 to 30 departments

2) CANADIAN ASSOCIATION OF COLLEGE AND UNIVERSITY LIBRARIES. Forecast of the cost of academic library services in Canada, 1965-1975. Waterloo, University of Waterloo Press, 1964. p. 23.

3) GROOT-BRITTANJE. University Grants Committee. Committee on Libraries. Report. London, Her Majesty's Stationery Office, 1967. p. 277.

with less than \$200,000 annually for books, periodicals, and other library materials".⁴⁾

5.3 Studie- en doseermetodes aan die universiteit

Aangesien die oordra van kennis een van die basiese funksies van die universiteit is, moet die student sy kennis kan uitbrei deur van die resultate van ander navorsers en geleerdes gebruik te maak. 'n Baie belangrike en noodsaaklike bydrae tot die akademiese vorming van die student is om hom te leer om selfstandig te studeer en om nie net vir sy kennis en inligting op klasaantekeninge of enkele voorgeskrewe handboeke staat te maak nie. Voorlesings en werkopdragte moet van so 'n aard wees dat die student daardeur geprikkel word om hom te wend tot 'n groot verskeidenheid geskrifte wat in die universiteitsbiblioteek beskikbaar behoort te wees.

Die hedendaagse wetenskaplike doseermetodes stel baie hoër eise aan die doserende personeel aangesien hulle op hoogte moet wees van 'die nuutste literatuur op hulle vakgebied om so geskikte materiaal vir die gebruik van die voorgraadse student te keur. Die intensiewer gebruik van die biblioteek deur student en dosent stel noodwendig hoër eise aan die

4) WILSON, L.R. en TAUBER, M.F. The university library: the organization, administration and functions of academic libraries; 2nd ed. New York, Columbia Univ. Press, 1958. p. 98-99.

biblioteek ten opsigte van die keuring en aankoop van geskikte materiaal, maar veral ook ten opsigte van die ontsluiting van die beskikbare materiaal vir doeltreffende gebruik. Ook moet biblioteekvoorsiening baie meer aandag geniet, want dit is hierdeur dat die student vertrouwd kan raak met wat die biblioteek bied.

Hoe beter die verstandhouding tussen die biblioteek en die dosent oor die wedersydse behoeftes, hoe suksesvoller is die diens wat gebied word en hoe meer nut kry die gebruiker uit hierdie diens. Hierdie diens is egter baie duurder, want dit stel hoër eise aan die universiteitsbiblioteek ten opsigte van sy inhoud en ook ten opsigte van die gehalte en grootte van die biblioteekpersoneel.

5.4 Die mate waarin die universiteitsbiblioteek voorsien is

'n Verdere faktor wat die uitgawe van die universiteitsbiblioteek beïnvloed, is die mate waarin die biblioteek reeds voorsien is van die vereiste studie- en navorsingsmateriaal soos in paragraaf 3.1 kortliks uiteengesit is. Dit is vanselfsprekend dat die pas gestigte universiteite, soos byvoorbeeld die Universiteit van Port Elizabeth en die Randse Afrikaanse Universiteit, wat hulle biblioteke vanuit die grond moet opbou, in dié verband besondere probleme ondervind. Ook het jongere biblioteke, biblioteke van vinnig ontwikkelende universiteite of biblioteke wat om die een of ander rede groot

leemtes in hulle versamelings het, relatief meer geld nodig om hulle versamelings vir doeltreffende dienslewering op die gewenste peil te bring as biblioteke wat reeds goed voorsien is.

As gevolg van die snelle ontwikkeling wat daar gedurende die afgelope veertig jaar op wetenskaplike gebied gemaak is, is die navorser en student nou meer van die biblioteek afhanklik want die omvang en aard van die beskikbare materiaal bepaal tot 'n groot mate die sukses van die navorsing. Dit is wel waar dat navorsers van verskillende biblioteke gebruik kan maak, maar elke individuele universiteitsbiblioteek moet toesien dat 'n basiese biblioteekversameling opgebou word.

In dié verband moet in aanmerking geneem word in hoeverre 'n biblioteek, wat swak toegerus is, kan staatmaak op die gebruik van materiaal in ander biblioteke om in die behoeftes van sy gebruikers te voorsien. Hoewel daar in die Republiek 'n doeltreffende stelsel van interbiblioteeklenings, soos deur die Staatsbiblioteek geadministreer, in swang is, en hoewel daar tans aandag geskenk word aan die bevordering van samewerking tussen biblioteke en die uitbou van 'n stelsel van koöperatiewe aanskaffing van biblioteekmateriaal, ontbreek dit nie biblioteke van die verpligting om in basiese behoeftes van hulle eie gebruikers te voorsien nie. Op die Nasionale Konferensie van Biblioteekowerhede, wat in 1962

gehou is, is die beginsel duidelik onderstreep dat dit die primêre taak van elke biblioteek is om die materiaal vir die basiese en daaglikse gebruiksbehoefes van sy eie gebruikerskorps te voorsien.⁵⁾ Hiervolgens behoort elke universiteitsbiblioteek minstens tot op die peil van honneursstudie selfvoorsienend te wees. Die voorgestelde skema in verband met biblioteeksamewerking by die voorsiening van studiemateriaal het slegs betrekking op die koöperatiewe aanskaffing van gespesialiseerde materiaal vir navorsing.

5.5 Studentetalle

Aan studentetalle word dikwels te 'n groot gewig toegeken in formules vir die bepaling van die benodigde bedrae om 'n doeltreffende universiteitsbiblioteekdiens in stand te hou. Dit is vanselfsprekend dat die groter studentetalle van 'n groot universiteit 'n groter biblioteek met 'n groter boekevoorraad vereis en dat biblioteek koste verhoog word wanneer desentralisasie van die biblioteek nodig word soos in paragraaf 5.7 gestel. Ten opsigte van die boekevoor-

5) NASIONALE KONFERENSIE VAN BIBLIOTEEKOWERHEDE. Pretoria, 1962. Program vir verdere biblioteekontwikkeling in die Republiek van Suid-Afrika, soos aanvaar deur die Nasionale Konferensie van Biblioteekowerhede, Pretoria, 5 en 6 November 1962. Potchefstroom, Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, 1963. Paragraaf 2.1.3.1, p. 9.

raad het groter studentetalle hoofsaaklik 'n invloed op die duplisering van bepaalde titels wat intensief gebruik word. Deur die Universiteit van Cambridge is die koste hieraan verbonde bereken op £3 per student,⁶⁾ 'n bedrag wat deur die Committee on Libraries van die University Grants Committee aanvaar word. Die basiese behoeftes aan biblioteekmateriaal, word in 'n hoë mate bepaal deur die getal studievakke of die getal studiedepartemente waarvoor die universiteit voorsiening maak. Die volgende aanhaling uit die Verslag van die University Grants Committee stel die saak in die regte perspektief: „The eventual total increase in student population must presumably be matched by a corresponding relative increase in staff who will also require library provision for teaching and research. It is inescapable that either library costs must increase in proportion to these numbers or there must be a fall below present standards, which, taking the system as a whole, could not be described as high. It is evident that (having regard to library provision alone) for the same proportionate cost, higher standards would be achieved in large institutions rather than in small ones. Assuming that a large and a small university each allocates a similar proportion of revenue to library

6) GROOT-BRITTANJE. University Grants Committee. Committee on Libraries. Report. London, Her Majesty's Stationary Office, 1967. p. 267.

provision; assuming that each makes similar provision for the use of the library by first and second-year students; and assuming that the large institution does not accept a spread of subjects much greater than the small one, then the larger university is certain to have a larger sum available to purchase books and periodicals for more advanced work, and to be in a position to provide better library facilities for its staff".⁷⁾

5.6 Personeelvoorsiening

In paragrafe 3.2 en 4.3.2 word gewys op die noodsaaklikheid van bevoegde en toereikende personeel vir die lewering van biblioteekdiens van goeie gehalte. Die veranderende eise van die gebruiker ten opsigte van inligtingsontsluiting, veral op nagraadse en navorsingsvlak, stel steeds hoër eise aan die biblioteekpersoneel. Benewens die hoër professionele biblioteekopleiding word deeglike akademiese vorming en vakkennis al hoe meer onontbeerlik. Hierdie hoër eise wat aan die personeelgestel word, het finansiële implikasies: hoër kwalifikasievereistes vereis hoër salariering. Hierdie feit is reeds deur die Holloway-kommissie besef en daarom

7) GROOT-BRITTANJE. University Grants Committee. Committee on Libraries. Report. London, Her Majesty's Stationery Office, 1967. p. 152.

'word in sy Verslag⁸⁾ aanbeveel dat die professionele personeel van universiteitsbiblioteke met ooreenstemmende akademiese grade van betrekkings vir salarisdoeleindes gelykgeskakel moet word. Verder moet in die oog gehou word dat die bedrag benodig vir personeeluitgawes deur die inflasioneêre neiging, wat by herhaling salarisverhoging meebring, beïnvloed word.

5.7 Die mate waarin die biblioteek gedesentraliseer is

Desentralisasie van 'n biblioteek deur die stigting van takbiblioteke is wenslik en noodsaaklik wanneer die biblioteek so groot word dat dit vir die snelle en doeltreffende dienslewering noodsaaklik is en wanneer geografiese faktore dit nodig maak om doeltreffender diens aan afgeleë departemente te lewer. Dit is vanselfsprekend dat die desentralisasie van materiaal en dienste die koste sal verhoog aangesien dit die duplisering van studiemateriaal, personeel, katalogi en ander rekords inhou.

5.8 Organisasie van die biblioteek

Deeglike organisasie van die studiemateriaal hou hoër aanvangskoste in, dog is op die lang duur lonend omdat dit

8) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Kommissie van Ondersoek na Universiteitsfinansies en -salarisse. Verslag, 1951. 1953. Voorsetter: J.E. Holloway. Paragraaf 116.

meer ekonomiese en doeltreffende dienslewering meebring. Die organisasie van die personeel volgens erkende beginsels is noodsaaklik vir die ekonomiese aanwending daarvan. In dié verband moet daar veral toegesien word dat hoër besoldigde, professioneel opgeleide personeel nie take verrig wat veel goedkoper en ewe doeltreffend deur klerklike personeel uitgevoer kan word nie. 'n Ontleding van biblioteektake toon dat ongeveer 50 persent van die take klerklik van aard is en die praktyk het geleer dat die verhouding tussen professionele en klerklike personeel behoort te varieer tussen 40 persent tot 60 persent en 60 persent tot 40 persent onderskeidelik.

5.9 Styging in boekproduksie

Om doelmatige dienste aan sy gebruikers te lewer moet die universiteitsbiblioteek 'n verteenwoordigende seleksie uit die steeds groter wordende getal wetenskaplike publikasies vir sy gebruikers beskikbaar hê.

The National Inventory of Library Needs som die toestand soos volg op: „The world's annual production of books is an estimated 320,000 separate titles - nearly 1,000 fresh works published every day. In addition, 33,000 newspapers and 70,000 periodicals are published on a regular basis; maps, music, filmstrips, and research reports swell the total. The total number of separately identifiable titles is

probably about ten million a year.

Currently published scientific journals alone may total 100,000 throughout the world. In a single field - medicine - it has been estimated that some 280,000 journal articles and 10,000 monographs are published annually. The number of journals in the humanities are also increasing rapidly".⁹⁾

Volgens K.P. Barr¹⁰⁾ van die National Lending Library for Science and Technology, Boston, Spa, is die skatting van instansies dat daar 100,000 wetenskaplike en tegniese tydskrifte verskyn, aan die hoë kant. Die National Lending Library het in 1965 beraam dat daar ongeveer 26,000 natuurwetenskaplike en tegniese tydskrifte jaarliks gepubliseer word.

Die ontwikkeling van die wetenskap bring mee dat nuwe kennis terreine uitgebou word en dat bestaandes minder belangrik word. Boekmateriaal in die mediese en die natuurwetenskappe verander baie vinnig. Volgens getuigenis is die meer-

9) FORD FOUNDATION. Scholar's work and works. New York, 1963. p. 17. (In V.S.A. Office of Education, Library Service Branch, National inventory of library needs. American Library Association, 1965. p. 16)

10) BARR, K.P. Estimates of the number of currently available scientific and technical periodicals. Journal of documentation, 23: 110, 1967.

derheid van die mediese naslaanwerke binne vyf jaar verouderd en byna waardeloos.¹¹⁾

Volgens die jaarlikse statistiek wat in die Publisher's Weekly gepubliseer word, het die getal natuurwetenskaplike en tegniese publikasies in die Verenigde State van Amerika van 687 in 1948¹²⁾ tot 29,619 in 1967¹³⁾ gestyg. Volgens Frank L. Schick is daar in die Verenigde State in 1960 $33\frac{1}{2}$ persent meer titels gepubliseer as in 1930.¹⁴⁾


Statistiese opgawes uit bykans alle lande toon 'n geweldige styging in die getal wetenskaplike publikasies, tydskrifte en boeke, wat jaarliks verskyn. „Science publishing follows very closely the developments in scientific research and application”.¹⁵⁾ Dit verbaas 'n mens dus nie dat daar in

- 11) JOHNSON, Barbara C. Medical book publishing. Library trends, 7: 217, 1958.
- 12) FLEMING, T.P. en SHANK, Russell. Scientific and technical book publishing. Library trends, 7: 198, 1958.
- 13) The BOWKER annual of library and book trade information, 1968. New York, Bowker, 1968. p. 94.
- 14) SCHICK, Frank L. en KURTH, William H. The cost of library materials: price trends of publications. Washington, Library Services Branch, U.S. Dept. of Health Education and Welfare, Office of Education, 1961. (Library statistics, OE 15029A) p. 7.
- 15) FLEMING, T.P. en SHANK, Russell. Scientific and technical book publishing. Library trends, 7: 197, 1958.

1958 ongeveer vyf keer soveel nuwe natuurwetenskaplike publikasies as in 1948 verskyn het nie.¹⁶⁾ Volgens aanduidings het die getal sedert 1958 baie verhoog.

In bylae 15 word die styging in boekproduksie in elk van die lande, die Verenigde State van Amerika, Engeland, Duitsland, Nederland, Frankryk en Suid-Afrika oor die jare 1950 tot 1966 verstrekk. Die styging tussen 1950 en 1966 word in figuur VII grafies uitgebeeld. Die boekproduksie in hierdie

BOEKPRODUKSIE, 1950 - 1966



Figuur VII

16) FLEMING, T.P. en SHANK, Russell. Scientific and technical book publishing. Library trends, 7: 199, 1958.

lande is gekies omdat die oorgrote meerderheid van die publikasies wat in Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke gebruik word, van hulle afkomstig is.

Die grootste vermeerdering in boekproduksie het in die Verenigde State plaasgevind, waar daar teenoor die 11,022 titels in 1950 15,012 in 1960 en 58,517 in 1966 verskyn het wat 'n vermeerdering van 430,91% sedert 1950 beteken. Met die uitsondering van Suid-Afrika dui die beskikbare gegewens op 'n totale styging van 138,44% vir alle lande vir die jare 1950 tot 1966 of 'n jaarlikse styging van 8.65%.

Hierdie faktor van die styging in boekproduksie word heel dikwels buite rekening gelaat by die toekenning van bedrae vir die aankoop van studiemateriaal deur universiteitsbiblioteke.

5.10 Die styging in die prys van studiemateriaal

Die gereelde snelle styging in die prys van wetenskaplike boeke en tydskrifte is 'n verdere faktor wat die uitgawe van biblioteke sterk beïnvloed en wat by die jaarlikse toekenning van 'n boeketoelaag beslis in aanmerking geneem behoort te word. Burke sê die volgende: „Not only does the production of books and journals continue to increase but the cost of these books and journals also spirals upward. Between 1949 and 1962, the cost of books increased 64.3 per cent. This is

approximately twice the rate of increase of consumer goods. The average book that sold for \$3.59 in 1949 cost \$5.90 in 1962... Scientific publications present a cost picture of almost astronomical increases".¹⁷⁾

Volgens gegewens verskaf deur die Committee on Libraries van die University Grants Committee het die pryse van Britse wetenskaplike publikasies vanaf Julie 1965 tot Junie 1966 soos volg vermeerder:¹⁸⁾

	%
Algemene en bibliografiese werke	17.4
Wysbegeerte en stielkunde	58.5
Teologie	5.8
Sosiale wetenskappe	16.3
Taalkunde	101.8
Natuurwetenskappe	10.7
Tegnologie	11.5
Skone kunste	10.7
Letterkunde	9.3
Geskiedenis en biografie	15.0
Gemiddeld	17.7

1) BURKE, J.E. The rising tide — research libraries. Stechert-Hafner book news, 18: 17-18, 1963.

18) GROOT-BRITTANJE. University Grants Committee. Committee on Libraries. Report. London, Her Majesty's Stationery Office, 1967. p. 153.

Die jongste gegewens in verband met die prys van alle boeke wat in die British national bibliography opgeneem is, toon aan dat daar van 1964-65 tot 1968-69 'n styging van 58.9% was, wat 'n gemiddelde verhoging van 14.7% per jaar beteken.¹⁹⁾

Vir die doel van hierdie studie word in bylae 16 besonder insiggewende gegewens, wat ontleen is aan die Library Association record, verstrek in verband met die pryse van vakliteratuur soos verteenwoordig in die British national bibliography oor die jare 1966-67 tot 1968-69. Daarvolgens het die prysindeks vir werke, gegroepeer volgens die hoofklasse van die Dewey-stelsel, oor die twee jaar soos volg gestyg: klas 000 8.3%, klas 100 15.2%, klas 200 34.7%, klas 300 118.6%, klas 400 195.9%, klas 500 25.8%, klas 600 25.3%, klas 700 -3.3%, klas 800 31.7%, klas 900 58.1%. 'n Verdere opname van die gemiddelde pryse van 'n seleksie boeke in die natuurwetenskappe en tegnologie, toon die volgende prysskommelings: 1964-65 tot 1965-66 +20.82%, 1965-66 tot 1966-67 -0.32%, 1966-67 tot 1967-68 +12.42%, 1967-68 tot 1968-69 +21.23%.²⁰⁾

19) AVERAGE book prices.
1969.

Library association record, 71: 246,

20) AVERAGE book prices.
1969.

Library association record, 71: 250,

Kostestudies deur die verskillende biblioteke in Engeland het 'n jaarlikse styging wat varieer tussen 5 persent en 18 persent getoon, terwyl SCONUL 'n gemiddelde jaarlikse styging van 10 persent bereken.²¹⁾ Die Committee on Libraries van die University Grants Committee stel aansluitend hierby die volgende: „The general trend is indicated also by comparison of the average prices of British books over the past ten years, which rose from 14s 2 $\frac{3}{4}$ d in 1954 to 31s 2d in the first half of 1966. These figures, taken from the half-yearly reviews of publishing statistics in The Bookseller, relate to all books issued in this country and do not necessarily reflect the increases in cost of academic works. It is our belief that the percentage increases for books normally acquired by academic libraries are higher than those for all books".²²⁾

Die Duitse Wissenschaftsrat bevind dat die boekproduksie in Wes-Duitsland met vyf persent per jaar styg en dat die pryse van boeke met 4-5% per jaar toeneem. „Nevertheless, it stated that book funds must increase annually by 10 per


21) GROOT-BRITTANJE. University Grants Committee. Committee on Libraries. Report. London, Her Majesty's Stationery Office, 1967. p. 264.

22) GROOT-BRITTANJE. University Grants Committee. Committee on Libraries. Report. London, Her Majesty's Stationery Office, 1967. p. 152.

cent. to allow for the increase in prices and also for the increase in rate of publication".²³⁾

In bylae 17 word die indeks van Wes-Duitse boekpryse vir die tydperk 1957/59 tot 1966 weergegee. Volgens hierdie gegewens, wat in figuur VIII uitgebeeld word, het die gemiddelde prys van Wes-Duitse boeke oor die tydperk met 21.3% gestyg. Dit sluit egter alle boeke in en het nie slegs op

WES-DUITSE BOEKPRYSE, 1957/59 - 1966




Figuur VIII

23) GROOT-BRITTANJE. University Grants Committee. Committee on Libraries. Report. London, Her Majesty's Stationery Office, 1967. p. 264.

wetenskaplike publikasies, waarin universiteitsbiblioteke belangstel, betrekking nie. Die volgende stygings in indeksyfer, waar 1957/59 as basis geneem is, gee 'n beeld van die prysstygings soos dit die wetenskaplike biblioteke raak: kuns 83.7, ekonomie 77.9, geskiedenis 90.1, regte 84.3, geneeskunde 51.4, teologie 107.6, natuurwetenskap 45.7, tegnologie 72.6 en wiskunde 79.1.

Die indeks vir die Amerikaanse boeke het volgens bylae 18 gestyg van 100 in 1947/49 tot 235.9 in 1968 of van 100 in 1957-59 tot 160.1 in 1968. Dit hou in dat biblioteke in 1968

AMERIKAANSE BOEKPRYSE, 1947 - 1968




Figuur IX

dus ongeveer 60 persent meer sou betaal om dieselfde boeke as nege jaar vantevore aan te koop. Op die volgende studiereine het die indeksyfer oor die tydperk 1957/59 tot 1968 volgens bylae 18 soos volg gestyg: kuns 10.1, biografie 79.9, ekonomie 55.1, opvoedkunde 30.1, geskiedenis 44.5, regte 44.4, werke oor letterkunde 135.8, geneeskunde 53.1, musiek 45.4, teologie 61.4, natuurwetenskappe 46.2 en tegnologie 55.2.

Volgens beskikbare gegewens toon die intekengeld op wetenskaplike tydskrifte ongeveer dieselfde stygingspatroon as boekpryse.

AMERIKAANSE TYDSKRIFPRYSE, 1947 - 1968



Figuur X

In bylae 19 word die pryse van tydskrifte op die verskillende terreine in die Verenigde State vanaf 1947-49 tot 1968 verstrekk. Daaruit blyk dat die gemiddelde subskripsieprys van \$3.62 tot \$8.65 oor die tydperk gestyg het. Met 1947-49 as basisjaar het die prysindeks tot 1968 met 138.9% of 7.31% per jaar gestyg. As 1957-59 as basisjaar geneem word, was die styging 75.8% of 8.42% per jaar.

Daar kon nie inligting verkry word oor tydskrifpryse van Groot-Brittanje en Duitsland afsonderlik nie. 'n Besonder waardevolle verslag van 'n opname van intekengelde van 'n verteenwoordigende monster tydskrifte van verskillende lande, wat deur wetenskaplike biblioteke aangekoop word, deur mev. W.I. Veasey gedoen, is onlangs in die Library Association record gepubliseer.²⁴⁾ Die gegewens in bylaes 20.1, 20.2, 20.3, 20.3.1, 20.3.2 en 20.3.3 is aan hierdie studie ontleen. Daaruit blyk dat die pryse oor die vier jaar van 1965 tot 1969 met 55% of 13.75% per jaar gestyg het. Dit is belangrik om in dié verband te let op die styging in subskripsiegeld vir universiteitsbiblioteke op die onontbeerlike publikasie, Chemical abstracts, van \$7 in 1948-49 tot \$1060 in 1969.²⁵⁾


24) VEASEY, W.I. Comparative index to periodical prices. Library association record, 71: 242, 1969.

25) CHAPMAN, T.S. The cost of material for a science library. Special libraries, 57: 387, 1965.

Ondersoeke wat in 1965 gedoen is, het getoon dat die pryse van tipiese wetenskaplike tydskrifte in die geval van die Universiteit van Natal met 9.34% en in die geval van die Potchefstroomse Universiteit met 8.68% per jaar styg.²⁶⁾

Dit blyk uit die gegewens hierbo verstrekkend dat die pryse van

BOEK- EN TYDSKRIFPRYSE, 1947/49 - 1967 (Amerikaans)




Figuur XI

26) Inligting verstrekkend deur die betrokke universiteitsbibliotekaris.

beide boeke en tydskrifte min of meer dieselfde stygingspatroon volg. Dit word veral ten opsigte van Amerikaanse publikasies duidelik deur figure XI, XII en XIII geïllustreer.


Uit die voorgaande blyk dit duidelik dat die reëlmatige styging in die pryse van biblioteekmateriaal 'n faktor is waarmee deeglik rekening gehou moet word by die vasstelling van 'n boeketoelaag aan universiteitsbiblioteke. Die Committee on Libraries het na oorweging van 'n verskeidenheid faktore bevind dat „... the evidence submitted to us

PRYSE VAN BIBLIOTEEKMATERIAAL IN DIE V.S.A., 1957 - 1967



Figuur XII

PRYSE VAN BIBLIOTEEKMATERIAAL IN DIE V.S.A., 1947 - 1967



Figuur XIII

suggests that university libraries must budget for an annual rate of not less than 10 per cent., and that in some libraries with scientific and technological bias, (including medicine), the annual rate of increase may be as high as 15 per cent".²⁷⁾

27) GROOT-BRITTANJE. University Grants Committee. Committee on Libraries. Report. London, Her Majesty's Stationery Office, 1967. p. 153.

Na aanleiding van sy studie van die invloed van die faktore van vermeerdering in boekproduksie en die stygende pryse kom T.S. Chapman tot die volgende konklusie: „In budgeting for a scientific library, it appears conservative to allow at least 12 per cent for an increase in the volume of library materials and at least eight per cent additional for the increase in the unit cost of this material. The materials cost of a library is compounding at a rate of 20 per cent a year!"²⁸⁾

5.11 Ander faktore

Nuwere ontwikkelinge op tegnologiese gebied sal sonder twyfel in die toekoms die biblioteek in sy materiaalvoorsiening deur byvoorbeeld die aanwending van mikrodrukke vir duurdur en moeilik bekombare materiaal, en in sy organisasie en ontsluitingsaktiwiteite deur die gebruik van die rekenoutomaat en ander moderne ontsluitingstegnieke, drasties beïnvloed. Hierdie ontwikkelinge, veral ten opsigte van outomatisering, is tans nog op so 'n proefondervindelike stadium dat die uitwerking daarvan op die finansiering van die universiteitsbiblioteek op hierdie stadium nog nie bepaalbaar is nie.

28) CHAPMAN, T. S. The cost of materials for a science library. Special libraries, 56: 387, 1965.

6 Subsidiëring van die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteek

6.1 Aangesien die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteek hoofsaaklik van die universiteit afhanklik is vir inkomste, is dit belangrik om 'n kort oorsig te gee oor die bronne van inkomste van die universiteit self, dus die finansiering van die Suid-Afrikaanse universiteit.

Die Suid-Afrikaanse universiteit is 'n staatsondersteunde instigting. Dit hou in dat die Staat finansiële hulp gee wat deur die universiteit uit eie bronne aangevul word.

Sedert die stigting van die Unie van Suid-Afrika in 1910, was verskillende aspekte van universiteitsopleiding, fasiliteite en finansiering van tyd tot tyd die onderwerp van spesiale ondersoeke deur die volgende regeringskommissies:

Die Thomson-kommissie (1910)¹⁾

Die Laurence-kommissie (1914)²⁾

1) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Commission upon Matters Concerning Higher Education in the Union. Report of a commission appointed to inquire into and report. Pretoria, Government Printing and Stationery Office, 1911. (U.G. 48-'11) Voorsitter: W. Thomson.

2) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Universiteits Kommissie. Rapport. Kaapstad, Cape Times, Goewerments Drukkers, 1914. (U.G. 42-'14) Voorsitter: P.M. Laurence.

- Die Van der Horst-kommissie (1928)³⁾
 Die Adamson-komitee (1933)⁴⁾
 Die Du Toit-komitee (1944)⁵⁾
 Die Holloway-kommissie (1951)⁶⁾
 Die Wiehahn-onderzoek (1958)⁷⁾
 Die Cilliers-komitee (1961)⁸⁾

- 3) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Uniwersiteitskommissie. Rapport. Pretoria, Goewermentsdrukkery, 1928. (U.G. 33-'28) Voorsitter: J. G. P. van der Horst.
- 4) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Unie-Onderwys, Dept. Komitee van Onderzoek insake Subsidies aan Uniwersiteite, Uniwersiteitskolleges en Tegniese Kolleges, 1933. Verslag. Pretoria, Staatsdrukker, 1934. (U.G. 8-1934) Voorsitter: J. A. Adamson.
- 5) SUID-AFRIKA (Republiek) Komitee van Onderzoek na die Vyfjaarlikse Hersiening van Universitêre Subsidieformules. Verslag, 1964 - '68. Pretoria, Staatsdrukker, 1963. p. 155-56. Du Toit-verslag, oorspronklik as An. 26-1945 gepubliseer.
- 6) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Kommissie van Onderzoek na Universiteitsfinansies en -salarisse. Verslag, 1951. 1953. Voorsitter: J. E. Holloway.
- 7) HOEK, WIEHAHN EN CROSS. Verslag oor die ondersoek na wysigings in die konstantes en persentasies van die formule vir die berekening en staatstoekennings vir algemene doeleindes aan universiteite en sekere verwante aangeleenthede. Pretoria, 1958.
- 8) SUID-AFRIKA (Republiek) Komitee van Onderzoek na die Vyfjaarlikse Hersiening van Universitêre Subsidieformules. Verslag, 1964 - '68. Pretoria, Staatsdrukker, 1963. Voorsitter: A. C. Cilliers.

6.2 Volgens die Verslag van die Komitee van Onderzoek na die Vyfjaarlikse Hersiening van Universitêre Subsidieformules, 1963,⁹⁾ kan verskillende fases van staatshulp aan die universiteite onderskei word:

Van 1911 tot 1923 is die hulptoelaes aan universitêre inrigtings gebaseer op 'n stelsel van beheerde uitgawes, soos verteenwoordig deur salarisse, instandhouding en algemene uitgawe, skuldkoste op staats- en private lenings en beurse en studiebeurse. Daarmee is 'n nuwe eksperiment ten opsigte van die hoër onderwys onderneem, en tot tyd en wyl die verskillende inrigtings kon toon dat hulle hul eie sake doeltreffend en ekonomies kon hanteer, het die Staat dit raadsaam geag om self oor hulle geldsake te waak, en om sy finansiële steun langs definitiewe en spesifieke kanale te lei.

Die volgende fase is in 1922 bereik met die toepassing van nuwe regulasies wat opgestel is kragtens artikel 12 van Wet nr. 20, 1917.¹⁰⁾ Daarvolgens is daar 'n bepaalde bedrag

9) SUID-AFRIKA (Republiek) Komitee van Onderzoek na die Vyfjaarlikse Hersiening van Universitêre Subsidieformules. Verslag, 1964 - '68. Pretoria, Staatsdrukker, 1963. Voorsitter: A. C. Cilliers. p. 143 e. v.

10) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Unie-Onderwys, Dept. van. Kennisgewing van wysiging van regulasies onder wet 20 van 1917 met betrekking tot toelae aan uniwersiteite en uniwersiteitskolleges. Kennisgewing nr. 755. (In Unie van Suid-Afrika. Staatskoerant, dl. 72, nr. 1696/1715, April - Junie, 1928. Pretoria, 1929. p. 179-80) Goewermentskennisgewing 755 van 4 Mei 1928.

vir salarisse, onderhoud, algemene uitgawes en spesiale toelaes deur die Parlement bewillig. Universiteite kon hierdie bedrae, onder die toesig van hul Rade, na goeddunke bestee. Verder is daar ook voorsiening gemaak vir 'n vasgestelde outomatiese jaarlikse vermeerdering van die toelaes.

Deur aan die rade van die verskillende inrigtings 'n groter mate van diskresie te gee in verband met die beskikking oor die hulptoelae, het dit aan die universitêre inrigtings 'n groter mate van verantwoordelikheid en outonomie verleen. Hierdie verbetering in die opvoedkundige beleid, sover dit die hulptoelae van die staat betref, was hoofsaaklik verantwoordelik vir die aansienlike ontwikkeling gedurende die tydperk 1924 - 1930.

Die derde fase in die geskiedenis van hulptoelae, 1928-1933, is ingelei deur Goewermentskennisgewing Nr. 755 van 4 Mei 1928,¹¹⁾ waarvolgens 'n moontlike verhoging van tien persent wat in die Regulasies van 1922 beoog is, vanaf 1 April 1928 tot vyf persent verminder is.

11) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Wette. Wet tot Addisionele Regeling van het Hoger Onderwijs. Wet tot betere regeling van die verhouding tussen die Regering en zekere Kolleges in die Unie en tot wijziging dienovereenkomstig van de wetten betreffende zodanige kolleges... (In Unie van Zuid-Afrika. Wetten. Cape Town, 1917. p. 51-73) Wet 20 van 1917.

Omstreeks hierdie tyd het die Van der Horst-kommissie sy Verslag¹²⁾ ingedien, en dit het waarskynlik 'n invloed op die staatsbeleid gehad. Sy aanbevelings ten opsigte van hulptoe- laes aan universiteite is blykbaar gretig deur die Regering aangegryp toe die depressie en die goudstandaardbeleid in die vroeë dertiger jare swaar beperkings op die ekonomiese lewe van die land gelê het. Die voorgestelde beleid van stabi- lisering van toelaes op die peil van daardie tyd is in 1931 deur die Wet op Finansiële Voorsiening op Hoër Onderwys ge- wettig en aan die minister is die mag verleen om die bedrag van die toelae aan elke universiteit van jaar tot jaar te be- paal. Dit het meegebring dat die toelaes aan universitêre inrigtings gedurende die depressiejare arbitrêr besnoei is en dat die universiteite hulle finansieel in 'n benarde posisie bevind het.

Die Adamson-komitee se uitbreiding van die formule-idee, 1933-1936, vorm die vierde fase. Die grondgedagtes vervat in die Adamson-verslag¹³⁾ was dat die hoofsubsidie gestabi-

12) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Uniwersiteitskommissie. Rapport. Pretoria, Goewermentsdrukkery, 1928. (U.G. 33-'28) Voor- sitter: J. G. P. van der Horst.

13) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Unie-Onderwys, Dept. Komitee van Onderzoek insake Subsidies aan Uniwersiteite, Uniwersiteits- kolleges en Tegniese Kolleges, 1933. Verslag. Pretoria, Staatsdrukker, 1934. (U.G. 8-1934) Voorsitter: J. E. Adamson.

liseer moet word vir 'n bepaalde driejarige tydperk en dat die subsidie gebaseer moet word op die inkomste van die universiteite. Die Adamson-komitee het dan ook 'n subsidie-formule aanbeveel wat gebaseer is op inkomste aan leergelde, rente op skenkings, ander normale wederkerende inkomste en ander nie-wederkerende inkomste. Die Regering het die eerste twee beginsels aanvaar, dog nie die formule nie, en het aan alle universitêre inrigtings in 1935 en 1936 dieselfde vasgestelde toelaes as in 1934 gegee.

Gedurende die tydperk 1936 tot 1944 is die universiteite gesubsidieer volgens formules, ook op eie inkomste gebaseer, wat deur die Staat self ontwerp is, met 'n beperking van 'n maksimum subsidie van £100,000 aan 'n universiteit. Hierdie beperking het veroorsaak dat veral die groter universiteite in 'n ernstige finansiële krisis beland het.

Die Du Toit-kommissie se aanbevelings het meegebring dat 'n nuwe komponent tot die subsidieformule toegevoeg is, naamlik 'n subsidie op studentegetalle, en dat 'n Adviserende Universiteitskomitee, op die model van die University Grants Commission in Brittanje in die lewe geroep is met die volgende funksies:¹⁴⁾

14) SUID-AFRIKA (Republiek) Komitee van Onderzoek na die Vyfjaar-
likse Hersiening van Universitêre Subsidieformules. Verslag,
1964 - 1968. Pretoria, Staatsdrukker, 1963. Voorsitter:
A.C. Cilliers. p. 156.

- „(a) om enige voorstelle van enige inrigting vir die instelling van nuwe fakulteite, departemente of professorate te ondersoek;
- (b) om alle versoeke om verbetering van salarisskale te ondersoek;
- (c) om voorstelle vir die oprigting van nuwe geboue en uitbreidings te ondersoek;
- (d) om die basis van staatsubsidie van tyd tot tyd, indien dit nodig geag word, te ondersoek en te hersien;
- (e) enige ander sake wat die Minister na die Komitee wil verwys".

Die finansiële voorsiening aan universiteite het egter so ontoereikend geblyk dat die Regering op 15 Augustus 1951 die sogenaamde Holloway-kommissie benoem het met die volgende opdrag:¹⁵⁾

„Om ondersoek in te stel en aanbevelings te doen oor -

- (1) die beleid wat gevolg moet word om die bate wat die land aan sy universiteite het so doeltreffend moontlik te maak en dit so te ontwikkel dat die land die grootste mate van voordeel daaruit kan trek;

15) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Kommissie van Onderzoek na Universiteitsfinansies en -salarisse. Verslag, 1951. 1953. Voorzitter: J. E. Holloway. p. 1

(2) 'n grondslag waarvolgens die staat geldelike steun aan universiteite sal verleen met inagneming, onder andere, van -

(a) die vryheid en selfstandigheid van die universiteite as statutêre liggame en tegelykertyd die noodsaaklikheid om die staat teen onbepaalde geldelike verpligtings te vrywaar;

(b) toereikende salarisse en toelaes van doserende en ander personeel;

(c) die grondslag waarop personeel in fakulteite of departemente van dieselfde aard aan die verskillende universiteite voorsien moet word;

(d) huisvesting en toerusting;

(e) navorsing;

(f) studentetalle;

(g) klasgelde, losiesgelde en beurse;

(h) inkomste uit ander bronne;

(i) opleidingskoste per student in verskillende fakulteite en departemente;

(j) onnodige oorvleueling van opleidingsgeriewe; en

(3) sodanige ander aangeleenthede as wat die Kommissie in verband met sy ondersoek van belang mag ag".

Die kompleks van subsidieformules deur hierdie Kommissie aanbeveel, soos deur die Regering aanvaar, het die bly-

wendste fase van staatshulp aan ons ontwikkelende universitêre stelsel gebring. Hierdie formule wat op 1 Januarie 1953 in werking getree het, het tot 1968 gegeld. Die waarde van sekere komponente is wel met verloop van tyd gewysig as gevolg van die aanbevelings van die Wiehahn-kommissie ¹⁶⁾ vir die tydperk 1959 tot 1963, en die Komitee van Onderzoek na die Vyfjaarlikse Hersiening van Universitêre Subsidieformules, onder voorsitterskap van prof. A.C. Cilliers, vir die vyf jaar 1964 tot 1968. ¹⁷⁾ Die jongste verslag met aanbevelings vir 1969 tot 1973 van die laasgenoemde Kommissie is nog nie beskikbaar gestel nie.

As vernaamste steunpilare waarop die Holloway-subsidieformule berus, geld die volgende:

- (1) basiese subsidie, gebaseer op die aantal goedgekeurde studiedepartemente en wat bereken word teen die goedgekeurde maksimum salaris van die standaardskaal van 'n professorale hoof vir elke departement.

16) HOEK, WIEHAHN EN CROSS. Verslag oor die ondersoek na wysigings in die konstantes en persentasies van die formule vir die berekening van staatstoekennings vir algemene doeleindes aan universiteite en sekere verwante aangeleenthede. Pretoria, 1958.

17) SUID-AFRIKA (Republiek) Komitee van Onderzoek na die Vyfjaarlikse Hersiening van Universitêre Subsidieformules. Verslag, 1964 - 1968. Pretoria, Staatsdrukker, 1963. Voorstter: A.C. Cilliers.

(2) standaardvoorsiening wat uit die volgende komponente bestaan:

- a. Onderrigbehoefes in verhouding tot die aantal studente
- b. Administrasiebehoefes
- c. Biblioteekbehoefes
- d. Laboratoriumbehoefes
- e. Ander wederkerende behoeftes, soos die onderhoud van terreine en geboue, rente op en delging van lenings vir behoeftes van 'n kapitaalaard, bydraes van die Raad tot die pensioen- en voorsieningsfonds, publisiteit, ens.

(3) Lewenskostetoelaes".¹⁸⁾

6.3 Subsidiëring van universiteitsbiblioteke voor 1953

Uit die bespreking van die subsidiëring vir universiteite blyk dit duidelik dat daar voor 1953 geen afsonderlike voorsiening deur die Staat aan die universiteite vir die universiteitsbiblioteek gemaak is nie. Dit het elke universiteitsraad vrygestaan om enige willekeurige bedrag uit die karige en reeds onvol-

18) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Kommissie van Onderzoek na Universiteitsfinansies en -salarisse. Verslag, 1951. 1953. Voorsitter: J. E. Holloway. p. 28.

doende universiteitsinkomste aan die biblioteek beskikbaar te stel.

Soos reeds in paragrawe 4.3.1 en 4.3.2 aangetoon, was feitlik alle universiteitsbiblioteke onvoldoende toegerus ten opsigte van studiemateriaal en personeel. Daar is ook in paragraaf 4.2 uit die Verslae van die Onderwysdepartement aangedui dat die Departement telkens daarop gewys het dat, wanneer die finansiële nood die universiteite gedruk het, die biblioteektoelaage eerste ingekrimp is, en dat dit nie 'n gewenste toestand van sake is nie.

Inligting oor die uitgawe en inkomste van die verskillende universiteitsbiblioteke voor 1951 is moeilik bekombaar en is nie vergelykbaar nie aangesien die gegewens nie eenvormig verskaf is nie.

In bylaes 21.1 tot 21.8 word gegewens oor die uitgawe van die verskillende universiteitsbiblioteke vir die jare 1951 en 1952 verstrekk, dit wil sê, vir die tydperk wat aan die Holloway-onderzoek direk voorafgegaan het. Volgens die gegewens in verband met universiteitsinkomste van 1911 af, soos verstrekk word in die jongste beskikbare Verslag van die Komitee van Onderzoek na Universitêre Subsidieformules,¹⁹⁾ het die

19) SUID-AFRIKA (Republiek) Komitee van Onderzoek na die Vyfjaarlikse Hersiening van Universitêre Subsidieformules. Verslag, 1964 - 1968. Pretoria, Staatsdrukker, 1953. Voorsitter: A.C. Cilliers. p. 154 (a) - 1954 (e)

universiteite voor 1951 kleiner bedrae aan subsidie van die Staat ontvang en was hulle totale inkomste ook kleiner as na 1951. Hiervan kan met veiligheid afgelei word dat die finansiële voorsiening vir universiteitsbiblioteke voor 1951 ook swakker was as daarna.

Die gegewens oor die finansiering van universiteitsbiblioteke in 1951 en 1952, soos vervat in die laasgenoemde bylaes, word in verwerkte vorm in tabel 10 weergegee om gemiddelde uitgawes per student vir die twee jaar aan te dui.

UITGAWES PER STUDENT, 1951 - 1952

Universiteit	Salaris en Lone	Boeke, Tyd- skrifte en inbinding	Diverse uitgawes	Totaal
	R	R	R	R
A	6.48	4.72	0.10	11.30
B	8.03	4.58	0.41	13.02
C	12.78	4.46	2.00	19.24
D	5.41	5.44	0.16	11.01
A - D	8.52	4.72	0.73	13.97
E	8.12	6.31	0.99	15.42
F	13.49	10.53	-	24.02
G	4.36	5.87	0.06	10.29
H	8.84	10.98	-	19.82
E - H	8.37	7.86	0.39	16.62
A - H	8.49	5.48	0.65	14.62

Tabel 10

By die vier groter universiteite het die uitgawe gedurende die tydperk 1951 tot 1952 van R11.01 tot R19.24 per student gewissel met 'n gemiddeld van R13.97. In die geval van die vier kleiner universiteite het die biblioteekuitgawe van R10.29 tot R24.02 per student gevarieer, en hulle het gemiddeld R16.62 teenoor die R13.97 per student van die groter universiteite uitbestee.

Hierdie bedrae, wat aan die biblioteke beskikbaar gestel is om uit te bestee, was so ontoereikend dat dit nie moontlik was om doeltreffende biblioteke uit te bou nie, en saam met die universiteitsowerhede het die universiteitsbibliotekarisse met groot verwagting na die vrystelling van die Verslag van die Holloway-kommissie uitgesien.

6.4 Die Holloway-subsidieformule

6.4.1 In die opdrag van die Holloway-kommissie word die universiteitsbiblioteek nie afsonderlik genoem nie. Die Kommissie het egter die waarde van 'n goed toegeruste universiteitsbiblioteek besef, en aangesien die uitbou van 'n universiteitsbiblioteek swaar finansiële implikasies vir universiteite inhou, het die Kommissie tydens sy ondersoek aan biblioteekbehoefte deeglik aandag geskenk.

Benewens die vertoë van die universiteite in belang van hulle biblioteke het die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging ook

'n memorandum aan die Kommissie voorgelê waarin die biblioteek as bate vir die universiteit en die vereistes ten opsigte van studiemateriaal, huisvesting en toerusting en van personeelvoorsiening saaklik uiteengesit word. (Bylae

1) Die Vereniging beveel onder meer die volgende aan in verband met die voorsiening van studiemateriaal:

- „(i) dat die Universiteite in staat gestel word om hulle biblioteektoelae reëlmatig te verhoog sodat dit met die literatuurbehoefte wat deur die uitbreiding geskep word, tred kan hou;
- (ii) dat die Universiteite in staat gestel word om hulle biblioteektoelae so te verhoog dat die uitwerking van die verhoogde koste van boeke en tydskrifte geneutraliseer word;
- (iii) dat spesiale fondse beskikbaar gestel word om die agterstand aan dokumentasiemateriaal in te haal...²⁰⁾

In sy Verslag lewer die Holloway-kommissie bewys van 'n besondere insig in die waarde van die universiteitsbiblioteek, sy probleme en sy finansiële behoeftes. Vir die uitvoering van die onderrig- en navorsingsfunksies van die universiteit beskou hy die instandhouding van 'n toereikende biblioteek as onontbeerlik.

20) SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEKVERENIGING. Memorandum insake universiteitsbiblioteke ter inligting van die Kommissie van Onderzoek na Universiteitsfinansies. 1951. p. 8.

Hy het bevind dat geen Suid-Afrikaanse universiteit in die verlede in staat was om sy biblioteek op te bou tot die peil wat as wenslik beskou word, of om die vereiste personeel te verskaf nie, en dat die jongere universiteite die grootste tekort aan fasiliteite het (paragraaf 91).

„As gevolg van die geldskaarste waarmee die universiteite die afgelope paar jaar te kampe gehad het, het byvoegings tot die boekvoorrade nie tred gehou met die produksie van nuwe en nodige materiaal nie en elke biblioteek staan voor 'n tekort aan werke wat met die steeds stygende koste van drukwerk nie uit lopende inkomste ingehaal kan word nie" (paragraaf 223).

Die Kommissie wys ook daarop dat universiteitsrade in tye van geldskaarste gevind het „dat dit die maklikste was om biblioteekuitgawes te besnoei wanneer besparings gemaak moes word" (paragraaf 92).

Hy stel die noodsaaklikheid van opgeleide personeel vir die uitbreiding en ontsluiting van die studiemateriaal (paragraaf 222) en lê die volgende belangrike stelling neer: „dit volg dus dat die bibliotekaris (mits hy die vereiste kwalifikasies vir die pos besit) professorale status moet hê en dat die standdaardsalaris aan sy pos verbonde dieselfde moet wees as dié wat vir die hoof van 'n basiese departement voorgeskryf is. Die standdaardsalarisse vir ander professionele grade in die biblioteekdiens van 'n universiteit moet met dié

van die doserende personeel ooreenstem" (paragraaf 116).

6.4.2 In die subsidieformule, wat deur die Kommissie aanbeveel is, en deur die Staat aanvaar is, word dan ook, soos reeds vermeld, vir die eerste keer besondere voorsiening gemaak vir die subsidiëring van die universiteitsbiblioteek. Die Kommissie se aanbevelings in verband met die subsidiëring vir biblioteekdoeleindes hou die volgende in:

- i) dat die biblioteek as een van die basiese studiedeptemente beskou word en dat die universiteit aan basiese subsidie, 'n bedrag wat gelykstaan aan die goedgekeurde maksimum salaris van die standaardskaal van die professorale hoof van 'n departement, sal ontvang (paragrafe 66 en 67).²¹⁾
- ii. dat onder komponent (c) van die standaardvoorsiening 'n subsidie van £7 vir elke voltydse student, wat vir 'n kursus wat onder komponent (a) vir subsidiedoeleindes erken word, ingeskryf is, bereken word (paragraaf 93).

Alhoewel dit die uitgangspunt van die Kommissie was dat universiteite nie aan bande gelê moes word om die totale subsidie, wat hulle ontvang, aan die afsonderlike komponente

21) Daar moet op gewys word dat die woord biblioteekwese op bladsy 31 van die Afrikaanse uitgawe van die Verslag 'n verkeerde vertaling van die woord Library in die oorspronklike teks is.

onder die formule te bestee nie, doen hy aan die hand dat „elke universiteitsraad hierdie komponent saam met die basiese subsidie vir die biblioteek slegs aan biblioteekdoel-eindes moet bestee" (paragraaf 93).

Die Kommissie het gemeen dat die voorsiening onder hierdie formule voldoende sou wees om elke universiteit in staat te stel om die nodige lopende uitgawe aan studiemateriaal, personeelsalarisse en algemene uitgawes te dek.

Die Kommissie stel duidelik dat die inhaal van die agterstand in versamelings nie uit die bedrae wat onder die subsidieformule ontvang word, bekostig behoort te word nie. In paragraaf 223 stel die Kommissie dit soos volg: „Die standaard vir die finansiële voorsiening vir biblioteke wat elders in hierdie verslag voorgestel word, is bedoel net om die lopende jaarlikse uitgawes aan personeel, boeke, tydskrifte en ander wederkerende items te dek en sal nie, volgens die mening van u Kommissie, 'n universiteit in staat stel om materiaal aan te koop om die agterstand wat deur vroeëre gebrek aan koopkrag veroorsaak is, in te haal nie. Hiervoor sal spesiale skenkings nodig wees. Dit mag vir 'n universiteitsraad moontlik wees om uit sy vrye inkomste sekere toelaes vir hierdie doel toe te staan; indien sulke toelaes onvoldoende of glad nie beskikbaar is nie, sal die universiteit vir fondse wat verlang word by private weldoeners of die Staat moet aanklop. U Kommissie is nie in staat om die bedrag te bere-

ken wat elke biblioteek nodig sal hê om die agterstand in die aankope in te haal nie, maar is van mening dat dit 'n saak is wat wel deur die voorgestelde Kommissie oor Universiteitstoekennings ondersoek kan word".

In paragraaf 132 word die volgende in verband met hulp aan biblioteke vir agterstandsbehoeftes deur die voorgestelde Kommissie oor Universiteitstoekennings gestel: „Die Kommissie behoort geld tot sy beskikking te hê om, wanneer die geleentheid hom aanbied, tekorte in noodsaaklike reekse boeke en tydskrifte aan te vul. Dit is die geval dat sulke boeke en tydskrifte van tyd tot tyd alleen by 'n oudheidkundige verkrygbaar is, of by die uitverkoping van 'n bestaande private versameling. Die Kommissie behoort in staat te wees om van sulke geleenthede gebruik te maak".

- 6.4.3 Die hoë verwagtings wat van die aanbevelings van die Holloway-kommissie gekoester is, is in 'n groot mate teleurgestel. Om hierdie stelling te staaf, word na die gegewens in tabel 11, wat aan bylae 21 ontleen is, verwys. Waar die gemiddelde biblioteekuitgawe vir universiteite A tot D, wat die vier grotere universiteite verteenwoordig, in 1951/52 R13.97 per student bedra het, het die gemiddelde totale subsidie wat in 1953 aan hierdie universiteite toegeken is R14.32 per ingeskrewe student beloop, wat 'n vermeerdering van R0.35 beteken. In die geval van die vier kleinere univer-

UITGAWES EN SUBSIDIE PER STUDENT, 1951/2 en 1953²²⁾

Universiteit	1952/52 Gemiddelde uitgawe	1953 Subsidie per Student
	R	R
A	11.30	13.56
B	13.02	14.44
C	19.24	15.37
D	11.01	13.66
Gemiddeld A tot D	13.97	14.32
E	15.42	13.59
F	24.02	15.47
G	10.30	16.49
H	19.81	17.50
Gemiddeld E tot H	16.62	15.38
Gemiddeld A tot H	14.62	14.59

Tabel 11

- 22) Opmerking 1 Voor 1953 was daar geen grondslag waarvolgens subsidie aan biblioteke bereken is nie, en derhalwe word die uitgawe, wat ook die inkomste van die biblioteke verteenwoordig vir vergelykingsdoeleindes as basis geneem.

Opmerking 2 Nie alle ingeskrewe studente word volgens die Holloway-formule vir subsidie in aanmerking geneem nie, maar slegs studente wat ingeskryf is vir kursusse wat onder die formule vir subsidiedoeleindes goedgekeur is. Om 'n getroue basis vir vergelyking met die uitgawes in 1951/52 te vind, word in hierdie tabel 'n berekening gegee van die bedrae wat die verskillende universiteite per voltydse ingeskrewe student in 1953 aan subsidie ontvang het.

siteite, E tot H, het die uitgawes in 1951/52 R16.62 per student beloop, terwyl hulle in 1953 onder die Holloway-formule 'n subsidie van R15.38 per ingeskrewe student ontvang het, wat R1.24 minder is. Gesamentlik het die agt universiteite R0.03 per student minder as die werklike uitgawes per student in 1951/52 ontvang.

Die vasstelling van die werklike biblioteekbehoefte moes onteenseglik vir die Kommissie groot probleme opgelewer het. In paragraaf 32 van sy Verslag stel hy die volgende: „U Kommissie moet egter die finansiële probleem in die lig van die teenswoordige oorweeg. 'n Absolute norm van wat verskaf moet word, bestaan nie. Ons moet ons dus as Kommissie stel voor die basiese probleem wat gewoonlik ontstaan met die ekonomiese aanwending van bates, nl. hoe om die grootste voordeel te trek uit beperkte middele. In die toekoms ook sal die Staat sowel as die universiteite gedurig hulle beslissings aan hierdie toets moet onderwerp”.

Tog bly dit onverklaarbaar dat die Kommissie, wat in sy Verslag blyke gee van 'n besondere insig in die behoeftes en besef van die waarde van die universiteitsbiblioteek vir studie en navorsing, die bedrag onder standaardvoorziening so laag vasgestel het, dat universiteite onder die formule minder subsidie vir biblioteekdoeleindes ontvang as wat hulle voorheen aan hulle biblioteke bestee het. Die feit dat die subsidie te laag vasgestel is, word erken deur die Komitee van Onderzoek

na die Vyfjaarlikse Hersiening van Universitêre Subsidieformules (1964 tot 1968) as hy in sy Verslag die volgende stel: „Volgens die beraming van 1953 sou die waarde van hierdie komponent (komponent (c) vir biblioteekuitgawes) van die Standaardvoorsiening gedek word deur 'n basiese subsidie van een leerstoel en 'n standaardvoorsiening van £7 per voltydse student. Dit het egter geblyk dat hierdie beraming heeltemaal onvoldoende was, aangesien dit implisiet die uiters belangrike item van standdaarsalarisse van die hele personeel uitgesluit het, met die uitsondering van die salaris van die hoofbibliotekaris wat deur die basiese subsidie gedek was".²³⁾

Hierdie aanvanklike onvoldoende voorsiening onder die formule het in die jare na 1953 'n nadelige invloed op die finansiële voorsiening aan universiteitsbiblioteke gehad. Al het verskeie universiteite die bedrag aan subsidie ontvang, sover as hulle vermoë dit toegelaat het, uit eie fondse aangevul, het die subsidietoekenning sonder twyfel die uitgawe van biblioteke ernstig aan bande gelê. By die aanpassings van die fomule na 1958 is hierdie reeds beperkte uitgawes telkens as basis geneem vir die nuwe waardes wat onder die komponent toegestaan is.

23) SUID-AFRIKA (Republiek) Komitee van Onderzoek na die Vyfjaarlikse Hersiening van Universitêre Subsidieformules. Verslag, 1964 - '68. Pretoria, Staatsdrukker, 1963. Voorsitter: A.C. Cilliers. p. 182.

Die gebrekkige voorsiening wat onder die Holloway-formule vir biblioteke gemaak is, blyk nog duideliker uit die besonderhede van die totale bedrae aan subsidie ontvang en die bedrae vir biblioteekdoeleindes uitbestee gedurende die tydperk 1953 tot 1958 soos vervat in bylaes 21 en 22, waarvan 'n uittreksel in tabel 12 gegee word.

TOTALE BIBLIOTEEKSUBSIDIE EN -UITGAWE, 1953 - 1958

Universiteit	1	2	Verskil tussen kolom 1 en 2	
	Subsidie	Uitgawe	Verskil	Persentasie van 1
	R	R	R	%
A	349,734	386,311	+ 36,577	+10.46
B	373,317	502,070	+128,753	+34.49
C	339,024	587,388	+248,364	+73.26
D	205,030	214,076	+ 9,046	+ 4.41
A - D	1,267,105	1,689,845	+422,740	+33.36
E	187,338	299,306	+111,968	+59.77
F	110,600	244,892	+134,292	+121.42
G	126,980	192,222	+ 65,242	+51.38
H	79,996	123,450	+ 43,454	+54.32
E - H	504,914	859,870	+354,956	+70.30
A - H	1,772,019	2,549,715	+ 777,696	+43.89

Tabel 12

Gedurende die ses jaar moes die vier groter universiteite, A tot D, hulle totale subsidie van R1,267,105 met R422,740 aanvul wat 33.36% van die subsidiebedrag beteken, terwyl die vier kleiner universiteite uit hulle meer beperkte vrye inkomste 'n bedrag van R354,956 moes bypas, wat 70.30% van die

totale subsidie van R504,914 verteenwoordig. By die totale subsidie van R1,772,019 wat die agt universiteite gesamentlik oor die ses jaar ontvang het, moes hulle R777,696, of 43.89% van die subsidie toevoeg.

In tabel 13 word die gemiddelde subsidie per jaar en die gemiddelde uitgawe per jaar per student vir die ses jaar, 1953 tot 1958, bereken volgens die aantal subsidiestudente van die vorige jaar, weergegee.

GEMIDDELDE BIBLIOTEEKSUBSIDIE EN -UITGAWE PER JAAR PER SUBSIDIESTUDENT, 1953 - 1958

Universiteit	Subsidie	Uitgawe	Verskil
	R	R	R
A	14.71	16.25	1.54
B	14.66	19.71	5.05
C	14.73	25.52	10.79
D	15.25	15.91	0.66
A - D	14.78	19.72	4.94
E	16.27	25.99	9.72
F	16.51	36.55	20.04
G	16.13	24.43	8.30
H	17.72	27.35	9.63
E - H	16.50	28.10	11.60
A - H	15.24	21.92	6.68

Tabel 13

Die vier groter universiteite moes bedrae wat varieer van R0.66 tot R5.05, met 'n gemiddeld van R4.94 per subsidie-

student, by die bedrag wat hulle aan subsidie ontvang het, bypas. Hoe onvoldoende die subsidietoekenning was, blyk in nog hoër mate uit die gegewens vir die vier kleiner universiteite, E tot H. In hulle geval het die biblioteekuitgawe die subsidie met bedrae wat varieer van R8.30 tot R20.04 per subsidiestudent oorskry. Die agt universiteite saam het oor die ses jaar gemiddeld R15.24 per jaar per subsidiestudent aan subsidie ontvang, terwyl hulle R21.92, wat R6.68 hoër as die subsidiebedrag is, uitbestee het.

Die gegewens in albei laasgenoemde tabelle bevat, bevestig die gevolgtrekking waartoe hierbo gekom is op grond van die syfers vir 1953, dat die subsidie wat onder die formule voorsien is in die geval van al agt universiteite onvoldoende was. Dit ontbloot ook verder belangrike gebreke in die formule, wat later aangetoon sal word.

Van die voorstelle van die Kommissie ten opsigte van voorsiening vir die inhaal van agterstand in die versamelings het ook weinig tereggekom. Die voorgestelde Kommissie oor Universiteitstoekennings is nooit deur die Staat ingestel nie, en derhalwe is nooit geld vir die uitvoering van die aangeduide funksies van die Kommissie bewillig nie. Die enigste realistiese bron van geld vir agterstand was dus die vrye inkomste van die universiteite. Soos reeds hierbo aangedui, was alle universiteite verplig om uit hulle eie beperkte vrye inkomste die subsidiebedrae vir lopende uitgawes aanmerk-

lik aan te vul. In bylaes 22.1, 22.2 en 22.3 word aangetoon dat universiteite A tot D 1.25%, universiteite E tot H 2.47% en gesamentlik 1.61% van hulle totale universiteitsuitgawes oor die jare 1953 tot 1958, vir hierdie doel moes aanwend. Die uitwerking van hierdie toestand was dat die leemtes wat in 1951 voorgekom het, bly voortbestaan het, en dat, as gevolg van onvoldoende voorsiening vir lopende uitgawes, steeds verdere leemtes in die versamelings vir studie en navorsing in ons universiteitsbiblioteke moes ontwikkel het.

6.5 Die hersiene Holloway-formule, 1959 tot 1963

6.5.1 Op 30 Junie 1958 is die volgende opdrag deur die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap aan die firma Hoek, Wiehahn en Cross gegee: „Om in die lig van die aanbevelings van die Kommissie van Onderzoek na Universiteitsfinansies en -salarisse, 1951, en op grondslag van die Kommissie se formule vir die berekening van 'n Toekenning vir Algemene Doeleindes aan Universiteite, en met inbegrip van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap se toegewings insake aanvullende subsidie:

- I. Die finansiële state van universiteite vir 1957 en sodanige voorafgaande jare as nodig geag word te ontleed om vas te stel watter wysigings in die konstantes en persentasies van die formule nodig is om by die koste onder

die verskillende groepe en komponente aan te pas en om hierdie berekening te baseer op die huidige goedgekeurde standaardsalarisskale van universiteite.

- II. Addisionele berekeninge uit te voer om aan te toon die addisionele koste per universiteit, verdeel in die groepe en komponente van die subsidie-formule, om die nuwe voorgestelde standaard-salarisskale in die 1957 uitgawes te inkorporeer en die wysigings wat vir dié doel in die formule nodig sal wees.
- III. Die uitwerking van enige anomalië wat met die ondersoek aan die lig mag kom en ten opsigte waarvan wysiginge in die subsidieformule nodig geag mag word, aan te dui, en aanbevelings dienaangaande te doen...²⁴⁾

6.5.2 Die Wiehahn-kommissie het sy berekeninge vir die vaststelling van 'n subsidiebedrag per student onder komponent (c) (biblioteekdoeleindes) van die standaardvoorsiening gebaseer op die biblioteekuitgawe van die universiteite in die jaar 1957. Hy het bevind dat die gemiddelde werklike koste per

24) HOEK, WIEHAHN EN CROSS. Verslag oor die ondersoek na wysigings in die konstantes en persentasies van die formule vir die berekening van staatstoekennings vir algemene doeleindes aan universiteite en sekere verwante aangeleenthede. Pretoria 1958. p. 1.

voltydse student soos volg was:²⁵⁾

Pretoria	R13.50
Stellenbosch	13.72
Kaapstad	17.54
Witwatersrand	18.00
O. V. S.	20.52
Rhodes	23.42
Natal	23.84
Potchefstroom	34.26
Mediaan	19.26
Rekenkundige gemiddeld	R20.60

Op grond van hierdie gegewens beveel die Kommissie aan dat die standaardvoorsiening onder komponent (c) op R18 per voltydse student vasgestel word.

6.5.3 In uitvoering van opdrag II, naamlik om verdere berekeninge te doen van die waarde onder die verskillende komponente van die subsidieformule om voorsiening te maak vir die voorgestelde nuwe standaardsalarisskale, waarby lewenskostetoelae inbegrepe is, het die Kommissie die gemiddelde

25) HOEK, WIEHAHN EN CROSS. Verslag oor die ondersoek na wysigings in die konstantes en persentasies van die formule vir die berekening van staatstoekennings vir algemene doeleindes aan universiteite en sekere verwante aangeleenthede. Pretoria, 1958. p. 9 en bylae 12 b.

biblioteekuitgawe per voltydse student vasgestel:²⁶⁾

Pretoria	R16,90
Stellenbosch	17,30
Witwatersrand	23,34
Kaapstad	23,80
O. V. S.	26,54
Rhodes	29,88
Natal	30,20
Potchefstroom	45,32
Mediaan	25,18
Wetenskaplike gemiddeld	R26,66

Op grond van hierdie berekening beveel die Kommissie aan dat 'n bedrag van R26 per voltydse student, onder komponent (c) aan standaardvoorsiening aan universiteite toegeken word.

In sy aanbevelings het die Kommissie een van die gebreke in die Holloway-formule verbeter, deurdat studente vir die doktorsgraad vir die eerste twee jaar van hulle studietermyn vir subsidiedoeleindes in berekening gebring is.

In 'n omsendbrief van die Departement van Onderwys, Kuns

26) HOEK, WIEHAHN EN CROSS. Verslag oor die ondersoek na wysigings in die konstantes en persentasies van die formule vir die berekening van staatstoekennings vir algemene doeleindes aan universiteite en sekere verwante aangeleenthede. Pretoria, 1958. p. 16 - 17.

en Wetenskap²⁷⁾ aan universiteite, gedateer 17.6.1959 word gestel dat die middele wat vir subsidiedoeleindes beskikbaar is en die voorsiening wat onder ander hoofde gemaak moet word, meebring dat die Departement die standaardvoorsiening vir biblioteke vir die volgende termyn van vyf jaar moet vasstel op R22 per voltydse student, al is die bedrag laer as die gemiddelde eenheidskoste in 1957.

6.5.4 Die uitwerking van die nuwe waarde wat aan komponent (c) toegeken is, en die hoër bedrag wat aan basiese subsidie op die finansiering van universiteitsbiblioteke gedurende die tydperk 1953 tot 1958 ontvang is, word weerspieël in die gegewens verstrek in tabelle 14 en 15, wat aan die gegewens in bylaes 21 en 22 ontleen is.

Tabel 14 toon aan dat die vier groter universiteite hulle totale subsidietoekenning van R2,293,597 oor die vyf jaar met R5,816 oorskry het, wat 0.25% van die subsidiebedrag beteken. Dit is opvallend dat daar so 'n groot verskeidenheid tussen die subsidiebedrag en biblioteekuitgawe voorgekom het. Universiteit A het 'n bedrag van R132,151 minder bestee as wat hy aan subsidie ontvang het, terwyl universiteit C R132,552 meer bestee het. Om hierdie verskynsel te ver-

27) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Onderwys, Kuns en Wetenskap, Dept. van. Grondslag van staatsubsidiëring van universiteite. Pretoria, 1959. Omsendbrief 17/6/59. Bylae II.

TOTALE BIBLIOTEEKSUBSIDIE EN -UITGAWE, 1959 - 1963

Universiteit	1	2	Verskil tussen kolom 1 en 2	
	Subsidie	Uitgawe	Verskil	Persentasie van 1
	R	R	R	%
A	733,969	601,818	-132,151	-18.00
B	550,489	553,377	+ 2,888	+ 0.52
C	570,762	703,314	+132,552	+23.22
D	438,377	440,904	+ 2,527	+ 0.58
A - D	2,293,597	2,299,413	+ 5,816	+ 0.25
E	372,949	405,932	+ 32,983	+ 8.84
F	206,002	343,225	+137,223	+66.61
G	202,900	268,931	+ 66,031	+32.54
H	167,447	191,633	+ 24,186	+14.44
E - H	949,298	1,209,721	+260,423	+27.43
A - H	3,242,895	3,509,134	+266,239	+ 8.21

Tabel 14

klaar sou 'n verdere ondersoek na die faktore wat hulle biblioteekuitgawes beïnvloed het, en ook 'n evaluering van die boekevoorrade, personeelvoorsiening en dienste van die twee biblioteke verg, wat buite die terrein van hierdie ondersoek val. Die vier kleiner universiteite het gesamentlik R260,423 uit eie geld moes bypas by hulle totale subsidie van R949,298. Die feit dat die agt universiteite gedurende die vyf jaar R266,239 meer as die subsidie van R3,242,895 aan hulle biblioteke moes bestee lewer afdoende bewys van ondervoorsiening onder die formule.

'n Verskynsel, wat reeds uit die vorige termyn van ses jaar geblyk het, en wat in hierdie vyf jaar meer ooglopend na vore tree, is die feit dat die kleiner universiteite na verhouding 'n groter persentasie (27.43%) as die groter universiteite (0.25%) tot die subsidiebedrag moes toevoeg.

GEMIDDELDE BIBLIOTEEKSUBSIDIE EN -UITGAWE
PER JAAR PER SUBSIDIESTUDENT, 1959 - 1963

Universiteit	Subsidie	Uitgawe	Verskil
	R	R	R
A	22.69	18.61	- 4.08
B	22.94	23.06	+ 0.12
C	22.90	28.22	+ 5.32
D	23.19	23.32	+ 0.13
A - D	22.90	22.96	+ 0.06
E	24.44	26.60	+ 2.16
F	24.69	41.15	+16.46
G	24.74	32.80	+ 8.06
H	25.42	29.09	+ 3.67
E - H	24.73	31.51	+ 6.78
A - H	23.41	25.33	+ 1.92

Tabel 15

'n Berekening van die eenheidskoste per student per jaar oor die vyf jaar, wat in tabel 15 weergegee word, bied 'n beter basis van vergelyking tussen die verskillende universiteite. Waar die groter universiteite gesamentlik gemiddeld R22.90 aan subsidie ontvang het, het hulle R22.96, of R0.06 meer

uitbestee, terwyl die uitgawe van die kleiner universiteite, E tot H, R31.51 per student was, wat R6.78 per student meer was as die R24.73 wat aan subsidie ontvang is.

Uit voorgaande blyk dit dat die formule as gevolg van die vasstelling van die bedrae onder die verskillende komponente, weer nie daarin kon slaag om die ideaal te bereik soos gestel in paragraaf 93 van die Holloway-verslag naamlik dat dit aan elke universiteit voldoende inkomste sou verskaf om die lopende uitgawe aan sy biblioteek te dek nie. In sy bovermelde Omsendbrief stel die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap in dié verband die volgende: „Die stelling dat basiese subsidie plus standaard-voorsiening so na as moontlik onderrigkoste moet dek, het wel die implikasie dat die Staat in die bepaling van sy subsidies rekening sal hou met onderrigkoste. Hierdie is egter geen absolute eis nie, en aan die ander kant geld ook vanselfsprekend dat die mate waarin die stelling in die praktyk nagekom kan word in die laaste instansie afhanklik is van die grootte van die subsidies wat die Staat beskikbaar stel”.²⁸⁾

Hiervan moet afgelei word dat die vasstelling van subsidiebedrae onder die verskillende komponente vir biblioteekdoelendes, maar ook vir die subsidiëring van die universiteite

28) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Onderwys, Kuns en Wetenskap, Dept. van. Grondslag van staatsubsidiëring van universiteite. Pretoria, 1959. Omsendbrief 17/6/59. Bylae II.

in die algemeen, nie in die eerste plek berus op behoefte nie, maar wel op die grootte van die totale bedrag aan subsidie, wat die Staat vir die doel beskikbaar stel.

Die Departement stel verder in sy Omsendbrief dat hy nie daarvan op hoogte is in hoeverre biblioteekgeld deur die universiteite gebruik is om agterstande in te haal nie en laat dan die volgende belangrike paragraaf volg: „In paragraaf 223 van die Holloway-verslag word duidelik gesê dat die voorsiening vir biblioteke bedoel is vir die bestryding van jaarlikse koste van 'n wederkerende aard, vir personeel, boeke, tydskrifte en ander wederkerende items en sal 'n universiteit nie in staat stel om agterstande te wyte aan vroeëre gebrek aan koopkrag in te haal nie. Soos met 'n agterstand in laboratoriumtoerusting moet ook hier ander middels aangewend word om sulke agterstande in te haal bv. deur middel van lenings waarvan die rente en delging onder komponent (e) tuisgebring kan word. Word dit nie gedoen nie, sal die konstantes van die formule aan ongeoorloofde inflasie blootgestel word, want dan sal hulle 'n funksie moet vervul waarvoor hulle nie bedoel is nie".²⁹⁾

29) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Onderwys, Kuns en Wetenskap, Dept. van. Grondslag van staatsubsidiëring van universiteite. Pretoria, 1959. Omsendbrief 17/6/59. Bylae II.

6.6 Die Cilliers-hersiening van die Holloway-fomule, 1964 tot 1968

In 1961 het die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap 'n Komitee onder voorsitterskap van prof. A.C. Cilliers benoem om onder meerdere „ondersoek in te stel na en aanbevelinge te doen oor die aanpassings wat in die subsidiefomule vir Suid-Afrikaanse universiteite wat ingevolge Wette van Parlement, opgerig is, gemaak moet word vir die tydperk van vyf jaar vanaf die begin van 1964, om in die behoeftes van hierdie universiteite te voorsien".³⁰⁾

Die Komitee het, na aanpassing van biblioteekuitgawe om die voorgestelde nuwe standaardsalarisse en lone te beliggaam, bevind dat die eenheidskoste by die agt residensiële universiteite soos volg was:³¹⁾

Universiteit	Eenheidskoste
1	R25
2	22
3	17
4	25
5	43
6	27
7	35
8	28
Middelwaarde	26
Rekenkundige gemiddeld	28

30) SUID-AFRIKA (Republiek) Komitee van Onderzoek na die Vyfjaarlikse Hersiening van Universitêre Subsidieformules. Verslag 1964 - 1968. Pretoria, Staatsdrukker, 1963. Voorsitter: A.C. Cilliers. p. i - ii.

31) SUID-AFRIKA (Republiek) Komitee van Onderzoek na die Vyfjaarlikse Hersiening van Universitêre Subsidieformules. Verslag, 1964 - 1968. Pretoria, Staatsdrukker, 1963. Voorsitter: A.C. Cilliers. p. 230.

Aangesien die waardes vir universiteite 5 en 7 volgens die Komitee klaarblyklik abnormaal hoog was, is die bedrae van R43 en R35 vervang deur R25, wat die rekenkundige gemiddelde vir die agt universiteite op R24 te staan bring. Die Kommissie stel op grond hiervan die volgende in verband met die bepaling van 'n bedrag onder komponent (c) van die standaardvoorsiening: „Daar word egter besef dat die werklike koste nie altyd 'n juiste maatstaf van die werklike behoeftes is nie. Bowendien het die prys van boeke, tydskrifte en ander noodsaaklike items van 'n wederkerende aard aansienlik gestyg sedert 1959, toe die huidige beraming gemaak was, en dit sal vermoedelik gedurende die volgende vyf jaar nog meer styg. In die omstandighede het u Komitee besluit om aan te beveel dat die huidige beraming van R22 tot R28 per ingeskrewe voltydse student verhoog word”.³²⁾

Alvorens die implikasies van die nuwe standaardtoekenning vir die betrokke vyf jaar bespreek word, moet hier daarop gewys word dat die arbitrêre verlaging van die eenheidskoste van Universiteite 5 en 7 na R25 enigsins vreemd voorkom. Moes die Komitee dan nie ook die R17 van Universiteit 3 na R25 verhoog het nie as hy na „'n juister weerkaatsing... van wederkerende eenheidsbehoefte, soos deur werklike uit-

32) SUID-AFRIKA (Republiek) Komitee van Onderzoek na die Vyfjaarlikse Hersiening van Universitêre Subsidieformules. Verslag, 1964 - 1968. Pretoria, Staatsdrukker, 1963. Voorsitter: A.C. Cilliers. p. 230.

gawes gemeet..."³³⁾ gesoek het?

Verder moet daarop gewys word dat die Senaat van Universiteit 5 in 1959 en 1960 deur middel van 'n spesiale komitee en met behulp van die hoofde van alle studiedepartemente 'n deurtastende ondersoek na die behoefte van sy biblioteek ten opsigte van studiemateriaal en personeelvoorsiening ingestel het.³⁴⁾

Op grond van die ondersoek na die wederkerende behoefte het die Universiteit sy biblioteektoelaag vir 1961 en volgende jare vasgestel. Die eenheidskoste van hierdie universiteit behoort derhalwe 'n getrouer beeld van die biblioteekbehoefte te bied as die arbitrêre bedrag van R25 deur die Komitee aanvaar.

Vir besprekingsdoeleindes is die gegewens in tabelle 16 en 17 uit bylae 21 en 22 saamgestel. In tabel 16 word die totale biblioteeksubsidie en -uitgawe van die agt universiteite oor die tydperk 1964 tot 1968 weergegee. Daaruit blyk dat die vier grotere universiteite, A tot D, die totale bedrag van R3,796,562 met R232,205 oorskry het, wat 6.12% van die

33) SUID-AFRIKA (Republiek) Komitee van Ondersoek na die Vyfjaar-likse Hersiening van Universitêre Subsidieformules. Verslag, 1964 - 1968. Pretoria, Staatsdrukker, 1963. Voorsitter: A.C. Cilliers. p. 230.

34) POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS. Rapport van Kommissie van advies in verband met die biblioteek: langtermynbeleid insake biblioteekfinansies. 1960.

TOTALE BIBLIOTEEKSUBSIDIE EN -UITGAWE, 1964 - 1968

Universiteit	1	2	Verskil tussen kolom 1 en 2	
	Subsidie	Uitgawe	Verskil	Persentasie van 1
	R	R	R	%
A	1,264,382	1,128,287	-136,095	-10.76
B	922,236	956,236	+ 34,000	+ 3.69
C	837,858	1,107,512	+269,654	+32.18
D	772,086	836,732	+ 64,646	+ 8.37
A - D	3,796,562	4,028,767	+232,205	+ 6.12
E	576,159	692,095	+115,936	+20.12
F	362,460	719,606	+357,146	+98.53
G	338,954	379,122	+ 40,168	+11.85
H	251,510	356,832	+105,322	+41.88
E - H	1,529,083	2,147,655	+618,572	+40.45
A - H	5,325,645	6,176,422	+850,777	+15.98

Tabel 16

GEMIDDELDE BIBLIOTEEKSUBSIDIE EN -UITGAWE PER JAAR PER SUBSIDIESTUDENT, 1964 - 1968

Universiteit	Subsidie	Uitgawe	Verskil
	R	R	R
A	28.59	25.52	- 3.07
B	28.82	29.88	+ 1.06
C	28.91	38.21	+ 9.30
D	28.99	31.41	+ 2.42
A - D	28.80	30.56	+ 1.76
E	30.73	36.92	+ 6.19
F	30.19	59.93	+29.74
G	30.35	33.95	+ 3.60
H	31.26	44.36	+13.10
E - H	30.60	42.98	+12.38
A - H	29.29	33.97	+ 4.68

Tabel 17

subsidiebedrag verteenwoordig. Dit is opvallend dat net soos in die vorige termyn, Universiteit C die grootste bedrag, R269,654 of 32.18% van die subsidiebedrag, moes bypas, terwyl Universiteit A R136,095 of 10.76% van die subsidiebedrag minder as wat hy ontvang het, aan sy biblioteek bestee het. Universiteite E tot H het met 'n totale biblioteekuitgawe van R2,147,655 R618,572 meer as die totale subsidie van R1,529,083 aan hulle biblioteke bestee, wat 40.45% teenoor die 6.12% van Universiteite A tot D uitmaak. Altesaam moes die agt universiteite 'n bedrag van R850,777 uit eie fondse bypas. As die „wins" van R136,095 van Universiteit A op sy biblioteeksubsidie buite rekening gelaat word, kom die bedrag wat die sewe universiteite, B tot H, tot die subsidiebedrag oor die vyf jaar moes byvoeg om lopende biblioteekskoste te dek op R986,872 te staan.

Uit tabel 17 blyk dat, met die uitsondering van Universiteit A, die eenheidskoste die totale subsidie per voltydse student met bedrae wat varieer van R1.06 tot R9.30 oorskry het. In die geval van die vier kleiner universiteite varieer die ooreenstemmende syfers van R3.60 tot R29.74.

Op grond van hierdie gegewens kan hier met veiligheid gekonkludeer word dat die bedrae aan universiteite onder die formule vir biblioteekdoeleindes in hierdie termyn, net soos in die vorige twee termyne, heeltemal ontoereikend was vir die lopende uitgawes aan studiemateriaal en personeelsalarisse.

Uit die voorgaande blyk dat die universiteite, met een uitsondering, oor die drie termyne, wat altesaam sestien jaar beloop, onder die Holloway-formule die totale bedrae wat aan basiese subsidie en standaardvoorsiening ontvang is, ruim moes aanvul. In die ondersoek is gepoog om vas te stel watter persentasie die bedrae, wat uit eie fondse vir lopende biblioteekuitgawes voorsien moes word, van die totale lopende universiteitsuitgawes, uitgesonder kapitaaluitgawes, uitmaak. Dit was egter nie moontlik om uit die beskikbare state vir die hele tydperk onder behandeling betroubare syfers van hierdie uitgawes te bereken nie. Die enigste alternatief was om die totale universiteitsuitgawes in

**BIBLIOTEEKUITGAWES BO SUBSIDIEBEDRAE AS
PERSENTASIE VAN TOTALE UNIVERSITEITSUITGAWES,
1953 - 1968**

	1953 - 1958	1959 - 1963	1964 - 1968
	%	%	%
A	+0.45	-1.01	-0.61
B	+1.14	+0.02	+0.14
C	+2.77	+1.18	+1.45
D	+0.16	+0.03	+0.43
A - D	+1.25	+0.01	+0.29
E	+1.93	+0.38	+0.79
F	+4.56	+3.12	+4.76
G	+2.22	+1.58	+0.63
H	+1.63	+0.59	+1.77
E - H	+2.47	+1.22	+1.79
A - H	+1.61	+0.39	+0.75

Tabel 18

berekening te bring, soos in bylaes 21 tot 23 weergegee word. In tabel 18 word derhalwe die bedrae wat elke universiteit in elk van die drie termynne meer as die subsidie ontvang het, as persentasie van die totale universiteitsuitgawes weergegee

BIBLIOTEEKSUBSIDIE, 1953 - 1968

	1953 - 1958	1959 - 1963	1964 - 1968	Totaal 1953 - 1968
A	349,734	733,969	1,264,382	2,348,085
B	373,317	550,489	922,236	1,846,042
C	339,024	570,762	837,858	1,747,644
D	205,030	438,377	772,086	1,415,493
A - D	1,267,105	2,293,597	3,796,562	7,357,264
E	187,338	372,949	576,159	1,136,446
F	110,600	206,002	362,460	679,062
G	126,980	202,900	338,954	668,834
H	79,996	167,447	251,510	498,953
E - H	504,914	949,298	1,529,083	2,983,295
A - H	1,772,019	3,242,895	5,325,645	10,340,559

Tabel 19

In tabelle 19 en 20 word onderskeidelik die totale bedrae wat die universiteite volgens bylaes 21 en 22 afsonderlik en gesamentlik oor die sestion jaar aan subsidie ontvang het en wat hulle meer as die subsidiebedrae aan hulle biblioteke bestee het, weergegee. Daaruit blyk dat die totale subsidie van R10,340,559 deur die agt Universiteite uit eie fondse met R1,894,722 aangevul moes word. As die syfers vir

BIBLIOTEEKUITGAWES BO SUBSIDIEBEDRAE, 1953 - 1968

	1953 - 1958	1959 - 1963	1964 - 1968	Totaal 1953 - 1968
A	+ 36,577	-132,151	-136,095	- 231,669
B	+ 128,753	+ 2,888	+ 34,000	+ 165,641
C	+ 248,364	+ 132,552	+ 269,654	+ 650,570
D	+ 9,046	+ 2,527	+ 64,646	+ 76,219
A - D	+ 422,740	+ 5,816	+ 232,205	+ 660,761
E	+ 111,968	+ 32,983	+ 115,936	+ 260,887
F	+ 134,292	+ 137,223	+ 357,146	+ 628,661
G	+ 65,242	+ 66,031	+ 40,168	+ 171,441
H	+ 43,454	+ 24,186	+ 105,332	+ 172,972
E - H	+ 354,956	+ 260,423	+ 618,582	+ 1,233,961
A - H	+ 777,696	+ 266,239	+ 850,787	+ 1,894,722

Tabel 20

Universiteit A, wat 'n totaal van R231,669 van sy biblioteeksubsidie nie vir biblioteekdoeleindes uitbestee het nie, buite rekening gelaat word, moes die drie oorblywende groter universiteite B, C en D hulle totale subsidiebedrag van R5,009,179 met R892,430 of 17.82% aanvul. Die vier kleinere universiteite, E tot H, moes R1,233,961 uit eie fondse tot die subsidiebedrag van R2,983,295 byvoeg, wat 41.36% van laasgenoemde bedrag verteenwoordig. Gesamentlik het die sewe universiteite, B tot H, R7,992,474 vir biblioteekdoeleindes aan subsidie van die staat ontvang, maar hulle moes R2,126,391 of 26.60% van die subsidiebedrag uit eie fondse bypas om minimum biblioteekdienste te kon lewer.

Hierdie gegewens lewer afdoende bewys dat die Holloway-subsidieformule oor die sestion jaar van 1953 tot 1968 nie daarin geslaag het om sy doelstelling, naamlik dat dit „elke universiteit in staat sal stel om die nodige lopende uitgawe aan sy biblioteek te dek”³⁵⁾ te verwesentlik nie. Met een uitsondering was die universiteite genoodsaak om die subsidiebedrae uit vrye fondse aan te vul. Aangesien hierdie vrye fondse van die universiteite uiters beperk was, soos aangetoon in paragraaf 6.2 en geoordeel na die volgehoue vertoë van die Komitee van Universiteitshoofde om in die algemeen beter finansiële voorsiening van staatsweë vir hulle biblioteke te verkry, is dit vanselfsprekend dat die meeste universiteite se bykomende toekennings aan hulle biblioteke tot die minimum beperk was. Die gevolg was dat die agterstand in die gesamentlike boekevoorrade, waarna die Holloway-kommissie reeds in 1953 verwys het, en wat opnuut deur die ondersoek van mnr. R.F. Kennedy in 1960 bevestig is, nie uitgewis kon word nie. Die finansiële middele vir boekaankope was so beperk dat die biblioteke nie in staat kon wees om 'n verteenwoordigende seleksie uit die snel vermeerderende aantal nuwe publikasies aan te koop nie, met die gevolg dat steeds verdere leemtes ten opsigte van belangrike wetenskaplike werke

35) UNIE VAN SUID-AFRIKA. Kommissie van Onderzoek na Universiteitsfinansies en -salarisse. Verslag, 1951. 1953. Voorsitter: J.E. Holloway. Paragraaf 94.

moes ontwikkel het. In paragraaf 4.3.1 is dan ook aangetoon dat Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke se afsonderlike sowel as gesamentlike boekevoorrade kwantitatief ongunstig vergelyk met die van lande soos België, Nederland, Groot-Brittanje, die Skandinawiese lande en die Verenigde State van Amerika. Ook die personeelvoorsiening in die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke is swakker as dié van vergelykbare Amerikaanse universiteitsbiblioteke. Die moontlikheid dat daar 'n korrelasie tussen die dalende neiging in biblioteekgebruik by die meerderheid van die Suid-Afrikaanse universiteite, soos aangedui in paragraaf 4.3.2, en die ontoereikende boekevoorraad en personeelvoorsiening bestaan, is 'n saak wat wag op verdere navorsing, wat nie in hierdie studie onderneem kon word nie.

7 'n Moontlike nuwe basis vir die berekening van biblioteeksubsidie

7.1 Kritiese bespreking van die Holloway-formule

In die vorige hoofstuk is aangetoon dat die Holloway-kommissie, ten spyte van sy waarderende standpunt oor die belangrike rol wat die universiteitsbiblioteek in die onderrig- en navorsingsprogram van die universiteit speel, en sy begrip van die gebreke in ons universiteitsbiblioteke en die biblioteke se finansiële probleme, nie daarin geslaag het om deur sy formule van staatsweë toereikende finansiële steun vir biblioteekdoeleindes aan die universiteite te laat toekom nie. Dit was ook die geval met die finansiële voorsiening vir biblioteekdoeleindes deur die twee kommissies se aanpassings van die formule vir die volgende twee termyne.

Die gegewens, wat in die vorige hoofstuk verstrekkend is, ontbloom ook verdere gebreke in die formule, wat veral duidelik word as die faktore wat biblioteekuitgawe beïnvloed, soos in hoofstuk 5 uiteengesit, in aanmerking geneem word. Alvorens gepoog word om riglyne neer te lê vir 'n meer bevredigende basis vir die berekening van biblioteeksubsidie deur die Staat aan universiteite, word hierdie gebreke saaklik bespreek.

7.1.1 Een van die ernstigste besware teen die formule is die wanverhouding tussen die basiese subsidie wat vasgestel is op die maksimum kerf van die goedgekeurde standaardsalaris vir 'n professor en die standaardvoorsiening, wat op studentetalle berus. Dit hou in dat aan basiese behoeftes buite alle verhouding te min en aan die rol van studentetalle te veel waarde geheg word. Dit word duidelik geïllustreer deur die gegewens oor basiese subsidie en subsidie onder standaardvoorsiening wat universiteite in 1968 ontvang het soos in tabel 21 verstrek.

BASIESE SUBSIDIE EN STANDAARDVOORSIENING VIR BIBLIOTEEKDOELEINDES, 1968

Universiteit	1	2	% kolom 1 van kolom 2
	Basiese subsidie	Standaard voorsiening	
	R	R	%
A	5,250	272,594	1.93
B	5,250	204,022	2.57
C	5,250	178,164	2.95
D	5,250	164,206	3.20
E	10,500	130,858	8.02
F	5,250	80,710	6.50
G	5,250	69,664	7.54
H	5,250	53,634	9.79

Tabel 21

Hierdie wanverhouding tussen basiese subsidie en standaardvoorsiening het as gevolg gehad dat die kleiner universiteite met kleiner studentetalle onder 'n subsidievoorsiening wat in die algemeen reeds onvoldoende was, besonder swaar getref is. Dit blyk uit die gegewens wat in die vorige hoofstuk verstrekk is, en in tabelle 22 en 23 word die totale biblioteeksubsidie en uitgawe en die gemiddelde jaarlikse biblioteeksubsidie en -uitgawe per subsidiestudent vir die agt universiteite uit tabelle 12, 14, 16 en 13, 15 en 17 herhaal.

Gedurende die drie subsidietydperke het die groter universiteite, A tot D, 33.36%, 0.25% en 6.12% van die subsidiebedrag bygepas, terwyl die vier kleiner universiteite, E tot

TOTALE BIBLIOTEEKSUBSIDIE EN -UITGAWE, 1953 - 1968

Universiteit	Subsidie	Uitgawe	Verskil	Persentasie
	R	R	R	%
1953 - 1958				
A - D	1,267,105	1,689,845	+ 422,740	33.36
E - H	504,914	859,870	+ 354,956	70.30
1959 - 1963				
A - D	2,293,597	2,299,413	+ 5,816	0.25
E - H	949,298	1,209,721	+ 260,423	27.43
1964 - 1968				
A - D	3,796,562	4,028,767	+ 232,205	6.12
E - H	1,529,083	2,147,655	+ 618,572	40.45

Tabel 22

**GEMIDDELDE JAARLIKSE BIBLIOTEEKSUBSIDIE
EN -UITGAWE PER SUBSIDIESTUDENT, 1953 - 1968**

	Universiteit	Subsidie	Uitgawe	Verskil
		R	R	R
1953 - 1958	A - D	14.78	19.72	+ 4.94
	E - H	16.50	28.10	+11.60
1959 - 1963	A - D	22.90	22.96	+ 0.06
	E - H	24.73	31.51	+ 6.78
1964 - 1968	A - D	28.80	30.56	+ 1.76
	E - H	30.60	42.98	+12.38

Tabel 23

H, onderskeidelik 70.30%, 27.43% en 40.45% uit vrye fondse vir biblioteekdoeleindes beskikbaar moes stel. Waar die groter universiteite R4.94, R0.06 en R1.76 per student meer as die subsidiebedrag per student uitgegee het, is die ooreenstemmende syfers vir die vier kleiner universiteite R11.60, R6.78 en R12.38 oor die drie termyne.

In die Holloway-formule vorm studentetalle 'n belangrike grondslag vir subsidiëring van universiteite in die algemeen. Die Holloway-kommissie stel in paragraaf 85 van sy Verslag in dié verband die volgende: „Daar moet beklemtoon word dat hierdie bepaling van die begrip ten opsigte van studentetalle fundamenteel is vir u Kommissie se voorstelle vir die oplossing van die studieprobleem. Om daarvan af te wyk, sou dadelik die ewewig tussen die outonomie van die univer-

siteit en die finansiële verpligtings van die staat in gevaar stel".¹⁾

In verband met die bepaling van biblioteeksubsidie onder komponent (c) stel die Verslag „dat deskundiges in die ouer lande meen dat ten opsigte van personeel en van die jaarlikse vermeerdering van sy boekevoorraad die jaarlikse uitgawes bestee aan 'n universiteits- of kollegebiblioteek 'n definitiewe verhouding tot die getal studente moet hê" (paragraaf 91).

Dit is nie moontlik om op grond van hierdie ondersoek 'n opinie uit te spreek oor die korrektheid van die uitgangspunt in soverre dit die ander uitgawes van die universiteit raak nie. In paragraaf 5.5 van hierdie verhandeling word die invloed van studentetalle op biblioteekuitgawes behandel en word daarop gewys dat die groter studentetalle van 'n groot universiteit wel 'n groter biblioteek met 'n groter boekevoorraad vereis en dat biblioteekcostes verhoog word wanneer desentralisasie van die biblioteek noodsaaklik word, maar daar word ook aangetoon dat daarteen gewaak moet word om aan studentetalle 'n te groot gewig by die vasstelling van biblioteeksubsidie toe te ken.

1) U NIE VAN SUID-AFRIKA. Kommissie van Onderzoek na Universiteitsfinansies en -salarisse. Verslag, 1951. 1953. Voorsitter: J. E. Holloway. Paragraaf 85.

Dit is nie duidelik na welke „deskundiges in die ouer lande” die Holloway-kommissie verwys nie. Verskeie deskundiges in die Verenigde State stel hulle juis op die teenoorgestelde standpunt. In hulle gesaghebbende werk oor universiteitsbiblioteke haal Wilson en Tauber met instemming die bevinding van Reeves en Russell se ondersoek aan „that there is a variation in cost per student owing to size of enrolment. Smaller institutions are more expensive to operate than institutions of larger enrolment. Later these same authors concluded that 'after a certain enrolment is reached, there is no further effect of size of enrolment upon cost or income per student'. They developed a technique for weighing expenditures per student by size of enrolment and scope of program. They found that institutions of different size require different amounts of support per student for a program of a given quality. The expenditure per student decreased as the institution increased in size. This rule, however, would not apply to universities except in relation to undergraduate students, since the support of graduate and professional study and research is much greater than that for undergraduate instruction.”²⁾

2) WILSON, L.R. en TAUBER, M.F. The university library: its organization, administration and functions. Chicago, University of Chicago Press, 1948. p. 83

In een van die ouer standaardwerke oor die Amerikaanse kollegebiblioteek stel Randall en Goodrich die volgende: „The amount which a college library will need to spend per student will be very roughly in inverse proportion to the number of students enrolled. That is to say, the larger the college enrolment, the smaller the amount necessary per student for the library, if the services to be rendered remain the same. It does not cost twice as much to maintain a library for four hundred students as for two hundred students. More significantly, a satisfactory library for two hundred students cannot be maintained for one-half the amount necessary for four hundred students. Too many of the factors determining library costs are independent, or nearly so, of the numbers of persons served. This is particularly true in academic libraries where single copies of many books must be made available, regardless of the size of the clientele".³⁾

Soos blyk uit die aanhaling in paragraaf 5.5 het die University Grants Committee op grond van sy ondersoek in Groot-Brittanje in hoofsaak ook tot dieselfde gevolgtrekking gekom.

Wilson en Tauber⁴⁾ verwys in dié verband ook na die bevin-

3) RANDALL, W.M. en GOODRICH, F.L.D. Principles of college library administration. Chicago, University of Chicago Press, 1941. p. 37 - 8.

4) WILSON, L.R. en TAUBER, M.F. The university library: its organization, administration and functions. Chicago, University of Chicago Press, 1948. p. 8?

ding van Waples se ondersoek dat studentetalle slegs die getal duplikate van titels beïnvloed, en dat die uitgawe verbonde aan duplisering in die reël 'n klein gedeelte van die boekbegroting uitmaak.

In paragraaf 5.1 is betoog dat die omvang van die studie- en navorsingsprogram 'n groot rol speel by die bepaling van die bedrag benodig om die universiteitsbiblioteek doeltreffend te laat funksioneer. Hoe groter die aantal vakgebiede wat aan 'n universiteit beoefen word, des te groter is die verskeidenheid en omvang van die studiemateriaal wat voorsien moet word en des te groter moet die personeel wees wat benodig word vir die aanskaffing, voorbereiding en ontsluiting van die literatuur aan die gebruikers. Hierdie standpunt hou verder in dat die literatuurbehoefes vir dieselfde vakke aan klein en groot universiteite basies dieselfde is - 'n feit wat glad nie in die Holloway-formule in aanmerking geneem word nie, en wat in 'n hoë mate daartoe bygedra het dat die kleiner universiteite oor die afgelope sestien jaar na verhouding uit vrye fondse groter bedrae aan hulle biblioteke moes bestee as die groter universiteite, soos in tabelle 18, 19 en 20 aangedui is.

7.1.2 Onder die fomule word aan voor- en nagraadse studente dieselfde gewig toegeken vir die bepaling van standaardvoorsiening vir biblioteekdoeleindes. Daarmee word die ver-

skil in aard tussen die studie- en materiaalbehoefte van die voorgraadse en die nagraadse student en navorser misken. In paragraaf 5.2 is die invloed van hierdie faktor op biblioteek-uitgawes behandel en word na verskeie studies verwys wat getoon het dat die koste van biblioteekdiens aan nagraadse studente en navorsers veel hoër is as aan voorgraadse studente. Logsdon stel 'n verhouding tussen voor- en nagraadse studente wat varieer van 1 : 2.5 tot 1 : 5, die Canadian Association of College and University Libraries aanvaar 'n verhouding van 1 : 8, terwyl SCONUL die verhouding op 1 : 7.5 bereken. Op grond van hierdie bevindinge het die Onderkomitee van die Komitee van Universiteitshoofde oor die subsidiëring van universiteitsbiblioteke aanbeveel dat 'n voorgraadse student op 'n basis van een eenheid en 'n nagraadse student teen vyf eenhede in berekening gebring word. Dit is wenslik dat deeglik ondersoek na die verhouding tussen die koste van biblioteekdiens aan voorgraadse en nagraadse studente en navorsers in Suid-Afrika ingestel sal word.

- 7.1.3 By die vasstelling van die subsidiebedrag per student vir 'n tydperk van vyf jaar word nie voorsiening gemaak vir die vermeerdering in boekproduksie en die styging in boekpryse nie. In paragraaf 5.9 is aangetoon dat die boekproduksie vanaf 1950 tot 1966 jaarliks met gemiddeld 8,65% gestyg het en volgens die gegewens in paragraaf 5.10 kan aanvaar word dat, boekpryse jaarliks met 10% tot 15% verhoog

word. Daar is verwys na Chapman se bevinding dat 'n natuurwetenskaplike biblioteek voorsiening moet maak vir 'n styging van 20% per jaar in sy uitgawe aan studiemateriaal as gevolg van hierdie twee faktore. Om die implikasies hiervan vir die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke aan te toon, is dit nodig om vas te stel welke gedeelte van die subsidiebedrag aan die aankoop van boeke, tydskrifte en inbinding bestee behoort te word.

Biblioteekuitgawes kan onderverdeel word in drie kategorieë, uitgawe vir die aankoop van boeke, tydskrifte en inbinding, uitgawe aan salarisse en lone en diverse uitgawes, wat drukwerk, fotokopiëring, afrolwerk, posgeld, vraggeld, bankkoste, ens., insluit. Volgens 'n ondersoek van G.A. Harrer is die verhouding tussen die verskillende kategorieë die volgende: boekuitgawe 31.9%, salarisuitgawe 63.4% en diverse uitgawe 4.7%.⁵⁾ Uit gegewens, versamel deur die Library Service Branch van die U.S. Office of Education, word die volgende verhouding tussen die verskillende kategorieë gestel:⁶⁾

5) HARRER, G.A. Library expenditures: an examination of their distribution. College and research libraries, 18: 210 - 2, 1957.

6) PARKER, Ralph H. Operating costs in college and university libraries. Library trends, 11; 376, 1963.

Jaar	Boeke, ens.	Salarisse	Diverse
1939 - 1940	36,3%	59,2%	4,5%
1946 - 1947	34,9%	60,5%	4,6%
1951 - 1952	31,8%	63,7%	4,5%
1956 - 1957	31,4%	63,7%	4,9%

Verskeie ander ondersoeke in die V.S.A. toon dieselfde distribusiepatroon. In die Cilliers-verslag, 1963,⁷⁾ word gestel dat salarisse en lone gewoonlik gemiddeld ongeveer 60% van die biblioteekvoorsiening absorbeer. Die ontleding van biblioteekuitgawes vervat in bylae 21, 22 en 23 toon die verhoudinge tussen die kategorieë in die uitgawes van Suid-Afrikaanse universiteite oor die tydperk 1953 tot 1968 wat in tabel 24 weergegee word.

Uit die voorgaande gegewens skyn dit asof die verhouding tussen die verskillende kategorieë uitgawes vir berekeningsdoeleindes soos volg vasgestel kan word: salarisse en lone 60%, boeke, tydskrifte en inbinding 35% en diverse uitgawes 5%. Daar dien op gewys te word dat die aanwending van meganiese hulpmiddels in biblioteke en die veranderende funksie

7) SUID-AFRIKA (Republiek) Komitee van Onderzoek na die Vyfjaarlikse Hersiening van Universitêre Subsidieformules. Verslag, 1964 - 1968. Pretoria, Staatsdrukker, 1963. Voorsitter: A.C. Cilliers. p. 229.

ONTLEDING VAN BIBLIOTEEKUITGAWE, 1953 - 1968

	1953 - 1958				1959 - 1968				1964 - 1968			
	Universiteit	Salarisse	Studiemateriaal	Diverse	Salarisse	Studiemateriaal	Diverse	Salarisse	Studiemateriaal	Diverse		
	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%		
A - D		61.25	33.50	5.25	60.42	34.94	4.64	54.38	40.44	5.18		
E - H		55.77	39.84	4.39	57.75	37.79	4.46	52.44	42.29	5.27		
A - H		59.40	35.64	4.96	59.50	35.92	4.58	53.71	41.09	5.20		

Tabel 24

van die biblioteek as gevolg van die beklemtoning van inligtingsontsluiting hierdie verhouding in die toekoms mag verander.

Om die implikasies van die styging in boekproduksie en boekpryse aan te dui is die berekening, wat in tabel 25 verstrekk word, gedoen. Die berekening is gebaseer op 'n konserwatiewe stygingskoers van 10% per jaar terwyl verhoging van salaris- en diverse uitgawes nie in aanmerking geneem is nie. Vir die berekening is slegs die bedrag wat onder standaardvoorsiening per subsidieudent toegeken is, in aanmerking geneem, aangesien die amptelike standpunt, volgens

'n opmerking in die Cilliers-verslag, 1963,⁸⁾ blykbaar is dat die bedrag aan basiese subsidie vir salarisdoeleindes, en wel vir die salaris van die hoofbibliotekaris, geld.

INVLOED VAN DIE STYGING VAN BOEKPRODUKSIE EN BOEKPRYSE OP DIE SUBSIDIEBEDRAG, 1953 - 1968

	Boeke (35% van sub- sidie)	Ander uitga- wes	Totaal	Subsidie
	R	R	R	R
1953	4.90	9.10	14.00	14.00
1954	5.39	9.10	14.49	14.00
1955	5.93	9.10	15.03	14.00
1956	6.52	9.10	15.62	14.00
1957	7.17	9.10	16.27	14.00
1958	7.89	9.10	16.99	14.00
1959	7.70	14.30	22.00	22.00
1960	8.47	14.30	22.77	22.00
1961	9.32	14.30	23.62	22.00
1962	10.25	14.30	24.55	22.00
1963	11.28	14.30	25.58	22.00
1964	9.80	18.20	28.00	28.00
1965	10.78	18.20	28.98	28.00
1966	11.86	18.20	30.06	28.00
1967	13.05	18.20	31.25	28.00
1968	14.36	18.20	32.56	28.00

Tabel 25

8) SUID-AFRIKA (Republiek) Komitee van Onderzoek na die Vyfjaar-
likse Hersiening van Universitêre Subsidieformules. Verslag,
1964 - 1968. Pretoria, Staatsdrukker, 1963. Voorsitter: A.C.
Cilliers. p. 182.

Uit die tabel blyk dat die gedeelte van die subsidie vir studiemateriaal van R4.90 in 1953 tot R7.89 in 1958 moes vermeerder het en die totale subsidie onder standaardvoorsiening van R14.00 tot R16.99. Van die subsidiebedrag van R22, wat vir die termyn 1959 tot 1963 gegeld het, was R7.70 in 1959 vir boeke beskikbaar teenoor die R7.89 wat dit reeds in 1958 moes gewees het. Hierdie bedrag sou opgehoop het tot R11.28 in 1963 en die totale subsidie tot R25.58. Die boekesubsidie in 1964 het R9.80 van die R28 beloop, en as voorsiening vir 10% styging gemaak is, sou dit in 1968 op R14.36 en die totale subsidie onder standaardvoorsiening op R32.56 te staan gekom het. As die boekgedeelte in 1968 op R14.36 te staan gekom het, wat 35% van die bedrag per subsidiestudent uitmaak, behoort die standaardvoorsiening R41.02 te beloop het teenoor die werklike bedrag van R28.00. As daar tot die boekgedeelte van R4.90 van die reeds te laag vasgestelde R14 in 1953 jaarliks tot 1968 10% bygevoeg is, sou die bedrag vir boeke in 1968 op R20.48 te staan gekom het, wat 'n totale subsidie van R38.68 sou vereis het as die gedeelte vir personeel en diverse uitgawes konstant gebly het. 'n Boekgedeelte van R20.48 sou egter 'n totale subsidie van R58.51 teen R28.00 meegebring het.

7.1.4 In paragrafe 6.4.2 en 6.4.3 is die probleem in verband met die uitwissing van agterstand ten opsigte van die studie-

materiaal behandel. Volledigheidshalwe moet hier weer daarop gewys word dat, in weerwil van die aanduidings in dié verband in die Holloway- en die Wiehahn-verslag, daar gedurende die sestion jaar van finansiële voorsiening aan die universiteite onder die bestaande formule van die saak niks tereg gekom het nie. Dit is nie bekend in hoeverre universiteite moontlik daarin geslaag het om van die ernstigste leemtes in hulle versamelings aan te vul nie. In hoofstuk 6 is egter aangetoon dat die finansiële voorsiening vir lopende uitgawes by sewe van die agt universiteite onvoldoende was, en, indien van die beperkte fondse vir agterstandsdoeleindes aangewend is, moes dit onvermydelik meegebring het dat groter leemtes ten opsigte van resente materiaal moes ontwikkel het.

7.2 Probleme in verband met die vasstelling van benodigde fondse vir biblioteekbehoefes

Een van die besware teen die vasstelling van waardes van komponente onder die formule is dat dit gebaseer is op die voorafgaande termyn se eenheidskoste, wat reeds geforseerd laag gehou is as gevolg van onvoldoende subsidie. Die probleem is egter om 'n ander basis te vind vir 'n realistiese vasstelling van biblioteekbehoefes.

Daar is in die verlede gepoog om 'n bedrag per student neer te lê as minimum standaard vir biblioteekuitgawe. In sy Verslag verstrek die reeds genoemde Committee on Libraries

van die University Grants Committee besonderhede in verband met uitgawe per student in vier-en-twintig Britse Universiteite vir 1963/64. Die bedrae varieer van R36 tot R108 per student, met 'n gemiddeld van R62.⁹⁾ Hierdie syfers kan egter nie as standaard vir biblioteekuitgawe beskou word nie; dit reflekteer slegs die werklike besteding gedurende die tydperk, en aangesien dit as onvoldoende beskou is, was dit een van die redes vir die benoeming van die Committee on Libraries. Gegewens vir universitêre inrigtings in die Verenigde State toon so 'n groot variasie dat dit nie moontlik is om daaruit enigsins 'n vaste patroon vas te stel nie. 'n Norm vir biblioteekuitgawe, wat bereken is op 'n per-student-basis, kan in elk geval nie bevredig nie op grond van die ooreenstemmings soos in paragraaf 7.1.1 uiteengesit.

'n Verdere oplossing vir die probleem is gesoek in die vasstelling van 'n bepaalde verhouding tussen biblioteekuitgawe en lopende universiteitsuitgawe uitgesonderd kapitaaluitgawe. Wilson en Tauber¹⁰⁾ meld dat studies in die Verenigde State toon dat die persentasie van 4% tot 12% varieer.

9) GROOT-BRITTANJE. University Grants Committee. Committee on Libraries. Report. London, Her Majesty's Stationery Office, 1967. p. 155.

10) WILSON, L.R. en TAUBER, M.F. The university library: the organization, administration and functions of academic libraries; 2nd ed. New York, Columbia Univ. Press, 1958. p. 97.

Die Canadian Association stel in sy memorandum aan die Bladen-kommissie die volgende „We recommend to the Commission that ten per cent of the institutional operating budget be considered a minimum for the ordinary operation and development of established curricula, during the next ten years".¹¹⁾

Tabel 26 bied gegewens, ontleen aan bylaes 21 en 22, in verband met die persentasie van hulle totale universiteitsuit-

**BIBLIOTEEKUITGAWE AS PERSENTASIE
VAN UNIVERSITEITSUITGAWES**

Universiteit	1953-58	1959-63	1964-68
A	4.76	4.60	5.10
B	4.46	3.84	4.05
C	6.56	6.29	5.94
D	3.83	5.25	5.51
A - D	4.98	4.89	5.06
E	5.15	4.69	4.69
F	8.31	7.81	9.60
G	6.53	6.44	5.99
H	4.63	4.69	6.01
E - H	5.99	5.68	6.22
A - H	5.28	5.13	5.41

Tabel

- 11) CANADIAN ASSOCIATION OF COLLEGE AND UNIVERSITY LIBRARIES. Forecast of the cost of academic library services in Canada, 1965 - 1975. Waterloo, University of Waterloo Press, 1964. p. 5.

gawes wat die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke oor die tydperk 1953 tot 1968 aan hulle biblioteke bestee het.

Die vasstelling van 'n verhouding tussen biblioteekuitgawes en universiteitsuitgawes bied egter ook nie 'n oplossing vir die probleem om 'n standaard vir die bepaling van biblioteek-toekennings te vind nie, aangesien daar so 'n groot verskeidenheid in die verhoudings, soos deur opnames vasgestel, voorkom. Verder bied dit ook geen normatiewe inligting nie aangesien dit gebaseer is op werklike uitgawes, wat nie getoets is om vas te stel of dit voldoende biblioteekvoorsiening bied nie. Indien so 'n normatiewe syfer vasgestel kon word, kan daarteen ook nog die beswaar ingebring word dat dit nie rekening hou met die verskille tussen kleinere en groter universiteite nie.

'n Moontlike aanduiding van benodigde bedrae kan gesoek word in die jaarlikse begrotings van goed toegeruste oorsese universiteitsbiblioteke. Die omstandighede en die behoeftes van biblioteke en ook die geldwaardes van die verskillende lande verskil egter in so 'n mate van mekaar dat ook hierin geen realistiese oplossing vir die probleem van die vasstelling van standaarde vir die finansiële voorsiening van Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke gevind kan word nie.

'n Waardevolle bydrae tot die vasstelling van standaarde vir verskeie aspekte, waaronder ook finansiële voorsiening, ten opsigte van universiteitsbiblioteke, is te vind in die

Classification and pay plans for libraries in institutions of higher education, wat deur die American Library Association uitgegee is.¹²⁾ Dit berus op die bepaling van 'n dienslaspredikaat deur die toekenning van verskillende waardes aan voorgraadse en nagraadse studente en aan dosente. Die berekening is egter voor 1943 gedoen met die gevolg dat dit tans heeltemal verouderd is. Dieselfde besware wat in die voorgaande paragraaf genoem is, sou egter ook geld teen 'n direkte toepassing van sodanige norme op Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke.

Die beste metode om in die behoeftes van 'n universiteitsbiblioteek te voorsien is geleë in die opstel van 'n realistiese begroting van geld wat vereis word om die diens wat elke universiteit van sy biblioteek verwag, te lewer. Op die wyse kan die besondere behoeftes ten opsigte van boekevoorraad, organisasie van die studiemateriaal, die aard van die dienste en die personeelvoorsiening wat eie is aan elke universiteitsbiblioteek, ten volle tot hul reg kom. Onder die huidige stel-

- 12) AMERICAN LIBRARY ASSOCIATION. Board on Personnel Administration. Classification and pay plans for libraries in institutions of higher education. Prepared by the Subcommittee on Budgets, Compensation and Schemes of Service for libraries connected with universities, colleges and teacher training institutions of the A. L. A. Board on Salaries, Staff and Tenure and adopted by the A. L. A. Council, Febr., 1943; 2nd ed. v. 3: Universities. Chicago, 1947.

sel van universiteitsubsidiëring deur die Staat volgens 'n bepaalde formule lewer hierdie individuele benadering van biblioteekbehoefte ook nie 'n oplossing nie om die opsigtelike rede dat 'n subsidieformule eenvormige waardes, wat vir alle universiteite geld, vereis, en nie vir so 'n groot verskeidenheid van behoeftes voorsiening kan maak nie.

7.3 'n Moontlike nuwe basis vir die berekening van biblioteeksubsidie

In paragraaf 7.1 is aangetoon dat die Holloway-subsidieformule oor die tydperk 1953 tot 1968 onbevredigend gefunksioneer het. Nie alleen was die waardes aan die komponente gehêg te laag nie, maar die feit dat die formule hoofsaaklik op studentetalle berus het, het 'n wanverhouding tussen die basiese subsidie en die standaardvoorsiening geskep. Dit het meegebring dat belangrike faktore, wat die finansiering van die universiteitsbiblioteek beïnvloed, soos die omvang van die studie- en navorsingsprogram en die aard van die doseer- en navorsingswerk aan die universiteit, verontagsaam is, met die gevolg dat die kleiner universiteite besonder nadelig getref is. Deur die toekenning van dieselfde waarde aan voor- en nagraadse studente is nie rekening gehou met die hoër eise wat gevorderde studie en navorsing aan die biblioteek stel nie. Ook is in die formule nie voorsiening gemaak vir 'n verhoging van die standaardvoorsiening om die stygende boekproduksie en boekpryse die hoof te bied nie.

7.3.1 In 'n poging om riglyne vir 'n meer bevredigende grondslag vir die subsidiëring van die universiteitsbiblioteek neer te lê, word op grond van hierdie ondersoek aanbeveel dat die voorsiening van studiemateriaal in die vakke of studiedepartemente waarin onderrig gegee en navorsing onderneem word, as uitgangspunt geneem word. Daarmee sal gelykwaardige voorsiening vir die kleinere en grotere universiteite ten opsigte van die studieterreine waarop hulle beweeg, gemaak word. Dit hou in dat 'n basiese minimum bedrag, bereken teen heersende boekpryse, vir elke studiedepartement vasgestel moet word, waarmee 'n verteenwoordigende gedeelte van die publikasies (boeke, tydskrifte en mikromateriaal, ens.) wat jaarliks verskyn, aangekoop kan word.

Die vasstelling van sodanige bedrae vir verskillende studierigtings kan wel probleme oplewer, maar hulle behoort deur navorsing bevredigend opgelos te kan word. Die subkomitee oor finansiële standaarde vir universiteitsbiblioteke van SCONUL het op grond van 'n kwantitatiewe monster van literatuur op bepaalde vakgebiede, en in oorleg met 'n aantal ervare universiteitsbibliotekaris, in 1965 die volgende jaarlikse bedrae vir die doel bereken:

	R
Argitektuur	3,500
Biologiese wetenskappe (plantkunde, dierkunde, genetika en biochemie)	9,000
Chemie	6,000

Klassieke	3,000
Ekonomie en ekonomiese statistiek	7,000
Opvoedkunde	1,500
Ingenieurswese	10,000
Geografie	3,000
Geologie	8,000
Letterkunde	
Engels	4,000
Frans	4,000
Duits	3,600
Italiaans	3,000
Russies	2,400
Spaans	2,400
Regte	6,000
Taalkunde	1,000
Bestuurskunde	3,000
Wiskunde (insluitende rekenaarwetenskap en statistiek)	3,000
Musiek (uitgesonderd plate en partikure)	4,000
Wysbegeerte	1,500
Fisika	6,000
Staatsleer	4,000
Sielkunde	2,000
Sosiologie en Volkekunde	5,000
Teologie	4,000
Bibliografieë en Naslaanwerke	7,000
Geneeskunde	20,000

Op hierdie wyse kan 'n enigsins realistiese bedrag vir die gereëelde uitbouing en instandhouding van elke biblioteek se versameling studiemateriaal bepaal word en word aan die invloed van die studieprogram van elke universiteit, soos omlin in paragraaf 5.1, voldoen.

7.3.2 Die bogenoemde berekening hou egter nie rekening met

die behoeftes aan duplisering van onderrigsmateriaal as gevolg van groter studentetalle en met die besondere literatuur-behoeftes van die gevorderde student en die navorser nie. Om hierin te voorsien word aan die hand gedoen dat die bogenoemde bedrag aangevul word met 'n bedrag wat bereken word volgens studente-eenhede. By die vasstelling van die studente-eenhede behoort onderskei te word tussen voor- en nagraadse studente. In paragraaf 5.2 word verwys na die resultate van verskeie ondersoeke insake die verhouding tussen die koste verbonde aan die lewering van biblioteekdiens aan voor- en nagraadse studente. Daar is bevind dat die verhouding tussen voor- en nagraadse studente varieer van 1 : 2.5 tot 1 : 8. Dit is nodig dat so 'n verhouding ten opsigte van biblioteekdiens aan Suid-Afrikaanse universiteite deur 'n grondige ondersoek vasgestel word.

Ook die toekenning van 'n waarde aan elke studente-eenheid moet geskied na grondige ondersoek. In dié verband word weer verwys na die berekening van Cambridge, waarvolgens, vermoedelik in 1964, 'n bedrag van R6 per student vir die uitgawe aan duplisering van titels vasgestel is. Indien hierdie bedrag ten opsigte van jaarlikse prysstygings, bereken teen 10% per jaar, aangepas word, sal dit teen 1970 R10.64 beloop. Gestel dat, na ondersoek, 'n bedrag van sê R12.00 vir die doel vasgestel word, kan die totaal van hierdie komponent bereken word deur die R12.00 met die totale aantal studente-eenhede te vermenigvuldig.

Die bedrag op hierdie wyse verkry, saam met die bedrag onder 7.3.1 bereken, behoort die totale bedrag vir studiemateriaal vir voor- en nagraadse studente en navorsers te voorsien. Die faktore van styging in boekproduksie en die styging in die pryse van materiaal behoort ook in berekening gebring te word deur 'n jaarlikse toevoeging van 'n persentasie van minstens 10% tot die totale bedrag.

7.3.3 Dit is uiters moeilik om 'n basis te vind vir die berekening van 'n bedrag wat nodig is om voldoende personeel te verseker, aangesien die stand van personeelvoorsiening aan die agt universiteite onder behandeling so 'n groot verskeidenheid toon. In tabel 7 word aangedui dat die verhouding tussen biblioteekpersoneel en studentetalle in 1968 van 1 : 64.6 tot 1 : 263.1 gevarieer het. 'n Moontlike oplossing vir die probleem is geleë in die feit dat daar 'n verhouding tussen uitgawes vir studiemateriaal en personeel- en diverse uitgawes behoort te bestaan. In paragraaf 7.1.3 word die moontlike verhouding van 35%, 60% en 5% onderskeidelik gestel. Na aanleiding hiervan kan die bedrae benodig vir personeel en diverse uitgawes op grond van die bedrag volgens paragrafe 7.3.1 en 7.3.2 vir boekuitgawes vasgestel, bereken word.

Die saak van die voorsiening vir 'n moontlike jaarlikse verhoging van salarisuitgawes as gevolg van die instelling van

nuwe betrekkings en die bevordering van personeellede na hoër kerwe in hulle salarisskale lewer 'n moeilike probleem op, aangesien soveel onbepaalbare faktore 'n rol in die verband speel. Dit word beïnvloed deur die omvang en aard van die personeelbesetting in elke individuele biblioteek en deur die groot wisseling van biblioteekpersoneel, wat inhou dat 'n aansienlike gedeelte van vakante betrekkings opgevol word met persone wat op die beginkerwe van hulle skale aangestel word. 'n Faktor wat salarisuitgawe drasties beïnvloed is 'n algehele verhoging van salarisskale, wat gedurende die afgelope jare herhaaldelik voorgekom het. In sodanige gevalle het die Staat egter vir die bykomende uitgawe by wyse van ad hoc-toekennings aan universiteite besondere voorsiening gemaak.

Met die oog op die voorgaande word aanbeveel dat daar gedurende 'n subsidietermyn geen voorsiening vir verhoging van salarisuitgawes gemaak word nie. Dit beteken dat die subsidie vir personeelvoorsiening gebaseer behoort te word op die boekebedrag van die aanvangsjaar van 'n subsidietermyn, sonder inagneming van die jaarlikse verhoging van hierdie bedrag binne 'n subsidietermyn met die oog op stygings in boekproduksie en boekpryse.

- 7.3.4 Daar is sekere van die faktore wat biblioteekuitgawes beïnvloed, waarvoor daar baie moeilik in 'n subsidieformule voorsiening gemaak kan word, aangesien dit enkele univer-

siteite in die besonder raak. Een van hierdie faktore is die mate waarin die biblioteek onvermydelik gedentraliseer moes word. In paragraaf 5.7 word daarop gewys dat desentralisasie biblioteekuitgawe verhoog, aangesien dit die duplisering van studiemateriaal, personeel, katalogi en ander rekords meebring. In sodanige besondere behoeftes behoort op 'n ander wyse voorsien te word, hetsy deur afsonderlike ad hoc-toekennings van staatsweë of deur universiteite uit vrye fondse.

7.3.5 Nog 'n faktor wat nie onder 'n subsidieformule voorsien kan word nie, is die mate waarin 'n besondere universiteitsbiblioteek ten opsigte van studiemateriaal voorsien is - dit dui op agterstand ten opsigte van studiemateriaal, wat in paragraaf 5.4 gestel word. In paragrawe 6.4.1 en 6.4.2 word daarop gewys dat die Holloway-kommissie ten volle op hoogte was met die probleem van leemtes in die boekeversamelings van die Suid-Afrikaanse universiteite en aanbeveel het dat afsonderlike finansiële voorsiening vir dié doel gemaak moes word by wyse van skenkings of 'n bedrag wat deur die Staat tot die beskikking van die voorgestelde Kommissie oor Universiteitstoekennings gestel moes word. In die Wiehahn-verslag (paragraaf 6.5.4) word die aangaan van lenings, waarvan die rente en delging onder komponent (e) van die subsidieformule tuisgebring kon word, as oplossing aangedui. Soos reeds in paragraaf 7.1.4 gestel, het daar weinig van hierdie aan-

bevelings vir agterstandsuitwissing tereg gekom.

7.3.6 Dit het intussen dringend noodsaaklik geword dat ernstige aandag aan die uitwissing van leemtes in die basiese boekevoorrade vir studie en navorsing van die Suid-Afrikaanse universiteite geskenk word. Dit sou beteken dat elke universiteitsbiblioteek, desnoods met behulp van die dose-rende personeel, 'n deurtastende ondersoek moet instel na die mate waarin hy vir die studie- en navorsingsprogram van sy universiteit toegerus is. Op grond van so 'n ondersoek behoort lyste van onontbeerlike ontbrekende publikasies opgestel te word en die koste vir die aankoop daarvan beraam te word. Daar kan verwag word dat aansienlike bedrae met die uitwissing van sodanige leemtes gemoeid sal wees. Nou is dit geen geheim dat geen Suid-Afrikaanse universiteit finansieel daartoe in staat is om uit vrye fondse vir hierdie doel voorsiening te maak nie, en daar sal derhalwe op die Staat teruggeval moet word om in die behoefte te voorsien. Sodanige voorsiening kan gemaak word by wyse van lenings waarop die delging onder komponent (e) van die bestaande subsidieformule tuisgebring moet word of andersins by wyse van ad hoc-toekennings deur die Staat aan die universiteite.

By die bepaling van die uitgawe vir die uitwissing van agterstand moet in die oog gehou word dat die koste nie slegs op grond van die pryse van die studiemateriaal bereken sal word

nie, maar dat die uitgawe van bykomende personeel wat dit vereis, ook in aanmerking geneem sal word.

7.4 Samevattend kom die aanbevelings vir 'n meer bevredigende voorsiening van staatsweë in die biblioteekbehoefes van universiteite op die volgende neer:

- 1 die voorsiening van 'n basiese bedrag vir studiemateriaal gegrond op 'n realistiese beraming van uitgawes per studiedepartement;
- 2 die jaarlikse aanvulling van die subsidie, volgens die bostaande paragraaf bereken, met 'n bedrag toegeken op grond van studente-eenhede, waar verskillende waardes aan voor- en nagraadse studente toegeken word, om voorsiening te maak vir duplisering van titels met die oog op groter studentetalle, en vir die besondere behoefte van gevorderde studente en navorsers;
- 3 die jaarlikse verhoging van die totale bedrag verkry onder 1 en 2 hierbo, met 'n realistiese persentasie daarvan om voorsiening te maak vir die gereelde styging in boekproduksie en boekpryse;
- 4 die voorsiening van 'n bedrag vir personeel- en diverse uitgawes met die boekebedrag as grondslag op grond van 'n realistiese verhouding tussen die biblioteekuitgawes aan boeke, personeel en diverse aangeleenthede;

- 5 die probleem van besondere behoeftes van bepaalde universiteite as gevolg van faktore soos desentralisasie behoort opgelos te word deur toekennings van die universiteite uit vrye fondse of deur ad hoc-toekennings deur die staat;
 - 6 die uitwissing van leemtes in die bestaande versamelings behoort dringend aangepak te word en behoort bekostig te word uit lenings of by wyse van ad hoc-toekennings van die Staat.
- 7.5 Alvorens die bogenoemde riglyne vir 'n formule vir die voorsiening van biblioteekuitgawes aan universiteite omskep word sou dit wenslik wees dat 'n komitee van bevoegde persone, hetsy deur die Staat of deur die Komitee van Universiteitshoofde, benoem word om deurtastende ondersoek in te stel na die volgende sake:
- 1 die vasstelling van realistiese bedrae vir die aankoop van studiemateriaal vir die verskillende departemente;
 - 2 die bepaling van 'n vernouding tussen die koste van materiaalvoorsiening en dienslewering aan voor- en nagraadse studente en navorsers;
 - 3 die berekening van 'n persentasie vir die jaarlikse verhoging van die boekebedrag met die oog op verhoging van pryse en omvang van publikasies;
 - 4 die vasstelling van die verhouding tussen biblioteekuitgawes aan boeke, personeel en diverse sake.

Bylaes

Bylaes

- 1 SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEKVERENIGING. Memorandum insake Universiteitsbiblioteke ter inligting van die Kommissie van Onderzoek na Universiteitsfinansies, 1951. 153
- 2 PITT, S.A. Memorandum. Libraries in the Union of South Africa, Rhodesia and Kenya Colony. New York, Carnegie Corporation, 1929. p. 9 - 15; 22 - 24. 179
- 3 Studiemateriaal, 1961 - 1966 189
- 4 Vermeerdering in studiemateriaal, 1961 - 1966 191
- 5 Voorraad studiemateriaal in universiteitsbiblioteke in toonaangewende westerse lande, 1966 193
- 6 Vermeerdering van studiemateriaal in sewentien Amerikaanse universiteite, 1965 - 1966 199
- 7 Biblioteekpersoneel, 1950 - 1968 201
- 8 Biblioteekgebruikers, 1962 - 1968 203
- 9 Studente (voltyds, deelyds en geleentheidstudente), 1949 - 1968 205
- 10 Studente (voorgaads en nagraads), 1951 - 1968 207
- 11 Studente, 1950 - 1968 211
- 12 Dosente, 1950 - 1968 213
- 13 Studente en dosente, 1950 - 1968 215
- 14 Uitlening, 1962 - 1966 217
- 15 Boekproduksie, 1950 - 1966 219
- 16 Gemiddelde boekpryse in Groot-Brittanje 221
- 17 Indeks van Wes-Duitse boekpryse, 1957/59 - 1966 229

18	Indeks van Amerikaanse boekpryse, 1961 - 1968	231
19	Indeks van Amerikaanse tydskrifpryse, 1961 - 1968	233
20	Gemiddelde Britse tydskrifpryse	235
21.1	Finansiering universiteitsbiblioteek A, 1951 - 1968	241
21.2	Finansiering universiteitsbiblioteek B, 1951 - 1968	243
21.3	Finansiering universiteitsbiblioteek C, 1951 - 1968	245
21.4	Finansiering universiteitsbiblioteek D, 1951 - 1968	247
21.5	Finansiering universiteitsbiblioteek E, 1951 - 1968	249
21.6	Finansiering universiteitsbiblioteek F, 1951 - 1968	251
21.7	Finansiering universiteitsbiblioteek G, 1951 - 1968	253
21.8	Finansiering universiteitsbiblioteek H, 1951 - 1968	255
22.1	Finansiering universiteite A tot D, 1951 - 1968	257
22.2	Finansiering universiteite E tot H, 1951 - 1968	259
22.3	Finansiering universiteite A tot A, 1951 - 1968	261
23	Finansiering universiteitsbiblioteke A tot H, 1951 - 1968	263

Bylae 1

SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEKVERENIGING. Memorandum insake Universiteitsbiblioteke ter inligting van die Kommissie van Onderzoek na Universiteitsfinansies, 1951.

1. BEVOEGDHEID VAN DIE S.A.B.V.

Dit is die besondere taak van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging om te waak oor die belange van, en te ywer vir die bevordering van die Biblioteekwese van Suid-Afrika, nie alleen wat die openbare biblioteekdienste betref nie, maar ook ten opsigte van die opvoedkundige en dokumentasiedienste.

Hoewel die Universiteitsbiblioteke aan selfstandige institute verbonde is, vorm hulle deel van die biblioteeksisteem wat in diens staan van die wetenskap; elkeen van hulle verrig dienste wat veel verder strek as die besondere Universiteit waaraan hy verbonde is.

Waar die kommissie van ondersoek die opdrag het om 'n beleid aan te beveel om „die bate wat die land aan sy universiteite het so doeltreffend moontlik te maak”, sou die Vereniging graag sien dat die potensialeite van die Universiteitsbiblioteke nie alleen in die raamwerk van die individuele Universiteite nie, maar ook as deel van die algemene dokumentasiesisteem van die land en as 'n onontbeerlike hulpmiddel en instrument van wetenskaplike navorsing en opleiding, gesien word.

As professionele organisasie tel die Biblioteekvereniging onder sy lede al die deskundiges op die gebied van die biblioteekkunde in die land en wil hy graag sy dienste tot beskikking van die komitee stel om hom in verband met die moontlikhede, die huidige toestande en die behoeftes van die Universiteitsbiblioteke in te lig.

2. DIE UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK AS BATE :
(Artikel 1 van die kommissie se opdrag)

Potensieel verteenwoordig die versamelings boeke en ander dokumentasie-materiaal wat in die Universiteitsbiblioteke byeengebring word, die belangrikste enkele vaste intellektuele bate wat die Universiteit en die wetenskapsbedryf in die algemeen in ons land besit. Op die oomblik is dit egter in hoofsaak nog net 'n potensiële bate wat eers ten volle benut kan word as die versamelings behoorlik aangevul, georganiseer en beskikbaar gemaak is.

Die Universiteitsbiblioteek behoort te dien

- (a) as hulpmiddel by die onderrig en hy moet al die lektuur verskaf wat as onderrigsmateriaal moet dien by die vorming van die jongere studente tot geleerdes en beroepsmense;
- (b) as instrument by wetenskapsarbeid, en hy moet dokumentasie-materiaal (in die vorm van monografieë, tydskrifreekses, jaarboeke, handboeke, ensiklopedieë, verslae ens.) paraat hê, waarmee in die geesteswetenskappe feitlik alle, en in die natuurwetenskappe 'n groot gedeelte, van die navorsing geskied, en hy moet hierdie materiaal toeganklik maak deur 'n dokumentasieapparaat (in die vorm van kartoteke, lektuurlyste, bibliografieë, referaatversamelinge en -joernale);
- (c) as middel tot kulturele ontwikkeling en vorming, en hy moet die geestelike agtergrond in sy skriftelike neerslag, van die moderne Wes-Europese kultuurbesit beskikbaar stel.

Veral wat die tweede funksie betref, behoort die universiteitsbiblioteek nie sy dienste te beperk tot die dosente en studente van die universiteit waaraan hy verbonde is nie, maar moet hy oopstaan vir elke bona-fide navorser wat van sy voorraad gebruik wens te maak.

Wat al drie die funksies betref, dien daar op gelet te word dat dit nie bloot 'n saak is van die besit van voorrade nie, maar van die paraatstelling van die voorrade deur 'n personeel - 'n saak dus van diens wat gelewer moet word.

3. VEREISTES VIR DIE BENUTTING VAN DIE BATES.
(Artikel 2 van die kommissie se opdrag)

Om hierdie funksies te verrig en daardeur 'n aktuele bate vir die land te wees, moet die Universiteitsbiblioteek aan sekere vereistes voldoen:

(a) Ten opsigte van inhoud :

Die biblioteek moet:

- (i) die werke besit (en waar hy dit nie besit nie, moet hy dit aanskaf) wat vir die opleiding van studente in die verskillende studierigtings nodig is, waar nodig in meerdere eksemplare;
- (ii) die belangrikste literatuur en dokumentasiemateriaal so volledig moontlik versamel;
- (iii) in besonder daarvoor sorg dat dokumentasiemateriaal vir spesiale navorsingswerk wat aan die inrigting onderneem word, so volledig moontlik aanwesig is.

Ad (i) Dit sluit nie alleen makliker handboeke in nie, maar ook materiaal aan die hand waarvan studente onderrig moet word in die metodes van navorsing. Terwyl daar in meerdere of mindere mate voorsiening gemaak word vir handboeke en monografieë, is daar in die algemeen 'n groot tekort aan reekse bronnepublikasies. Dit is vanselfsprekend dat die onderrig daaronder moet ly.

Ad (ii) en (iii) Die gesamentlike besit van die Universiteitsbiblioteke verteenwoordig slegs 'n klein brokstuk van die literatuur wat vir gevorderde ondersoek op enige moontlike terrein beskikbaar is. Veral op gebied van die geesteswetenskappe ontbreek die groot bronne-uitgawes in ons biblioteke tot 'n baie groot mate. Die gevolg is, dat geleerdes wat enigsins gevorderde studie en ondersoekwerk wil onderneem, verplig is om hulle studie in die buiteland te gaan voortsit. Dit sou die Unie op die duur veel beter loon om te sorg dat hierdie materiaal, al is dit in die vorm van mikro-kopieë, in die besit kom van sy Universiteitsbiblioteke.

(b) Huisvesting en toerusting

- (i) die biblioteek moet gehuisves wees in 'n gebou of geboue wat voldoende ruimte bied vir
 - 1) die boekversameling;
 - 2) die gebruik van die boeke deur studente en navorsers;
 - 3) die aanskaf en voorbereiding van die voorraad, en die verskaffing van diens deur 'n toereikende personeel;
- (ii) die Biblioteek moet beskik oor al die meubels en apparaat wat vir die werk van die personeel en die verskaffing van diens noodsaaklik is, insluitende waar nodig fotografiese toestelle en mikro-leesapparaat.

Ad (i) Die vereniging is daarvan bewus dat 'n aantal van die Universiteite onlangs nuwe biblioteekgeboue gekry het of bestaande geboue vergroot het. By verskillende van die Universiteitsbiblioteke is die toestand egter haglik. Selfs waar voldoende ruimte vir die studente in die leeskamers is, en genoeg vir die boekversameling, is die werkruimte vir die personeel dikwels ontoereikend. Byna oral is daar 'n tekort aan studiegeriewe vir navorsers en byna geen enkele biblioteek verskaf die nodige kamers waar studente in die bibliografiese navorsingsmetodes van 'n vak ingelei kan word nie;

Ad (ii) Die gebruik van mikrofotografiese reproduksies en die bybehorende lees-apparate is vandag nie meer in 'n eksperimentele stadium nie. Hierdie apparate en fotografiese hulpmiddels is noodsaaklik om die biblioteek in staat te stel:

- (a) om materiaal aan te skaf wat in geen ander vorm teen 'n billike prys verkrygbaar is nie;
- (b) om hom in staat te stel om die seldsame materiaal in sy besit beskikbaar te stel aan geleerdes wat dit nie ter plaatse kan raadpleeg nie.

'n Paar van die biblioteke het reeds begin om die nodige apparate aan te skaf, maar die hoë dienskoste daarvan maak dit byna onmoontlik om die hulpmiddels doeltreffend te gebruik.

Afgesien hiervan is die meeste biblioteke tans nie in staat om nuwe arbeidsparende instrumente aan te skaf nie.

(c) Personeel

Die Biblioteek moet bedien word deur 'n personeel

- (i) wat toereikend is wat getal betref;
- (ii) wat behoorlik gebalanseerd is wat die verhouding van sy professionele en klerklike lede betref;
- (iii) waarvan die professionele lede die vereiste kwalifikasies besit;
- (iv) die gewenste akademiese status geniet en ook daaroreenkomstig gesalarieer word.

Ad (i) Om die gewenste grootte van die personeel van 'n biblioteek te bepaal, is dit nodig om vir elke afsonderlike biblioteek 'n ontleding van die aard en omvang van die take wat verrig moet word, te onderneem. Sodoende kan 'n dienslaspredikaat vir elke biblioteek opgestel word. Hierby moet egter nie uit die oog verloor word nie, dat feitlik nie een van die Universiteitsbiblioteke al die take wat nodig geag word, uitvoer nie; en dat die hindernis bestaan in die finansiële onvermoë om 'n toereikende personeel te emplojeer en in die skaarste van opgeleide biblioteekkundiges.

In Aanhangsel A word 'n algemene ontleding gegee van die normale werksaamhede van 'n Universiteitsbiblioteek. Aangesien die kwantitatiewe gegewens ontbreek, is dit nie moontlik om die dienslaspredikate uit te werk nie. By 'n ondersoek wat in 1930 deur die Regering van die Verenigde State ingestel is, het dit egter geblyk dat daar by doeltreffend georganiseerde universitêre biblioteke 'n korrelasie bestaan tussen studentetal en grootte van biblioteekpersoneel, konstant genoeg om as 'n algemene maatstaf te dien. Die betrokke verhouding is soos volg:

Vir 'n inrigting met 500 studente, 'n personeel van 6;
1,000 studente, 'n personeel van 11.

Vir inrigtings met meer as 1,000 studente, vier addisionele lede vir elke 500 studente.

U. S. Department of the Interior -, Office of Education. Survey of land-grant colleges and universities. Washington, 1930

Hierdie maatstaf bevredig ons nie omdat dit nie genoeg rekening hou met die besondere posisie van elke inrigting nie en veral omdat dit betrekking het op inrigtings wat weinig of geen nagraadse onderrig gee nie.

Pas ons dit egter op die Suid-Afrikaanse Universiteite toe, dan blyk dit dat selfs die grootste onder hulle te kort skiet:

Witwatersrand met 4, 243 studente het 23 i.p.v. 37;

Kaapstad met 3, 966 studente het 28 i.p.v. 35;

Pretoria met 3, 446 studente het 19 i.p.v. 31;

Stellenbosch met 2, 061 studente het 9 i.p.v. 19

(Vgl. bylae 8)

Aangesien 'n toereikende personeel 'n essensiële voorwaarde is vir die uitbating van die biblioteekvoorraad, toon hierdie gegewens dat 'n potensiele bate van die universiteite in Suid-Afrika, tot 'n sekere hoogte, dooie kapitaal bly.

Ad (ii) Die doeltreffendheid van 'n biblioteekpersoneel hang nie net van sy grootte af nie, maar veral ook van die regte verhouding tussen die getalle van die verskillende personeelskategorieë. Na die mening van die Vereniging het die Universiteite tot dusver in die algemeen nie genoeg aandag gegee aan die klassifikasie van personeel nie, met die gevolg dat die gegewens op die punt gladnie vergelykbaar is nie.

Die volgende is 'n skematisering van kategorieë wat in Suid-Afrikaanse Universiteitsbiblioteke bestaan:

(a) Bibliotekarisse (Biblioteekkundige personeel)

d.w.s. ten volle opgeleide biblioteekkundiges wat ten minste 'n B.-graad, maar liefst hoër akademiese kwalifikasies (M. A. of selfs doktoraal) moet besit en wat die volgende betrekings beklee: Hoofbibliotekaris, Onderbibliotekaris, Afdelingshoof.

(b) Professionele Assistentente

d.w.s. persone wat ten minste die Intermediêre sertifikaat van die Vereniging of 'n gelykstaande kwalifikasie besit en bowendien 'n B.-graad. Hierdie mense verrig biblioteek tegniese werk soos katalogisering, dokumentasiewerk, voorlig-

ting aan biblioteekgebruikers, ens.

Hierdie soort assistente is onder verskillende benaminge bekend: Eerste Assistent, Eerstegraadse assistente, Graad A assistente ens.

(c) Sub-professionele Assistent

Minimumkwalifikasies: Matrikulasie maar by voorkeur 'n B.-graad. Verkryging van professionele kwalifikasies word gewoonlik deur salarisverhogings erken. Funksie: verrigting van professionele werksaamhede onder leiding van professionele assistente (Graad. B of Tweede assistente)

(d) Klerklike Assistent

Minimumkwalifikasies: Senior Sertifikaat plus waar nodig, sertifikate in snel- en tikskrif en/of boekhou.

(e) Operatiewe assistente

Insluitende Binders en Fotografe (wat vir die doel van hierdie Memorandum buite rekening gelaat word).

Ewewig van personeel het betrekking op die juiste getal-verhouding tussen die verskillende personeelkategorieë.

Die grootte van die biblioteekkundige personeel word taamlik noukeurig bepaal deur die omvang van die voorraad en dienste van die biblioteek. Selfs die kleinste van die Suid-Afrikaanse universiteitsbiblioteke is groot genoeg om ten minste twee afdelingshoofde naas die hoofbibliotekaris te regverdig. By minstens drie van die inrigtings is die hoofbibliotekaris die enigste biblioteekkundige op die personeel, 'n toestand wat ondoeltreffendheid in die hand werk.

Wat die res van die personeel betref, moet 'n optimum getal-verhouding tussen die professionele en klerklike personeel gesoek word. Geen gemotiveerde studie oor hierdie probleem is nog gepubliseer nie, maar aangesien die professionele werk in 'n biblioteek oorweeg, behoort die professionele assistente stellig die oorwig te hê. Daar is egter 'n neiging om professionele assistente vir klerklike werk te gebruik, wat beslis onekonomies is.

Die posisie word vertroebel deur die aanwesigheid van die

kategorie sub-professionele assistente wat bestaan uit persone met geen of onvoldoende skoling wat in diens verder opgelei word en intussen gedeeltelik professionele en gedeeltelik klerklike werk verrig. Vir die doeltreffende organisasie van die biblioteek sou dit beter wees om hierdie kategorie geheel-en-al uit te skakel en 'n volledige skeiding tussen klerklike en professionele werk in te voer. Met die oog op die skaarste aan opgeleide bibliotekwerkers, is dit op die huidige moment ondoenlik, maar hierdie kategorie behoort geleidelik onder die professionele personeel opgeneem te word en die klerklike personeel dan waar nodig vergroot te word.

Ad (iii) Selfs al sou die Universiteite oor die nodige fondse beskik dan sou dit op die huidige moment nie moontlik wees om die sub-professionele assistent uit te skakel nie omdat daar nie genoeg persone opgelei word nie. Die gevolg is dat die meeste van die Universiteite met kragte moet werk, wat tot 'n hoë mate onbevoegd is. Hierdie feit word weerspieël in onakkurate werk, vertraging van tempo en die afskuiwing van arbeid op 'n bibliotekkundige personeel wat reeds veels te klein is.

Die bestaande opleidingsfasiliteite (aan die Universiteite te Kaapstad en Pretoria) is nie toereikend om in die behoeftes van die Suid-Afrikaanse biblioteke te voorsien nie. Die Universiteite is weens die onaantreklike salarisse wat hulle bied, nie in staat om mee te ding vir die beskikbare opgeleide persone nie.

Daar behoort op die Universiteite ruime voorsiening gemaak te word vir bibliotekkundige opleiding en die regte „tipe van“ studente behoort deur middel van die toekenning van beurse aangemoedig te word om hulle vir hierdie loopbaan te bevoeg.

Ad (iv) By die meeste Suid-Afrikaanse universiteite ressorteer die bibliotekarisse en hulle assistente onder die administratiewe personeel. Nie alleen affekteer die inskakeling van die bibliotekpersoneel in die administratiewe hiërargie sy status en salarisse nadelig nie, maar hierdie gebruik laat ook geen reg geskied aan die besondere aard van bibliotekwerk en van die besondere eise wat aan bibliotekwerkers gestel word nie.

Van die bibliotekkundige en professionele lede van die personeel word, naas hulle beroepsopleiding, 'n steeds hoër en hoër akademiese opleiding geëis. Dit is tans reeds taamlik algemeen dat van 'n Universiteitsbibliotekaris 'n M. A. -graad verwag word en by party universiteite word selfs gevoel dat 'n dok-

torsgraad vereis moet word. Hierdie eis weerspieël 'n juiste insig dat die werk, van die hoër personeel altans, wetenskaplik-tegnies en opvoedkundig is, nie administratief in die engere sin nie.

Met die oog op die funksie van die biblioteek en sy sentrale plek in die raamwerk van die doseer- en navorsingswerk van die Universiteit, sou dit veel meer logies wees om die biblioteek te erken as een van die akademiese departemente van die Universiteit. Word dit gedoen, dan spreek dit vanself dat die Universiteitsbibliotekaris, wat status en salaris betref, op een lyn geplaas moet word met die hoof van 'n akademiese departement.

Dit eis geen betoog dat hy die rang van Professor sal moet beklee in al die groot Universiteite nie, maar selfs by die kleiner Universiteite is na ons mening die professorale status noodsaaklik veral as die uiters moeilike en veeleisende taak van die opbou van 'n biblioteek in ag geneem word. Geniet die Universiteitsbibliotekaris professorale status, dan volg dit dat die Onderbibliotekaris die rang van Senior lektor behoort te hê, Afdelingshoofde die van lektore en professionele assistente die van junior lektore. Sub-professionele en klerklike assistente verteenwoordig 'n non-akademiese kategorie van werkers en kan gelykgestel word met sekere kategorieë van die administratiewe personeel.

(d) Uitbreiding

Universiteitsbiblioteke moet, wat hulle inhoud betref, tred hou met die vooruitgang van die wetenskap en die uitbreiding van die werksaamhede van die betrokke Universiteite. 'n Toenemende boekevoorraad vereis 'n vergroting van geboue en vermeerdering van personeel. Faktore soos die verhoging van boek- en tydskrifpryse en lewenskoste, moet daarby in aanmerking geneem word. By gevolg moet die Universiteite bereid wees om in hulle begrotings voorsiening te maak vir:

- (i) Gereelde en stelselmatige verhogings van die toekennings vir die aanskaf van boeke en tydskrifte en vir inbinding;
- (ii) Vir die aanbou en vergroting van biblioteekgeboue;
- (iii) Vir die skepping van nuwe poste op die biblioteekpersoneel en die aanpassing van salarisse by verhoogde lewenskoste.

Ad (i) Daar is reeds op gewys dat die Universiteitsbiblioteke 'n agterstand het wat dokumentasiemateriaal betref. Met hulle huidige fondse kan hulle weinig doen om die agterstand in te haal en vind hulle dit selfs moeilik om tred te hou met nuwe publikasies. Terselfdertyd het die meeste Universiteite in die afgelope tien jaar nuwe fakulteite gestig en nuwe studiekursusse in die ou fakulteite ingestel, sonder dat die biblioteektoelae tredgehou het met hierdie uitbreiding. Studentetalle het in dieselfde periode aansienlik vermeerder (in sommige gevalle met meer as 100%). Sedert 1941 het boekpryse gemiddeld met meer as 80% gestyg, terwyl tydskrifabonnemente tans meer as 100% duurder is. Ook vra die binders nou ongeveer 100% meer as tien jaar gelede. As al hierdie faktore in aanmerking geneem word, behoort aanskaf-toekennings tans nagenoeg 200% hoër te wees as in 1941.

Met die oog op die verhoogde koste van dokumentasie- en onderrigsmateriaal, en die feit dat daar so 'n geweldige agterstand bestaan wat ouer materiaal betref, sou dit oorweging verdien om 'n stelsel van samewerking te ontwerp waardeur sekere universiteite op bepaalde gebiede spesialiseer om te voorkom dat duur materiaal wat in die eerste plek nie as onderrigsmateriaal nie, maar as dokumentasiemateriaal van belang is, in verskillende inrigtings gedupliseer word. Sodanige materiaal behoort dan deur interbiblioteeklenings beskikbaar te wees. Om die leenverkeer te vergemaklik, behoort veel meer van mikro- en ander fotokopieë gebruik gemaak te word, sodat waardevolle stof nie aan verlies en beskadiging blootgestel word nie.

Ad (ii) Dit is 'n algemene ondervinding dat daar by die oprigting van biblioteekgeboue nie voldoende rekening gehou word met die verwagte toename van voorraad en die daarmee verbonde vermeerdering van personeel nie. Die Universiteite behoort in hulle finansiële beplanning met die oog hierop voorsiening te maak vir die vergroting van die biblioteek, minstens elke tien jaar. By 'n aantal van die biblioteke moes daar al jare gelede uitbreidings aangebou gewees het.

Ad (iii) Een van die resultate van die versuim van die Universiteite om voorsiening te maak vir die gereelde uitbreiding van personeel, is die ontstaan van agterstande ten opsigte van al die werksaamhede, 'n vertraging in die beskikbaarstelling van boeke en 'n algemene vermindering van doeltreffendheid. Dit het 'n verdere gevolg dat vooruitsigte van die personeel veel swakker

is as wat behoort te wees, wat moeilikhede by die rekrutering veroorsaak.

4. AANBEVELINGS

(a) Vorrade

Die Vereniging beveel aan:

- (i) Dat die Universiteite in staat gestel word om hulle biblioteektoelae reëlmatig te verhoog sodat dit met die lektuurbehoeftes wat deur uitbreiding geskep word, tred kan hou;
- (ii) dat die Universiteite in staat gestel word om hulle biblioteektoelae so te verhoog dat die uitwerking van die verhoogde koste van boeke en tydskrifte geneutraliseer word;
- (iii) dat spesiale fondse beskikbaar gestel word om die agterstand aan dokumentasiemateriaal in te haal;
- (iv) dat aan die Universiteite voorgestel word om 'n koöperatiewe aanskafbeleid wat dokumentasiemateriaal betref, uit te werk.

(b) Huisvesting en toerusting

Die Vereniging beveel aan:

- (i) dat die Universiteite wat tans 'n tekort aan biblioteekruimte het, in staat gestel word om nuwe geboue op te rig of bestaande geboue te vergroot;
- (ii) dat as langtermynbeleid daar by die ondersteuning van die Universiteite rekening gehou word met die noodsaaklikheid van gereelde vergroting van bestaande biblioteekgeboue met tussenposes van ongeveer tien jaar;
- (iii) dat die Universiteite veel meer as in die verlede by begroting rekening moet hou met die aankoop van tydbesparende instrumente, fotografiese apparaat en mikro-leesapparaat.

(c) Personeel

Die aanbevelings van die Vereniging in verband hiermee, val onder drie hoofde:

1. Grootte van ewewig van Personeel :

Aanbeveel word:

- i) dat die personeel van al die Universiteitsbiblioteke volgens omvang van werk en diens, vergroot word deur die instelling van nuwe poste;
- ii) dat die samestelling van die personeel van die verskillende biblioteke hersien word met die doel om te verseker dat
 - a) die Biblioteekkundige personeel groot genoeg is om die nodige beheers- en leidingfunksies uit te oefen en in geen geval uit minder as drie persone sal bestaan nie;
 - b) 'n gesonde getalsverhouding tussen professionele en klerklike personeel sal bestaan;
- iii) dat sub-professionele poste geleidelik omgeskep word in professionele poste na gelang die betrokke persone kwalifikasies verkry of vakatures met gekwalifiseerde persone gevul kan word;
- iv) dat sover moontlik vermy word om professionele assistente vir klerklike arbeid te gebruik, en dat daar toereikende klerklike personeel aangestel word.

- II. Status en Salaris van Personeel :

Aanbeveel word:

- i) dat 'n uniforme skema van klassering en gradering van personeel vir al die Universiteitsbiblioteke ingestel word;
- ii) dat die Universiteitsbiblioteek erken word as 'n akademiese departement van die Universiteit en dat sy personeel tot die akademiese personeel gereken word;

- iii) dat die biblioteekkundige en professionele personeel akademiese status sal hê en hulle salarisse in lyn gebring word met die van die akademiese personeel, en wel soos volg:

a) Biblioteekkundige personeel

Hoofbibliotekaris:	Status en salaris van professor;
Onderbibliotekaris:	Status en salaris van senior lektor;
Afdelingshoof:	Status en salaris van 'n lektor.

b) Professionele Assistentente

Status en salaris van 'n junior
lektor.

- iv) dat alle sub-professionele poste omgeskep word in professionele poste maar dat universiteite toegelaat word om persone in opleiding te dra teen sodanige poste teen laer salarisse met die verstandhouding dat professionele skale van toepassing word sodra die nodige kwalifikasies verkry is.
- v) dat die salarisse van die klerklike personeel gelyk gestel word met die ooreenstemmende betrekkings in die administratiewe kantore van die Universiteit.

III. Opleiding van Personeel

Dat voorsiening gemaak word vir die opleiding van biblioteekkundiges en professionele assistente deur:

- (i) die verdere uitbouing van die bestaande biblioteekkundige opleidingssentra;
- (ii) die stigting van nuwe sentra vir biblioteekkundige opleiding;
- (iii) die beskikbaarstelling van beurse aan geskikte persone vir opleiding in die biblioteekkunde.

Namens die Raad van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging:

P. Freer
E. Hartmann
P.C. Coetzee
H.C. van Rooy

AANHANGSEL A

ARBEIDSONTLEDING VAN DIE BIBLIOTEEK EN AANDUIDING VAN VEREISTE BEVOEGDHELE VAN DIE PERSONEEL

1 INLEIDING

Die werksaamhede wat deur die personeel van 'n biblioteek verrig word, kan in hoofsaak in die volgende kategorieë ingedeel word:

- (a) Bestuurswerksaamhede
- (b) Professionele werksaamhede
- (c) Klerklike werksaamhede

Die werk word oor die algemeen in die volgende afdelings ingedeel:

- (a) Aanskaf-afdeling (bestellings en aanwinste)
- (b) Katalogiseer-afdeling
- (c) Verkeers-afdeling (uitlending, naslaanwerk)
- (d) Administrasie-afdeling

In sommige biblioteke is daar 'n aparte afdeling, tydskrifte en ander periodieke, wat by ander inrigtings 'n onderdeel is, of van die Aanskaf-, of van die Katalogiseer-afdeling. By minstens twee van die Universiteitsbiblioteke is daar Binderye en by 'n derde 'n afdeling Fotografiese dienste. Laasgenoemde val nie binne die bestek van hierdie verslag nie.

Die Hoof- en Onderbibliotekaris behoort nie onder een van die departemente te ressorteer nie, maar is verantwoordelik vir die bestuursfunksies wat al die afdelings raak. Hierin moet hulle binne vasgestelde gebiede bygestaan word deur die Afdelingshoofde. By 'n biblioteek wat in die oorgangstadium van 'n klein- na 'n grootbedryf verkeer, is dit van groter belang om eers poste van Afdelingshoofde te skep voordat die Onderbibliotekarisskap gevul word.

Verder moet in gedagte gehou word dat alle klerklike werksaamhede nie slegs deur die Administrasie-afdeling verrig word nie. In al drie (of vier) ander afdelings is daar werk van klerklike aard soos uit die verdere ontleding sal blyk.

2 BESTUURSWERKSAAMHEDE (BIBLIOTEKARIS EN ONDERBIBLIOTEKARIS)

(i) Uitbouing van die voorraad

- (a) Kennis van belangrike geskrifte (boeke, tydskrifte, amptelike publikasies, verenigingspublikasies, ens.) oor alle onderwerpe, uit alle wêrelddele, en uit alle tye.
- (b) Gepaard hiermee, en tot aanvulling van pasgenoemde basiese kennis, 'n uitgebreide bibliografiese kennis:
 - 1. Bibliografieë en ander bronne van inligting oor oue en nuwe publikasies.
 - 2. Kennis van die boekhandel, vir antikwariese sowel as nuwe boeke, en kennis van die geldwaarde van antikwariese boeke en tydskrifte.
 - 3. Oordeelkundige kennis van die resensiewese.
 - 4. Kennis van indeks- en uittrekseldienste.

(ii) Voorbereiding van voorraad (klassifikasie en katalogisering)

- (a) Uitgebreide agtergrond van algemene kennis om hom in staat te stel om geskrifte oor enige denkbare onderwerp in sy juiste verband in te deel.
- (b) Uitgebreide biblioteek tegniese kennis en ervaring van klassifikasiesistelsels om te kan besluit oor die mees doeltreffende indeling. Dit sluit in die inwerkingstelling van die hele stelsel sowel as beslissings in afsonderlike gevalle.
- (c) Uitgebreide kennis van die samestelling van die katalogus, die sleutel tot die klassifikasiesistelsel. Weer: algemene beginsels sowel as ervaring van moeilike, afsonderlike gevalle.

(iii) Dokumentasiediens

Bibliografiese en naslaandiens aan doserende personeel, navorsers en die gewone studente; hulpverlening by die opspoor van materiaal, raad oor die mees doeltreffende lektuur vir bepaalde doeleindes. Dit vereis, behalwe die reeds genoemde hoedanighede, opvoedkundige insig in die doelwit en die werkmodes van die dosent, die navorser en die student.

(iv) Algemene beheer

Hieronder ressorteer 'n groot verskeidenheid van werksaamhede, o.a.:

- (a) Personeelbeheer: keuring van geskikte personeel; toesegging van pligte en toesig dat dit behoorlik uitgevoer word; saamstel van roosters.
- (b) Saamstel van regulasies vir die gebruik van die biblioteek en kontrole oor die uitvoering daarvan, o.a. met die oog daarop dat elkeen die volste gebruik kan geniet van die materiaal wat hy nodig het sonder hierdie materiaal te weerhou van ander wat dit nodig mag hê.
- (c) Bewerkstelling van samewerking met ander biblioteke op die gebiede van bv. die aankoop van duur boeke, abonnemente op duur tydskrifte, inter-biblioteeklenings, onderlinge hulp by naslaan- en inligtingsdiens.
- (d) Beheer oor die finansies van die biblioteek: begrotings, kontrole oor uitgawes; beslissing oor die verhouding tussen uitgawes vir personeel, boeke, tydskrifte, bindwerk, toerusting; en tussen die behoeftes van die graadstudent, die nagraadse student, die navorser, en die verskaffing van algemeen kulturele werke los van bepaalde kursusse; voorligting i. v. m. die berekening van departementele toelaes.
- (e) Beplanning. Kennis van die beginsels van argitektuur in die algemeen en biblioteekargitektuur in die besonder, met die oog op die moontlike ontwerp van nuwe geboue, uitbreiding van bestaande geboue, verbetering van toerusting, ens.
- (f) Doeltreffende beheer van die biblioteek veronderstel grondige kennis van die hele administrasiesstelsel van die universiteit (finansies, leerplanne, doseer-metodes, ens.) opdat die „hart" behoorlik sy werk vir die hele liggaam kan uitvoer. In hierdie verband veral is dit wenslik dat die bibliotekaris lid van die Senaat is en vergaderings van die fakulteitsrade bywoon.

(v) Publikasies en ruilverkeer

Dit is gebruikelik dat die bibliotekaris verantwoordelik is vir die reëling van ruilverkeer van universiteitspublikasies, en in baie gevalle dat hy ook diens doen as publikasie-beampte wat o.a. verant-

woordelik daarvoor is om die Jaarboek e.a. publikasies persklaarte maak. Dit vereis o.a. 'n goeie kennis en ervaring van drukkuns en proeflees.

(vi) Opleiding van personeel en studente

Die bibliotekaris moet paraat wees om enigeen van ondergenoemde te onderneem:

(a) Voorligting aan studente in die gebruik van die biblioteek,

1. Inleidende praatjies aan eerstejaarstudente
2. Meer gevorderde voorligting in die gebruik van bibliografiese apparaat en naslaanwerke vir gevorderde studente.
3. Saamstel van brosjures, lektuurlyste, ens. as aanvulling by 1 en 2.

(b) Daelikse toesig oor en leiding gee aan sy eie personeel.

(c) Klasse gee aan eie personeel wat studeer vir bibliotekeksamens.

(d) Kursusse in skoolbiblioteekkunde doseer vir studente vir onderwysdiplomas.

(e) Moontlike voltydse kursusse vir die opleiding van bibliotekarisse.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat aan die Bibliotekaris omvangryke eise gestel word. Hierdie eise is nie bloot van 'n administratiewe en tegniese aard nie, maar sluit ook 'n omvattende akademiese kennis in. Van hom word nie alleen geverg dat hy 'n organisierder is nie maar ook dat hy 'n opvoedkundige sal wees.

Wat die akademiese sy betref, word van hom verwag dat hy op hoogte moet bly met die jongste ontwikkelings, nie alleen op die gebied van algemene kennis nie, maar ook op die gebied van opvoedkunde, biblioteektegniek en bibliografie (bv. gebruik van prente, films en klankopnames by die onderrig; fotografiese reproduksie van dokumente, ens.). Om dit te doen saam met sy veelvuldige daaglikse pligte moet hy 'n aansienlike deel van sy vry tyd daaraan wy.

Hierdie eise geld die Hoofbibliotekaris in die eerste plek maar in 'n sekere mate ook die res van die biblioteekkundige personeel. Die Onderbibliotekaris behoort bevoegd te wees om die werksaamhede van die Hoof tydelik waar te neem, en enigeen van die Afdelingshoofde om sy (die Onderbibliotekaris) se pligte waar te neem.

3 BESONDERE PLIGTE VAN AFDELINGSHOOFDE

- a. In oorleg met die bibliotekaris die beleid van die afdeling en die praktiese uitvoering daarvan te beplan.
- b. Beheer oor die werkverdeling van die afdeling.
- c. Leiding aan assistente in die departement.
- d. Kontrolering van alle werk van assistente.
- e. Eiehandige behartiging van ingewikkelde gevalle (bv. boeke, tydskrifte, ens. met ingewikkelde titels of onderwerpe, groepouteurs, ens.)
- f. Hou van nodige rekords en statistieke vir die afdeling.
- g. Waarneming van 'n deel van die opleidingswerk van die Bibliotekaris.

4 WERKSAAMHEDE VAN AFSONDERLIKE AFDELINGS

(i) Aanskafafdeling

- a. Nagaan van plaaslike en oorsese boeklyste, boekaankondigings, katalogi, ens. van nuwe en antikwariese boeke en sirkulering daarvan by departementshoofde (akademiese).
- b. Vergelyking van items op bestellyste van departementshoofde met katalogus om duplikasie te voorkom, en met bibliografieë om gewens te kontroleer.
- c. Tik, ordening en versending van bestellings.
- d. Beheer oor alle rekords van bestellings.
- e. Ontvangs van boeke, uitsoek van kopieë van bestellingskaarte, afmerk van ontvangte items op fakture en voorbereiding vir katalogisering.
- f. Kennisgewing aan betrokke departementshoofde van ontvangte boeke.
- g. Inskrywing van nuwe boeke in aanwinsregister.
- h. Samestelling en rondstuur van lyste van aanwinste.

- i. Kontrolering van onuitgevoerde bestellings, vasstelling van welke items gekanselleer kan word en welke verder gesoek moet word.
- j. Keuring van geskenkboeke - uitskakeling van duplikate en die van onvoldoende waarde om in boekeskat op te neem.
- k. Die personeel van hierdie departement behoort bevoeg te wees om die bibliotekaris behulpsaam te wees met die opbou van die boeke-versameling deur stelselmatige vergelyking van die boeke van elke departement met bibliografieë en standaardlyste (check lists) om leemtes vas te stel, en deur antikwariese boeklyste noukeurig deur te gaan op soek na ontbrekende items.

(ii) Katalogiseerafdeling

- a. Katalogisering van nuwe boeke wat inhou die opstel van outeurs-, titel- en trefwoordkaarte.
- b. Klassifikasie van nuwe boeke.
- c. Verantwoordelikheid vir opbou van kruiskatalogus (dictionary catalogue).
- d. Verantwoordelikheid vir inventaris van boeke (shelf list).
- e. Bibliografiese navorsing, bv. om die gewenste vorm van outeurs-name, onderwerpshoofde, ens. vas te stel.
(a tot e eis almal noukeurige kennis en inagneming van voorgeskrewe reëls) en verwysings na bestaande opgawes om konsekwentheid te verseker).
- f. Klerklike assistent. Tik van alle kataloguskaarte. Vir elke boek moet van 3 tot 12 kaarte getik word. Gegewens moet uiters noukeurig en volgens vaste vorm, deur reëls neergelê, getik word.

(iii) Afdeling Periodieke

- a. Die ontvangs, aantekening op kaarte en bewaring van alle lopende tydskrifnommers, vervolgpublikasies en amptelike publikasies.
- b. Beheer oor alle rekords.
- c. Aanvraag van nommers nie deur uitgewers gelewer nie.

- d. Katalogisering van tydskrifte en opbou van katalogi vir tydskrifte en amptelike publikasies.
- e. Opbou van tydskrifteversameling en versameling van amptelike publikasies: vasstelling van ontbrekende dele en nommers, nagaan van antikwariese lyste om ontbrekende nommers op te spoor, ens., en ordening en bewaring van stelle.
- f. Voorbereiding, versending en terugontvang van boeke en tydskrifte na bindery gestuur, en hou van nodige rekords.

(iv) Verkeersafdeling

- a. Uitreiking en inskrywing en afstempeling van alle boeke wat aan dosente en studente uitgeleen word.
- b. Terugontvang van uitgeleende boeke en uitreik van kwitansiebrieffies.
- c. Skryf en uitstuur van aanmanings vir boeke wat te lank uitgehou is; opspoor van lesers wat die universiteit verlaat het met boeke in hulle besit.
- d. Bespreking van boeke; beheer oor boeke wat vir klaswerk voorgeskryf is.
- e. Dosente behulpsaam wees om boeke, ens. op die rakke te vind, of om dit vir hulle hulle uit die magasyn te haal.
- f. Behartiging van lektuurlyste wat van dosente en nagraadse studente ontvang word; opsoek in katalogus; vasstel wat in die biblioteek is; dit bymekaar maak en indien nodig, inskryf vir uitleening.
- g. Behulpsaam wees by die saamstel van lektuurlyste oor bepaalde onderwerpe: voorligting in die gebruik van bibliografiese werke.
- h. Hulp betoon by die gebruik van naslaanwerke om bepaalde inligting op te soek.
- i. Inter-biblioteeklenings:
 - 1. Aanvraag aan ander biblioteke van boeke, ens. wat nie in die biblioteek is nie; ontvangs van die boeke, terugsending daarvan, met alle nodige rekords.
 - 2. Uitstuur van boeke, ens. wat deur ander biblioteke aangevra word; terugsending daarvan, met alle nodige rekords.

(v) Administrasie

- a. Tik van alle korrespondensie; hantering van afrolmasjien, ens.
- b. Liassering van alle korrespondensie.
- c. Hantering van alle posstukke.
- d. Kontrolering van alle fakture vir boeke en tydskrifabonnemente.
- e. Boekhouding van alle uitgawes: analisering van alle fakture en aantekening van bedrae onder studiedepartemente.
- f. Bestelling, bewaring, uitreiking en algemene kontrole van skryfbehoeftes, en ander toerusting. Toesig oor onderhoud van gebou.

AANHANGSEL B

NORME VIR DIE UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK

Die Amerikaanse Biblioteekvereniging (A. L. A.) hou hom sedert jare besig met die formulering van „standaarde“ vir Universiteits- en ander biblioteke. In die volgende word met opset nie van die jongste van hierdie normformulerings gebruik gemaak nie. Die toestand van die Suid-Afrikaanse Universiteitsbiblioteek is vergelykbaar met die toestande in die V. S. A. net na die eerste wêreldoorlog (kyk ook aanhangsel C).

Vir die volgende tabelle is die norme ontleen aan die „Survey of Land-Grant Colleges and Universities“ (1930) en aan „Our College and University Libraries - a survey and a program“ van William Warner Bishop (in School and Society, 1920).

PERSONEEL

Hersgenoemde bron gee die volgende norm:

„The minimum requirement proposed, therefore, is 5 assistants for a college of 500 students, 10 assistants for 1,000 students, and 4 additional assistants for each additional 500“. (d. w. s. bo en behalwe die bibliotekaris).

VOORRAAD

Bishop stel die volgende norm:

„... the college library should have books in large measure - say a hundred or a hundred and fifty thousand books to each thousand students“.

Die volgende tabel toon hoe ver ons universiteitsbiblioteke te kort skiet:

Universiteit	Studentetal	Voorraad		Personeel	
		In besit	Volgens norm	Aanwesig	Volgens norm
Kaapstad	3,966	c. 272,000	c. 400,000	28	35
Witwatersrand	4,243	c. 220,000	c. 400,000	23	37
Pretoria	3,446	c. 150,000	c. 350,000	19	31
Stellenbosch	2,091	c. 110,000	c. 200,000	9	18
Natal	1,800	c. 50,000	c. 200,000	16	18
O. V. S.	1,080	c. 45,000	c. 100,000	5	11
Potchefstroom	809	c. 37,000	c. 100,000	6	10
Rhodes	780	c. 65,000	c. 100,000	7	7 - 8

Opm. In verskeie gevalle sluit getalle onder „personeel aanwesig”, tydelike poste (d. w. s. poste wat nie deur die Universiteit goedgekeur is nie) in.

Die norme is vatbaar vir kritiek, want om die blote studentetal as uitgangspunt te neem, hou geen rekening met 'n aantal belangrike faktore nie, o. a.:

- Die bestaan, aantal en omvang van takbiblioteke wat as aparte dienspunte 'n groter personeel verg as wat andersins nodig sou wees;
- na-uurse werksaamhede van die Universiteit wat langer diensure in die biblioteek meebring en dus meer assistente vereis;
- die ouderdom van die biblioteek en die snelheid van sy groeitempo. Waar die voorraad vinnig vermeerder is 'n aantal assistente buite verhouding met die studentetal nodig;
- besondere take wat die biblioteek onderneem waarvoor addisionele personeel nodig is;

- (e) die mate waarin na graadse werk gedoen word. By universiteite waar baie van die soort studie beoefen word, is die voorraad en die personeel vereis, groter as die in Universiteite wat weinig of niks in die rigting doen nie;
- (f) die getalle van personeel alleen is nie voldoende nie, die verhouding tussen personeelkategorieë moet aangedui word.

Die aandag moet daarop gevestig word dat die groeitempo van die Suid-Afrikaanse Universiteitsbiblioteke buitengewoon hoog is. Amerikaanse statistiek toon 'n verdubbeling van voorraad elke 16 jaar vir die groot Universiteitsbiblioteke (soos Yale) en 'n verdubbeling in 9 jaar vir die jongere inrigtings. In Suid-Afrika het ten minste een Universiteitsbiblioteek sy voorraad in tien jaar verdriedubbel.

AANHANGSEL C

DIE VOORBEELD VAN DIE VERENIGDE STATE

In sy artikel „Our College and University Libraries - a survey and a program" ('n voordrag uit 1919, herdruk in „The Backs of Books and other essays in Librarianship". Baltimore, 1926. pp. 202-225) gee William Warner Bishop 'n oorsig oor die slegte toestand van die Amerikaanse Universiteitsbiblioteke na die eerste wêreldoorlog en die nadelige invloed daarvan op die wetenskapsarbeid en doseeraktiwiteite. Die volgende sitate is van belang:

(a) Afwesigheid van tekste lei tot oorbeklemtoning van lesings en hand-boeke. „There is always the fight between the idea of the lecture plus textbook, and the notion of a first hand study of documents and evidence in print. Many of the men who lecture or quizz on a text do so because the other method is not possible without a competent equipment in the college library". Dosente aan ons Universiteite sal kan bevestig dat dit met die meeste van ons Universiteitsbiblioteke vandag die geval is.

(b) Ondoeltreffende geboue

„There are only some half-a-dozen college library buildings in the country which appear to have been consciously planned with a view to their use in instruction". In Suid-Afrika is daar tans nie meer as twee nie.

(c) Personeel

„I cannot name a college or University library in the United States today which is adequately manned to render such effective service as our hospitals or even our laboratories give". Geheelenal toepaslik op huidige Suid-Afrikaanse toestande.

(d) Navorsing

„Outside four or five centres, there are not half a dozen American libraries competent for research save in some very limited field". Wat Suid-Afrika betref is dit nouliks moontlik om een uit te sonder.

„The most vital need for American scholarship today, as I see it, is not the so-called endowment for research, but the provision of the materials for research in college and University libraries.

In fact, I question seriously whether there will long be such a thing as American Scholarship without a rapid and far-reaching increase of our means of research. Our really advanced and thorough scholarship has been largely 'made in Germany', or at least made in Europe". Dit behoeft geen betoog dat hierdie opmerking vandag op Suid-Afrika van toepassing is nie, behalwe dat ons, wat sommige vakke betref, eerder „made in the U. S. A." kon sê.

Die uitwerking van hierdie toestand is ook vandag in Suid-Afrika presies wat dit destyds in die V. S. A. was: „Now without the opportunity for research at home, you know full well the temptations that beset the scholar. How quickly the pressure of teaching, of executive and committee duties, the necessity of providing for a growing family in a day of high prices, force the man who might have advanced knowledge and made illustrious the college in which he resides, to abandon little by little those high aims with which he began his college teaching". Ook die Suid-Afrikaanse geleerde moet vandag sy navorsingsmateriaal in die buiteland gaan raadpleeg en word deur gebrek aan tyd en finansiële middele gedwing om sy voorgenoemde ondersoek te laat vaar.

Die Verenigde State het binne die bestek van twintig jaar die situasie geheel-en-al verander. Louis Rand Wilson verklaar in 1933: „... this disparity of resources is being equalized in favor of the American scholar who wishes to carry on his work on this side of the Atlantic. This change has been effected through the enormous increase in library holdings since 1900". (L. R. Wilson. „The service of libraries in promoting scholarship and research". *Library Quarterly* 3 : 127 - 145). Die uitwerking van hierdie verandering is duidelik sigbaar in prestasies van Amerikaanse geleerdes sedert die dertigerjare.

Bylae 2

PITT, S.A. Memorandum: Libraries in the Union of South Africa, Rhodesia and Kenya Colony. New York, Carnegie Corporation, 1929. p. 9 - 15; 22 - 24.

"UNIVERSITY AND COLLEGE LIBRARIES

There are four universities within the Union, namely, those of Cape Town, Stellenbosch, Johannesburg, and the University of South Africa, which comprises the following colleges:

Transvaal University College, Pretoria; Rhodes University College, Grahamstown; Natal University College, Pietermaritzburg; Grey University College, Bloemfontein; Huguenot University College, Wellington; University College, Potchefstroom.

We viewed the libraries at the first three universities and those at three of the colleges named...

University of Cape Town

Taking the libraries in the order shown in the table, that of Cape Town has the second largest stock and the highest annual expenditure. But in a statement signed by the chairman of the University Library Committee and the librarian, the following information is given respecting the library:

"To-day it possesses 45,000 volumes and several thousand blue-books, pamphlets, and other books ... and, in addition, it houses the books of the Royal Society of South Africa, some 12,000 in all, many of them of great value.

"In round figures, 2,000 persons have free access to the Library service...

"By special arrangement, staff and students have enjoyed the service of the South African Public Library in Cape Town; but the imminent removal of the University to the new buildings at Groote Schuur five miles away means a diminution in the effective use of these facilities and, in proportion, throws a heavier strain on the resources of the University Library.

"Since ... 1918, we have spent £2,000 annually on the purchase of books and periodicals and on binding. ... At present we are spending annually the interest on £17,000 on periodicals and their binding. By doing so we have built up, inter alia, the largest collection of Medical Periodicals in South Africa, and we are able constantly to lend volumes to various Universities, Colleges, Government Departments, and Mining Corporations as far north as Northern Rhodesia. ...

"At a moderate estimate, a sum of not less than £4,000 is required to fill up gaps in sets of periodicals to which we already subscribe. ..."

Appendices were supplied to show - (1) Periodicals which are not to be had in South Africa, and (2) Periodicals which are to be had in South Africa but which are not in the possession of Cape Town University, though much desired there. Continuing, the statement shows that £1,000 is required to supply deficiencies of the Department of English, and also that there are deficiencies in some 40 other departments of the library.

In closing it is stated that "at least £10,000 is required if the University is to discharge its proper functions as the largest University in South Africa, and one which draws its students from Cape Town to the Great Lakes. The University is prepared to contribute towards such a sum, or such other greater sum as the Carnegie Trust [Corporation] may be willing to grant, up to £5,000 on the £1 for £1 basis. ..."

In my view the library service is quite incapable of supplying the needs of its 1,800 students and the staff, but in the suite of buildings now in course of erection at Groote Schuur the premises for the library - which are to form an imposing and central feature of the scheme - accommodation for 250,000 volumes, with ample space for readers, is to be provided. This will allow for expansion in accordance with the views expressed above, but it is necessary to point out that, while allowance is made for very important additions to the stock of books and periodicals, strengthening of the trained staff is equally urgent. Proper classification and cataloguing of the books are already much in arrears, and the contemplated rapid growth and use of the library will inevitably throw extra burdens on a staff even now admittedly too small.

Stellenbosch University

As in the case of Cape Town, a statement has been received regarding Stellenbosch University Library which shows that the stock of books now

numbers 45,000, and the amount officially requested for the purchase of books and periodicals during the current year is £2,600.

Some 1,100 students are in attendance at the University, but there is little accommodation for reading on the premises; and under present conditions it will be difficult for students to carry on their studies in the library owing to the dispersal of the books. Many of these are distributed over class-rooms and though they are entered in the general card catalogue, such entries are according to departments in which the books are lodged.

The Library Committee desires complete reorganization of the library and has sent the librarian to study library methods and organization in the United States before undertaking the work necessary to bring this service into line with the best modern practice. Until the scheme of reorganization has made progress, it is impossible to arrive at satisfactory conclusions respecting the condition of the collections.

The system of book selection leaves much to be desired, and we urged the desirability of giving better status and greater responsibility to a well-qualified and trained librarian. That officer might then be relied upon to provide for the several faculties, in accordance with their needs, as fully as means would allow.

Co-operation with Cape Town University in the inter-loan of books and periodicals has taken place to a limited extent, but much more might be done in this way between the universities. What appears to be equally important is that students of the University and those attending the Elsenberg Experimental School of Agriculture (now amalgamated with the University Faculty of Agriculture) should enjoy the library facilities of both institutions. Under existing arrangements the special collection of 10,000 volumes at that school, of great interest to agriculturists, is for the use of the students at Elsenberg only. Neither students of agriculture at Stellenbosch nor members of the large farming community of the district are entitled to make use of this provision which is administered from Pretoria. Clearly more should be done by the authorities concerned to co-operate in making both collections as widely useful as possible. As an inducement to this end the expenditure of Corporation funds might offer valuable assistance in the promotion of a scheme which could be devised to secure this object.

University of the Witwatersrand, Johannesburg

Though the University of the Witwatersrand was established as recently as 1922 it has already attracted many students. The attendance

given in the "Report of the University Commission" is 1,403. Handsome buildings for its various faculties have been or are being erected on a commanding site on the north side of the city of Johannesburg. As yet, however, no provision has been made for a University library, which in the words of the principal "can hardly be said to exist". After viewing the small and hopelessly inadequate collections, scattered throughout lecture rooms, one must concur in this remark. One eminent professor showed us his meagre collection, largely his personal property, and volunteered the observation that all departments were similarly placed, adding that he carries on under very great difficulty. He further observed that work which, with the aid of a good library, would occupy a day costs weeks without it. Obviously the stricture in the "Report of the University Commission" applies here: "... Much too generally has it been the policy of institutions to erect imposing buildings but to neglect providing less obtrusive but far more important requisites for University work..." From the principal downwards the staff deplores the absence of a library. Apart from the loss of its important contribution to the attainment of a true university atmosphere, the lack of a library puts a serious strain upon the personal equipment of teachers, and places the students at a grave disadvantage.

At our final meeting in the University - with the Council - it was agreed that the appointment of a fully qualified and well-trained professional librarian should be made; that the acquisition of books must follow as speedily as possible; and that the provision of a suitable building for the library should receive the immediate attention of the Council.

Situated at the heart of the greatest industrial region of South Africa, and housed in adequate premises, it is confidently anticipated that a well-equipped University of the Witwatersrand would quickly take its rightful place among educational institutions in the Union.

University of South Africa

Of the colleges constituting the fourth university, only three of the six were visited. These were Huguenot University College (for women), Wellington; Transvaal University College, Pretoria; and Rhodes University College, Grahamstown.

Huguenot University College :

Only some hundred students are in attendance at Huguenot, and economic conditions which have prevailed for a considerable time sug-

gest the improbability of any considerable increase in this number. It must also be remembered that with the rapidly growing provision and greater attractions of the University of Cape Town, less than forty miles distant, the demands upon Huguenot College are unlikely to increase.

A small library has been provided for the use of students and staff at the College, and if this were brought up to date by an expenditure of about £500, it is felt that the ordinary requirements of the library would be met. Beyond such requirements it is suggested that by close co-operation between libraries of the six sister colleges, and by a system of exchange or inter-loan of books with Cape Town University, other needs would be fully satisfied.

Transvaal University College

The position with regard to Transvaal University College is substantially different. The College is attended by 800 to 900 students and membership is increasing. Situated at the centre of state administrative activity, special demands are made upon the staff and the resources of the College; and, as the largest of the six colleges constituting the University of South Africa, Transvaal University College may be regarded as the most important of the group.

The library, comprising 25,000 volumes, is housed in a building where all available accommodation is taxed to the limited. It therefore cannot continue to increase unless more room is provided. Current periodicals as received displace others which are stored unbound, and the growing congestion seriously hampers the usefulness of the library.

Rhodes University College

This college, which is attended by 400 to 450 students, possessed a library comprising some 16,000 volumes housed in a singlestory building formerly used as barracks. The accommodation for books can best be described as storage only, and there is neither a general reading room nor study rooms for students. Pursuit of knowledge here is certainly carried on under extreme difficulty, for the reader using one of the few tables placed between crowded bookcases is subject to much interruption by others searching the shelves. More suitable quarters is a prerequisite to satisfactory work.

At our meeting with the staff it was said that in the Department of Chemistry alone £3,000 would not provide all the periodicals desired, and that £1,000 is needed to supply those essential. Other departments were said to be equally lacking.

After closer examination of the library, its most notable gaps

were found in the Departments of Chemistry, Language and Literature (with emphasis on Dutch and French), and History, while there are important omissions from the bibliographical section. Stress was laid on the weakness in periodical literature, but this is a want so common to the universities in South Africa that further comment on the matter is made elsewhere.

Potchefstroom University College

A visit to Potchefstroom during our stay at Johannesburg was planned, but owing to infrequent train service and the many calls upon our limited time in that city, the proposed visit was cancelled and, instead, we were met by two representatives of Potchefstroom University College.

The number of students attending the College is now stated to be 250, which shows an increase of 63 over the figures given in the "Report of the University Commission", and it is claimed that there is a tendency to further increase. The library, however, is very small, comprising only some 4,000 volumes. How far the existence of the younger, virile, and rapidly growing University of the Witwatersrand may affect the development of this college it is not possible to say, but the proximity of the more fully equipped institution must have a direct bearing on developments here.

With its existing provision the College Library cannot do more than meet the more obvious needs of students, and a large amount of money would be required to make its collection reasonably representative. Having discussed the situation with the members of the College Council, when we suggested that they should continue to add to their library as far as possible the more urgently required books, we outlined proposals for a national library service and close co-operation between university libraries. They concurred, and on our part it seems to be the best and most economical solution of the problem.

The Grey and the Natal University Colleges at Bloemfontein and Pietermaritzburg respectively were not visited, nor did either send representatives to meet us, but the librarian of one and a member of the Library Committee of the other met us informally.

Both colleges are in towns where library provision is comparatively good. At Bloemfontein the Fichardt Public Library contains 28,281 volumes, housed in a centrally placed and fairly well equipped building. Until quite recently a member of the staff of Grey University College took a prominent part in the management of the library, and was helpful in

co-ordinating the efforts of the college library and the public library.

A somewhat similar state of affairs exists at Pietermaritzburg, where members of the staff of the Natal University College are very active members of the Natal Society (Public) Library.

The library of this society is public in much the same sense as other semimunicipal libraries, and it receives grants from the town Council in recognition of its service to the community. The library is also one of the four enjoying privileges under the Copyright Act of 1916.

The needs of the College Library were not fully discussed, but its position as far as indicated is similar in most respects to that of Grey University College...

UNIVERSITY AND COLLEGE LIBRARIES

It will be evident, from what has been said elsewhere, that library provision in the universities and colleges of South Africa is far from satisfactory.

As regards buildings, those existing or in prospect at Cape Town, Stellenbosch, Johannesburg and Wellington are, or promise to be, sufficient for their requirements; but inadequate accommodation at Pretoria and Grahamstown obviously hampers the work of these colleges. Buildings, however, not being one of the chief objects of our investigation, particular attention was not given to them.

In the matter of book supply, all are deficient in varying degrees. While the University of the Witwatersrand, practically without provision, is easily the most outstanding case of need, the accounts in Part I of this memorandum indicate the more or less serious condition of other libraries. It must be pointed out, however, that by a well-devised scheme of co-operation a great deal might be achieved without addition to existing supplies. In the aggregate, the libraries possess many special collections, a wide range of serial and periodical sets, and rare or valuable works which would suffice for most needs if a system of inter-loan were adopted.

Something has already been attempted in this direction. The universities of Cape Town and Stellenbosch have exchanged information respecting serials and periodical literature, and the South African Public Library has produced, in volume form, "A List of the Serial Publications Available for Consultation in the Libraries and Scientific Institutions of the Union of South Africa", which is a valuable preliminary to

the inter-loan of books. This is a promising beginning, but much more of a similar nature might be done to make known to those interested the resources collectively available. Until this has been done, students, teachers and research workers, believing that the libraries in the Union do not possess what they need, will continue to refer to libraries in Europe or America for what might be obtained at home, and lose much time in doing so. Further, much money may be needlessly spent in purchasing works which have already been provided in sufficient number to meet the needs of South Africa.

